
TYDSKRIF
VIR
LETTERKUNDE

XXVI:3 AUGUSTUS 1988



André P Brink, P C Haarhoff,
J C Steyn




Gedigte van
Lina Spies, Joan Hambidge,
Johann Lodewyk Marais,
S V Petersen



Verhale deur
Margaret Bakkes, P H Roodt,
Gert Basson

ISSN 0041-476 X



Digitized by the Internet Archive
in 2017 with funding from
University of Pretoria, Library Services

TYDSKRIF VIR LETTERKUNDE

Elize Botha
(Redaktrise)

Elsa Nolte P.H. Roodt N.J. Snyman
(Redaksionele medewerkers)

Skakelredaksie: J.J. Brits W.A. de Klerk André Demedts Joan Lötter
Koos Meij Eben Meiring P.J. Nienaber H.J. Pieterse (Unisa)
Z.J. Pretorius Rika Cilliers Mary-Ann van Rensburg M.M. Walters

REDAKSIE-ADRES EN ADMINISTRATIEWE ADRES:

(Vir bydraes, intekening en sirkulasie)

TYDSKRIF VIR LETTERKUNDE, Posbus 1758, PRETORIA

INTEKENGELD:

R10 per jaar. Los nommers: R2,50 per eksemplaar.

L.W.: Skole word versoek om direk by die bogenoemde adres in te teken.

Die publikasie van hierdie tydskrif word moontlik gemaak deur 'n jaarlikse skenking van

DIE DEPARTEMENT ONDERWYS EN KULTUUR (VOLKSRAAD)

en van

DIE AFRIKAANSE PERSFONDS

aan die Afrikaanse Skrywerskring wie se amptelike orgaan dit is.

Menings wat deur medewerkers uitgespreek word, is nie noodwendig ook menings van die redaksie of van die Afrikaanse Skrywerskring nie.

ISSN 0041-476X

Inhoud

Lina Spies	Blydskap 1
Margaret Bakkes	Psalm 8 1
Fernel R. Abrahams	Francien se verlore paradys 3
André P. Brink	Op soek na Henk Haringa 7
S.V. Petersen	Gedigte 12
P.H. Roodt	Die jokkie, die idioot en die edelman 14
Jade Lee	Laaste dag 25
Gert Basson	Lekker straat 26
Andries Nolte	Die holgetrapte pad 27
Pieter Pretorius	Papparazzi 33
Johann Lodewyk Marais	Die groot trek 34
Ulrich Gerryts	Die klop 38
M.F. Titus	Die Dood 40
P.C. Haarhoff	Die laaste maal 41
Tom Gouws	Gedigte 42,
André Letoit	Toeligtend op <i>Sy kom met die sekelmaan</i> van Hettie Smit 45
Joan Hambidge	Stellenbosch 47
J.C. Steyn	Oor eie werk 48
Anna-Marie Bisschoff	Gedigte 52,
Annemarié van Niekerk	Afrikaans in die een-en-twintigste eeu 54
Johan Myburgh, Annemarié van Niekerk, Vasudhevan Reddy, Mercia Schoeman, Jan van Wyk, Ian F. Voges, Hans Moolman, Marthinus P. Beukes	Vyf verse 59
Literêr-aktueel	Aantekeninge oor 'n swerfrefrein 61
Nuwe Afrikaanse Boeke: Januarie – Maart 1988 101	Interpreteerbaarheid van <i>Die verlore vader</i> van J.C. Steyn 67
Voorgeskrewe boeke vir Matriek 104	Realiteit en ontvlugting in Jeanne Goosen se "Karoo" 74
	Gedigte 80
	W.A. Hofmeyr-prys aan Ernst van Heerden M.E.R.-prys aan Jenny Seed Gustav Prellerprys aan J.C. Kannemeyer Eugène Maraisprys aan P.C. Haarhof CNA-prys vir Letterkunde 92

Lina Spies

Blydskap

Dis so helder en so herfs
dat al my gisters *hier* is en *vandag*.
'n Koperbasuin het my gestorwenes gewek:
geliefde papies wat die donkerte verwyf
om die nuwe aarde te beërf met vlinderslag.
Dae is om, eeue is verby:
daar's niks waarop ek wag —
alles is sigbaar en sonant.
Van horison tot horison
tril die diepgestemde tortels
'n boog van hulle sopraanste note.
Dronk van die oorhoofse vreugde,
van te ver sien begoël,
soek ek iets naders vir my oog:
Dié plaat doodgewone duiwe
onder die boom van lig,
leiklipblou en pers en pienk
maar met die bovlerke effentjies geroes
— perfek vir die seisoen —
na hulle sal ek kyk;
nie heldersierende,
net 'n verrukte mens wat weet:
geen vere maak vandag 'n mooier voël.

Psalm 8

O, Here God, u Naam is groot op aarde!
U hemelruim strek tot die verste einders:
waar menseoë geen stippel meer gewaar,
daar straal en skyn nog steeds u majesteit.

Na U die God so hoog bo ons verhewe
styg daar 'n lied, 'n koor van kinderstemme:
dit word 'n vesting in u groot heelal;
u vyand swyg en al u haters val.

As ek my oog rig op die maan en sterre,
weet ek, o Heer, hul dra u vingermerke:
hul skryf u Naam so helder in hul gang;
hoe klein voor U die mens, hoe sonder rang.

Hoe is dit dan dat U tog na ons omsien,
die brose mens omstraal met u nabyheid?
U maak ons sterk, U kroon ons met u glans:
ons is van U en word deur U omskans.

U stel ons aan oor al u werke, Here,
oor diere volgsaam, diensbaar en geduldig,
en dié wat fier en fors, deur U gevoed,
in bos en veld speel voor u aangesig.

Oor áls wat vry en selfs verborge lewe
laat U ons heers, Heer, volgens u bevel:
die voëls wat ons so slank en snel oorsweef,
die speelse vis, die reuse van die see.

O, Here God, u Naam is groot op aarde!
U hemelruim strek tot die verste eindere:
waar menseoë geen stippel meer gewaar,
daar straal en skyn nog steeds u majesteit.

Margaret Bakkes

Francien se verlore paradys

Ons klim in die reën op die stasie af. Ons bagasie is min, sodat ons besluit om die adres te voet te soek. Dit is tog elke keer spannend: die aankoms in 'n vreemde stad, kennismaking met vreemde mense-vriende van vriende wat ons gasvry ontvang.

Nou weer. In Dordrecht sou ons by Klaas en Francien tuisgaan. En van Klaas en Francien het ons niks meer geweet as dat hy arts is nie.

Die eerste dwarsstraat uit Stationstraat is die regte straat. Singel 234, moet ons by wees. Die huis is 'n ou, hoë huis wat sy aan sy staan met ander ou, hoë huise, wat sekerlik vroeër oor 'n kanaal uitgekyk het. Duidelik uit 'n vorige eeu. Ons lui die klokkie, merk 'n vlugtige beweging by 'n venster en die groot houtdeur swaai oop. Die man in die deur is iemand van ons jare, met sagte, vriendelike bruin oë.

“Baie welkom. Kom direk binne uit die reën uit. Wat rotweer het ons tog.” Uit die voorportaal, met 'n paar trappe op, beduie hy ons om die groot woonkamer, met vensters op die straat, binne te gaan. Daar is niemand in die ruim kamer nie. Ek neem dit met een oogopslag in. Hier sal ons kan tuis voel — platespeler, baie boeke, gemaklike swart leerbanke en -stoele, mooi matte. In die eetgedeelte 'n ronde tafel met stoele en in die hoek 'n vleuelklavier met 'n viool op. Uit die eetgedeelte is daar wye dubbeldeure wat op 'n glasveranda of serre uitloop. Dan sien ek haar in die deur wat aan die sykant van die vertrek uitloop. Sy tree geluidloos na vore. Ek sien die skraal liggaam, die los, warrige hare, rooibruin, maar effens aan die vergrys en los op haar kop gestawel. Ek sien vingers wat effe senuweeagtig aan haar los, wasige rok pluk, dit platstryk; skraal, bruin, mooi voete in plat sandale. Dan kyk ek in haar oë. Sien dat sy versluiser na ons kyk, waaksaam, asof sy ons weeg.

“Kom, Fran, ons gaste.”

Klaas se gebaar is wyd en warm en sy tree vorentoe. Haar hand in myne is dun en klein, soos die van 'n kind.

“Welkom. Vriende van Corrie en Eric is ook ons vriende.” Haar stem is net so waaksaam as haar oë, sonder die warmte wat van Klaas uitstraal. Sy staan half vertwyfeld, wagterend op Klaas se regie.

“Tert, Koffie? Francien het heerlike tert van vars pruime gemaak. Ek het net genoeg tyd om saam met julle te drink voordat ek ondertoe na die spreekkamer toe moet gaan. Maar sit solank. Francien het alles gereed.” Sy verdwyn weer skimagtig en ons begin ongemaklik gesprek voer.

“Julle moes geskakel het van die stasie af.”

“Ag, dis 'n hanetreetjie en ons bagasie is lig. Die grootste gepak lê in Nijkerk by ons vriende die Houtmans. Ons haal dit teen die end van die reis

weer daar af. 'n Mens is geneig om te swaar te reis."

"Mens reis altyd te swaar."

"Altyd ja."

Francien kom met die dienblad binne en sit dit op die tafel neer. Sy sny die tert en skink koffie. Steeds sonder om iets te sê.

"Heerlik, die tert."

"Ek gebruik altyd vars vrugte. Ek is versot op vars vrugte."

Sy sê die gewone woorde met 'n vreemde intensiteit, sodat vars vrugte ineen vir my iets kosbaars en besonders skyn te wees.

Na die koffie wys sy ons boontoe en Klaas gaan na sy praktyk in die kelder-verdieping. Ons stap met 'n smal, steil stel trappe op.

"Hier is die badkamer en die toilet. Hier is ook ons slaapkamer, 'n skryfkamer en die televisie. Julle moet jul oral tuis maak."

Sy stap 'n verdere stel trappe op, nog smaller en steiler.

"Hier bo het die seuns gebly. Ons het vier kinders. Maar nou is almal weg."

Sy maak 'n deur oop en ons staan in 'n dakkamer. Dis spierwit en lig — dekens, gordyne, meubels.

"Dis pragtig, Francien."

"Dankie. Sal dit julle pas?"

"Natuurlik. Dis wonderlik. En die uitsig!"

Ek kyk af. Onder is die nat, groen hof aan die agterkant van die huis. 'n slank, witgestamde beuk reik tot byna aan die venster.

"Maak julle tuis. Ons eet om halfen as Klaas van die siekehuis kom."

Ons leer gou dat die dae in Klaas en Francien se lewe afgebaken is. Ons pas ons daarby aan. Klaas bly die joviale gasheer, vol planne vir ons verblyf in Dordrecht. Francien bly geslote, maar vreemd bekoorlik, asof sy in 'n ander wêreld hoort. In die huis heers 'n ouwêreldse hoflikheid en gedempte swier wat ons verblyf iets heel besonders maak. Ons dwaal deur Dordrecht, soek en vind ons verlede. Het Hof en die Statenzaal waar die Staten Vergadering van die Prins van Oranje en die twaalf Hollandse lande plaasgevind het en 'n selfstandige Noordnederlandse staat tot stand gekom het waaruit ook ons uiteindelik ontstaan het; die gerestoureerde Grote Kerk waar die vroue van die gemeente eiehandig besig is om die gesnede koorbanke af te skuur en te olie — kon net sowel vroue in óns land en in óns gemeente gewees het.

As ons tuis aankom hoor ons soms, voor ons die bel lui, die klanke van 'n viool. By 'n keurig gedekte tafel sit ons aan voor 'n keurig bereide maal. Voordat hy aansit om te eet, soen Klaas sy vrou, 'n dankgebaar vir die maaltyd deur haar hand berei.

Gedurende die eerste dae bly Francien steeds geslote en praat selde. Soggens neem sy die twee honde Volya en Toffie aan hul leibande en stap met hulle deur die stiller strate van die dorp. Smiddae laat, laai Klaas haar en die honde in die motor en ry met hulle na die Biesbosch vir oefening.

Ek begin in die kombuis handgee, probeer gesels, kontak soek.

"Die viool, Francien, bespeel jy dit al lank?"

“Vyf-en-twintig jaar al.”

“En tree jy soms op?”

“Nee. Ek speel bloot vir myself, omdat ek graag wil, van my vroegste jare af graag wou en vir ’n lang tyd nie kon nie. ’n Mens dwing jousef nooit op ander af nie. Veral nie as jy seer middelmatig is nie.”

Dit was die langste gesprek wat sy nog met my gevoer het.

“Oefen jy baie?”

“Tot vyf uur per dag, as ek alleen is.”

“En dit by al jou ander werk? Huishou, spreekkamer, die hof agter, die honde?”

“Ja. Hoe besiger ’n mens is, hoe beter verwerk jy die lewe en wat dit jou kan aandoen.”

Ons ry op ’n middag deur Bergen-op-Zoom en besoek die Markiese-hof. ’n Verbygegane wêreld, versinnebeeld in ’n Middeleeuse gebou, gryp ons verbeelding aan. Ons ry verder, oor die Belgiese grens na Kalmthout. In ’n stil bos staan ’n Markiesehof in die kleine.

“My en Francien se eie stukkie Middeleeue, ons uitvlug,” beduie Klaas met kinderlike geesdrif.

Ons stap deur die klam, mosgroen tuin, met ’n trap op na ’n uitkyktorinkie.

“Hier kan Francien ongestoord viool speel, selfs as die kinders hier is.”

Binne maak Klaas ’n vuur in die oop herd. Ou meubels glim in die vlamlig.

Ons luister na Chopin en na Brahms en na Asnavour en na Patachou en ons drink Franse wyn. In die vuurlik dans ons met mekaar en ineens is alle skanse afgebreek. Ons voel na aan mekaar soos mense wat mekaar ’n leeftyd ken. In die nanag ry ons terug Dordrecht toe.

Teenoor my begin Francien oper raak en ek vermoed ’n onpeilbare diepte van gees. Ek veroorloof my al hoe meer vrae.

“Waar is jy gebore, Francien?”

Die antwoord verras.

“Indonesië. Midde-Java.”

Sy sê dit kortaf asof sy nie verder daarvoor wil praat nie.

Aan tafel haal ek dit weer op. Ek sien dat Klaas vinnig na Francien kyk en dan na my.

“Francien praat nie graag daarvoor nie. Dis in die verlede.”

Ek voel effens verleë, asof ek my voorreg as gas misbruik het. Ek merk dat Francien effens afwesig voor haar kyk, heeltemal vergeet om te eet. Dan praat sy.

“Cheribon.” Dit klink soos musiek. “Cheribon. Ek is in die stad Cheribon gebore, aan die See van Java.”

“Francien, jy hoef nie.”

“Maar ek wil. Waarom mag ek nie? Ek raak tog nie meer daarvoor ontstel en ongelukkig nie. Miskien sal dit goed wees om ’n slag werklik met mense daarvoor te praat. Na al die jare selfs. Hier wou niemand ooit luister nie. Hulle het dit altyd doodgepraat as ek wou vertel van Java en van Tjarewai en van

Linggadjati. Of van die oorlog en van die kampe."

"Francien." Daar is 'n toon van waarskuwing in Klaas se stem.

"Nee, laat my praat, Klaas." Daar is 'n heftigheid in haar wat ek in al die dae van ons besoek beswaarlik vermoed het. Ek is ineens bevrees dat ek iets ontketen het wat liever versluier moes gebly het.

Sy begin praat, dromerig, asof sy met haarself praat, asof ons glad nie in die vertrek is nie.

"Ons was gelukkig daar, in Cheribon, by die blou Javasee. Ons groot huis, Moermi, wat reeds as vierjarige in die huis van my grootvader gekom het en tot die end toe getrou was. Ek onthou die ryslande, die suikerriet, Kambodjabome vol roomwitte of rose blomtrosse; die geur van gekruide geregte, van wierook en blomme en die eentonige gesange van die Mohammedaanse vroue in die huis.

"In die somer het ons verhuis na Langgadjati in die berge, waar dit koel was, met swaargroen bome en wit huisies tussen-in. Hoe goed onthou ek die oue weg, deur die groene plantewal aan weerskante, langs 'n diep kom met donker, glimmende water, verby Europese huise met blomtuine, verby kampongs onder palms en agter bamboesbosse.

"Kersvakansies het ons soms daar gevier. Ons het bergwandeling onderneem en geswem in die glansende water van 'n diep poel onder varings. Hoe mooi was ons eiland nie; die donker berge, geel vlaktes, diepgroen sawahs, bruin riviere. En die plante! Die Indiese jasmynboom en die mispelboom en die Cacauboom. Die heerlikste vrugte het daar gegroei: pampelmoes en ananas en guajaves en watermeloen."

"Francien, dis nou genoeg."

Sy hoor Klaas nie.

"Waarom verloor jy jou hart aan 'n plek? Omdat jy daar gelukkig is. So was ons daar, sodat daar nooit sprake was dat ons na Nederland sou terugkeer nie. Ek was immers reeds vyfde geslag. En in Desember 1941, met Pearl Harbour, was die droom aan skerwe, alles uit ons hande. Ek was maar twaalf. Hulle het ons huise verinneweer, die Japannese, wat ons paradys beset het. Hulle het ons van ons vader geskei. Eers het hulle ons in die mannegevangenis in Cheribon laat bly. Later is ons na Bandoengan. My moeder was sewe-en-dertig jaar en binne dae het haar hare asgrys geword. My vader het ons nooit weer gesien nie.

"Ons was vir vier jaar in die kamp. Geen skool, geen boeke, geen voldoende voedsel. 'n Diep gat uit ons lewe. Ek wonder soms wat die ergste was: die skamel kos in die ongewaste, suur batoks, halwe klapperdoppe waarin die papegekookte waterrys en harde suurgeworde maiz aan ons gegee is; of die wandluise of die buikloop en die swakheid; of die gebrek aan waswater en enige vorm van higiëne. Dank die Here dat die vrouens en dogters in die kampe ophou menstrueer het. Die heel ergste was miskien die vrees en die verveling."

"Asseblief, Fran!"

“En met die bevryding was die ellend nog alles behalwe oor. In Kamp sewe by Ambarawa moes ons wag en wag en wag om na Holland terug te keer. Want dit was al tuiste wat ons uiteindelik oorhad.”

Sy lag.

“En hier wou niemand na jou luister nie. Niemand wou hoor van jou marteling en jou verlies en jou vernedering en verlatenheid nie. As jy probeer vertel het, het hulle jou probeer troef met die honger winter wat hulle moes deurmaak. Ek het gou geleer om nie te praat nie, niks te vertel nie. Niemand het werklik belang gestel nie. Ek sou stilbly en inhaal. En ek het! Ek het kuns gestudeer en met Klaas getrou en vier kinders gehad en grootgemaak. Ek het ’n huis en ’n klein markiesehof in ’n betowerde bos en ek speel viool en ek het vir Volya en vir Toffie. Alles ingehaal en vier verlore jare en ’n verlore paradys maak nie meer saak nie! Ek het ingehaal!”

Sy staan op en stap deur na die kombuis. Ons eet ’n maaltyd wat soos strooi in ons monde word.

Die stilte word te veel. Ek staan op, stap agter haar aan. Francien staan voor die opwasbak en die warm kraan loop en loop. Ek kyk na haar, sien dat sy van niks om haar bewus is nie. Haar gesig is wasbleek en haar oë strak en leeg. En die kraan bly loop in stomende woede.

Ek vang haar as sy teen my inmekaar sak.

Op soek na Henk Haringa

In die voorstedelike huis in Aucklandpark het hy grootgeword, met in sy vesel die somberheid van sy ma se weduweeskap. Hy het sy pa oral gesoek. In sy vriendskap met die ou-ou Engelsman op die hoek; in sy aanhanklikheid aan sy broer wat twaalf jaar ouer as hy was en wat goed rugby kon speel. Hy het geleer om nie te huil as sy broer hom teen die grond vasduik om hom met rugby vertrouwd te maak nie. Want as hy huil, het sy broer hom daelank geïgnoreer. En dit was erger as die seer van grasbrand teen sy kaal bene.

Later was hy dankbaar. Later was hy taai genoeg om sy man te staan teen die skollies van Fietas wat soos vrot velle uit die bome langs die strate geval het en hom bloedneus probeer slaan het.

Behalwe sy ma en sy broer was daar ook sy suster in die huis. Soggens as hy wakker word, het hy haar hoor oefen — toonlere en die Hongaarse Rapsodie en musiek van Chopin. Sodat klassieke musiek hom sy lewelank bedruk gestem het; hom terugverplaas het in die huis in Aucklandpark waar sy pa nooit te vinde was nie. Waar hulle anders was as die volledige gesinne van Kosie Grové en Boetie Brits en Viktor Meerkotter. Smiddags het sy suster by haar boeke gesit. Want sy wou universiteit toe en vir ’n broertjie agt jaar jonger as sy had sy nie veel genade nie.

lets van sy pa het hy tog gevind. Daar was 'n rak met boeke en hy het gou gesien dat die boeke oor die geskiedenis van sy land gaan. Daar was selfs Nederlandse boeke. Van Penning, oor die oorlog.

In die skool het hulle op 'n dag gevra of daar nie iemand was wat aan 'n Nederlandse penmaat wou skryf nie. Die onderwyser het 'n lys name en adresse beskikbaar gehad.

Penning se boeke het die deurslag gegee. As hy Penning se boeke kon lees, kon hy net sowel die Nederlander se briewe lees. En so het Henk Haringa in sy lewe gekom. Sy ma was in haar skik met die korrespondensie.

"So leer 'n mens iets van die wêreld en hoe ander mense leef. Kyk hoe netjies skryf die kind. As ek na jou skrif kyk."

Henk Haringa se briewe was vir hom telkens 'n venster op 'n vreemde wêreld. Hy het die name op sy tong geproe. Tjerkgaast. Daar het Henk met sy ma en sy pa en sy broers gewoon. Tjerkgaast, naby die klein stadjie Sloten in die provinsie Friesland.

Henk het geskryf van polders en van kanale, van bootvaarte oor die lengte en breedte van Friesland, met sy pa saam. Hy het geskryf van die Slotemeer en die Tjeukemeer en die Koevoordermeer waarop hulle in die winter skaats. Hy en sy broers en sy pa. Hy het geskryf van die Elf-stedetogte — per seilboot, per fiets en met skaatse. Henk het foto's gestuur: van homself — 'n skraal, vaal kind met ligte, reguit hare; van 'n seilboot, vasgemeer aan 'n kaai, van weilande met swart en wit Friesbeeste en in die agtergrond 'n hoewe met lae mure en 'n hoë dak; van 'n windmeul wat met reuse wieke teen 'n swaar lug staan. En daar was ook 'n foto van sy pa; 'n verweerde skraal man met 'n strak gesig. Hy het lank na die foto van Henk se pa gekyk. Henk se wêreld het vir hom 'n dwingende bekoring begin kry. Eendag, eendag, sou hy soontoe gaan. Hy sou vir Henk gaan soek, sodat die hom alles kon wys. Miskien sou Henk se pa nog lewe. Hy sou saam met Henk en sy pa op hulle seilboot deur die kanale van Friesland vaar.

Vir sy ma was Henk se briewe eweneens interessant. Sy het hulle getrou gelees en net so getrou sy briewe aan Henk nagelees, hom laat oorskryf as dit nie na haar sin was nie.

"Aan sy skrif kan jy sien dat hulle nie sommer sulke mense is nie, my kind. Ons moet ons beste aan hulle toon, sodat hulle kan sien dat ons hier in die verre suidpunt nie veragter het nie."

Kort voor sy vyftiende verjaardag het die oorlog uitbreek. Hy was verbitter. Te jonk was hy, te jonk om soldaat te word. Want dit wou hy die graagste. Vandat hy sy pa se boeke begin lees het, wou hy dit word: soldaat vir die vaderland. Maar al was hy nie te jonk nie — saam met die Engelse sou hy nimmer veg nie.

Hy het sy eie oorlog begin veg. Hy en sy skoolmaats het vuriglik met hom saamgestem dat geen Boerseun 'n rooi lus op sy skouer dra nie.

En Henk Haringa het op die agtergrond geskuif. Henk se briewe het minder geword en uiteindelik heeltemal opgedroog. Henk en sy wêreld het name in

'n bloedige oorlog geword: Arnhem, Rotterdam, Maastricht. Die werklikheid was nou vir hom geheime sendings en opdragte: bittere antagonisme teen die wat rooi lussies gedra het; 'n brandende idealisme vir 'n eie republiek.

Eers in 1947, na die oorlog, het daar weer 'n brief van Henk Haringa gekom. Dit is deur die Rooi Kruis aangestuur en hy het dit met intense belangstelling gelees.

Die oorlog was oor, het Henk geskryf, byna drie jaar al, maar hulle het menige dae die versugting uitgespreek: bevry ons van ons bevryders. En hyself — hy het op die punt gestaan om as soldaat na Indonesië te vertrek. Om iets daar vir Nederland te probeer red.

Hy het die brief met vreemde gewaarwordinge gelees. Henk word wat hy brandend wou word — soldaat. Soldaat vir die Vaderland. Maar hy het nooit weer van Henk gehoor nie. Sy briewe het onbeantwoord gebly. En hy het geglo dat Henk die ultieme bereik het. Henk het sekerlik in die verre Indonesië die hoogste tol betaal in belang van die Vaderland. Sou Henk se pa nog leef?

Hy het self getrou, later, 'n beroep as geskiedskrywer beoefen, kinders verwek en vir hulle 'n goeie pa probeer wees, soos hý 'n pa sou wou gehad het. Eindelik afgetree, met dié droom steeds helder: om die verre land waarvan hy jare gelede in 'n kind se briewe gelees het, te leer ken. Om vir Henk Haringa self te gaan soek. Homself dalk te ontdek? In dié Henk wat had wat hy nooit had nie? Henk met die netjiese skrif, wat oorlog ervaar het, soldaat geword het, sonder bedreiging van sy eie taal en identiteit as Fries kon handhaaf. Henk wat 'n pa gehad het.

Hy het vir sy vrou probeer beduie toe hy vir die reis begin beplan het.

“Ek wil die plek gaan besoek wat 'n lewelank deel van 'n droom was, name in 'n onbekende land van inbeelding. En ek wil vir Henk Haringa gaan soek.”

“As hy nog lewe,” het sy vrou effe sinies opgemerk.

“Al is hy ter siele — ek wil hom gaan soek. Ek wil in enige geval al lankal dié land sien.”

Hul swerftog deur Friesland het begin. 'n Reis van dorpie na dorpie, per bus, per trein, per boot. 'n Wondermooie, eenselwige landelike landskap het groen en blou en wit en swart op hul retinas ingebrand: Henk Haringa se foto's in kleur. Wit en swart Friesbeeste teen 'n groen soos hulle nog nooit voorheen gesien het nie; helderblou lug wat eenklaps grou word, swaar van reën; hurkende hoewes met wit kant teen blinde vensters. Vreemde name en 'n vreemde taal het onverstaanbaar op hul ore geklink. Dit het die bekoring verskerp.

Van Leeuwarden na Dokkum; van Dokkum na Metslawier en Morra en Oostmahon, na Lauersmeer en oor die Waddensee na Schiermonnikoog waar die Gryse Monnike in die oertyd van die Christendom hul klooster gebou het. In die grys reën het hul met fietse oor die eiland gery en by hoe-

wes bly staan en gewonder oor die afgesonderde lewes van die boer en sy familie in die lang winters as die lewe 'n klein, ingesneeude eiland word. Die kort treintjie het hulle by Workum aan die rand van die dorpie uitgespoeg. Van hier sou die soektog na Henk Haringa koers kry. In Workum vind hulle 'n enkele herberg. Hulle kry 'n kamer bo in die dak van waar hulle kon afkyk op die kanaal en op die optrekbrug.

Van die hospita het hulle 'n telefoongids gekry en hy het al die Haringas in die omgewing begin naslaan — die in Stavoren en die in Sneek; die in Bolsward en die in Balk; die in Lemmer en die in Langweer. En uiteindelik het 'n verlangse neef huiwerig meegedeel; maar Henk Haringa is dood, sover hy weet, jare al. Stuurman was hy en hy het verdrink in die kanaal een nag. Nie soldaat nie? Nee, nie sover sy kennis strek nie.

Sy vrou was verlig.

“Nou sal jou siel seker rus en kan ons in vrede ons tog deur Friesland voort-sit.”

Die volgende oggend ligdag het sy hom met die kaart en die busrooster aangefref.

“Ons haal vandag die bus Tjerkgaast toe.”

“Ag nou waarvoor? Jy weet tog hy's dood. Jy sal Henk Haringa nie meer vind nie. En kyk hoe lyk die weer.”

“Almiskie. Maar ek gaan.”

Dit was 'n dag van somber wolke, reënvlae en loeiende wind oor polders en oor mere en deur hoë berke en beuke. Die bus het eindeloos deur vlak land geslinger, van dorpie na dorpie, met smal binneweë langs. Van Workum na Koudum, van Koudum na Balk, van Balk na Sloten en uiteindelik na Tjerkgaast.

Hulle het afgeklim nadat hulle vasgestel het dat die bus hulle oor twee uur weer sou ophaal. Die wind het stormsterkte geloei. Op Tjerkgaast was geen skuiling nie, nêrens om 'n koppie warm koffie te koop nie, nie eens 'n buurtwinkel nie. Slegs enkele huise aan die enkele weg en twee-drie hurkende kop-halshoewes het die verlatenheid opgehef. En die kerk. Hoog en massief en somber het die kerk op die hoërliggende terp tussen ou-ou grafte onder die swiepende bome gestaan. Die reën het teen hulle aangeslaan. Hulle het graf vir graf bekyk, name probeer ontsyfer op verweerde stene. Hellinga en Hamersma, Woudstra en Wypkema, Sonnema en Spoelstra. Maar geen enkele Haringa nie.

Hy het onder die nat bome uitgestap en by die eerste hoewe aangeklop. 'n Blonde jong boer het die deur oopgemaak, wantrouig na die vreemdeling gekyk.

“Meneer, ek soek 'n ou inwoner van Tjerkgaast. Ek kom navraag doen na 'n penmaat van vyftig jaar gelede.”

“Wablief?”

“Meneer ...”

Sy vrou se geduld was op.

“Meneer, woon hier Haringas?”

Die jong boer het ontkenkend kop geskud.

“Kom tog, my man, dis ’n kranksinnige sending.”

Hy het koppig bly navraag doen, telkens die geslote verbasing soos ’n muur aangevoel.

Dit was by die heel laaste hoewe dat hul die ouer boer in sy tuin sien spit het, die reën en wind ten spyt.

Hy het met die deur in die huis geval.

“Meneer, ek soek na Henk Haringa.”

Die man het stram orent gekom.

“Maar dié is dood. Jare al.”

“So verneem ek. Het u hom geken?”

“Ons was saam op skool.”

“Vertel my asseblief van Henk Haringa.”

Die man het vreemd na hom gekyk.

“Daar is niks te vertel nie.”

“Tog seker. Sy pa?”

“Dié was ’n venter. Klompe en kippe het hy verkoop. ’n Sukkelaar eintlik.”

“Waar het hulle gebly?”

“Al die jare hier op Tjerkgaast in daardie tweekamerhuisie langs die oue weg wat hulle van die kerk gekry het. Later het hulle na Schersterbrug verhuis waar die ouers oorlede is. Arm was hulle, bitter arm.”

“En Henk? Henk het tog soldaat geword, na Indonesië gegaan?”

“Nee. Hy wou, maar sy ma het hom belet. Henk is getroud en het vier kinders gehad. Later het hy stuurman geword en uiteindelik leraar by die seevaartskool in Amsterdam. Hy wou altyd graag vooruit.”

“En toe is hy jonk dood?”

“Ja. Negentien jaar gelede het sy motor by Lemmer op die ys gegly. Hy is daarmee die kanaal in. Verdrink.”

“En sy vrou en kinders?”

“Dié het laas in Emmeloord gebly.”

Die wind het al hoe harder gewaai, die reën het ’n grys gordyn tussen hulle opgehang. Die boer het sy graaf in die drassige grond gesteeek.

“Ek moet na binne. Daag.”

“Dis tyd vir die bus, my man. Dis die laaste een van die dag.”

Hulle het nie veel gepraat in die bus terug Workum toe nie. Om hulle was hoewes en huisies onsigbaar in die reën.

By die hotel het hy in die gids geblaai en ’n nommer geskakel. Hy het beduie. Vir die hoeveelste keer.

Sy weet ja, alte goed weet sy. Haar man het altyd vertel dat hy met iemand in die verre Suid-Afrika gekorrespondeer het. Hy wou altyd graag na verre lande toe, soldaat word, waar ook al, Suid-Afrika, Suriname, Java. En uiteindelik stuurman wat nooit verder as die kanale van sy eie land gekom het nie. ’n Kort rukkie leraar en toe op ’n donker nag in die kanaal beland. Wat

sielig. Negentien jaar al! Maar wel leuk, hè, dat die meneer uit Afrika nog onthou.

Vir Henk kom soek het.

Fernel R. Abrahams

Verlies

Paasfees is verby
en ek verlang na Paasfees
soos dit was kleintyd,
en ek bly was oor
Witte Donderdag
Morawiërs se uittog na Genadendal
Goeie Vrydag heilige sterfuur
heilige koorsang
laatmiddag op die Stille Sabbat saam met Mammie
om vir 'n ouma en oupa wat ek nooit geken het nie
blomme te bring waar hulle lê
en dan, by die eerste sagte sonlig
tussen rye grafte in die Godsakker:
"Die Heer het opgestaan!"

Nou bly die Here waar Hy
Goeie Vrydag sterfuur
aan die kruis gehang het;
ek dwaal leeg deur die naweek
met die strate vol mense
daar's geen blomme vir die Stille Sabbat
en geen opstandingsdiens kry my uit die bed
om by Sondagmôre-lig
tussen rye dooies
feesliedere te sing
vir 'n opgestane Here nie

Brief

Mammie, ek skryf ook vir Ma 'n kaalvoet gedig
sommer so, nes Antjie
maar ek gebruik soms leestekens
en ek sal nie vir Mamma "jy" sê nie
want dit hoort vir my

nes plastiekbloem en wit skoene
nie by Ma nie.

Ek het grootgeword, weet Ma —
ek skrik soms vir myself
want my skoolbaadjie pas nie meer nie
my hare is lank
ek wil 'n oorring dra
ek bid byna nooit nie
en ek glo nie sommer net in God nie
ek dink, praat, skryf selfs oor die dood
— ek wonder of Ma van my verse sal hou —

Ek weet Ma sou wou hê ek moes klein bly
en ek het nie

kon nie

'skuus Mammie
maar ek is nog Ma se kind

grootmenskind
anderster kind

André P. Brink

Die jokkie, die idioot en die edelman

(’n Postmodernistiese interteks)

“... waar onder die geskrewe reël nog ’n reël skuil ... aangedui deur ’n kodewoord wat uitgestrekte vergesigte open — Joris-Karel Huysmans (1942: 186 of 1986: 183)¹

’n Beduidende aspek van postmodernistiese tekste sedert die oorgangsfase van die Franse “nouveau roman”, is hul plasing in ’n milieu van ander tekste — kortom, in Butor se meermaal aangehaalde frase, in “’n wêreld reeds sat van literatuur”. Maar ’n implikasie hiervan wat na my wete nog nie eintlik ondersoek is nie, is dat die postmodernisme hom — hetsy onwillekeurig, hetsy willens en wetens — aansluit by die dekadensie, die *fin de siècle*-malaise van die einde van die vorige eeu: ’n byna onvermydelike nuwe-produk, dus, van ’n laat-eeuse bestekopname wat uitgaan van die *déjà vu*, bowenal die *déjà lu*.

In my inleidende bespreking van Abraham de Vries se verhalende tekste in *Soms op ’n reis* (1987) het ek reeds gewys op die manier waarop sy “Die jokkie” gesitueer word m.b.t. ’n “oerteks”, te wete J.-K. Huysmans se *A rebours* (in Engels vertaal as *Against nature*). Dit is ’n ondersoek wat ek hier graag ietwat verder sal wil voer, om — minstens voorlopig — implikasies daarvan vir die lees van (sommige) postmodernistiese tekste te illustreer. *A rebours* was op sy dag (dit is oorspronklik in 1884 gepubliseer, met ’n hersiene uitgawe twintig jaar later) ’n opspraakwekkende, selfs revolusionêre werk, maar is sedertdien gerelegeer tot die “ongelese klassieke” van die Franse literatuur; tot op hede is Huysmans nog nie eens opgeneem in die kanon van die *Pléiade* nie. In die lig van die modieuse belangstelling in die postmodernisme deesdae, lyk dit my egter na ’n blote kwessie van tyd voordat hy met geesdrif herontdek gaan word. Dit gaan in *A rebours* om die voorstelling van die lewe van ’n dekadente edelman, die hertog Jean des Esseintes, die laaste oorblywende lid van ’n vroeër illustere familie wat nou deur inteelt en uitspattighede van alle lewenskrag gestroop is. Deur ’n “frats van atavisme” (Huysmans 1942: 4 of 1986: 17) is die hertog die ewe-beeld van sy heel eerste beroemde voorvader, sodat sy huidige lewensloop ’n ironiese rekapitulاسie én relevering van die verre voorsaat s’n word. Sodoende word ’n tematiese gegewe die vertrekpunt vir struktureringsprosesse in die teks (en in die interaksie tussen Huysmans en De Vries se tekste).

Op die rand van impotensie en volslae ineenstorting, besluit Des Esseintes om die familiekasteel te verkoop en sy intrek te neem in ’n villa in die

(destyds) afgeleë Paryse voorstad Fontenay-aux-Roses, waar hy hom heeltemal aan die mensdom kan onttrek. Hierdie huis word op sonderlinge en groteske wyse ingerig: o.m. word dit van die buitewêreld geïsoleer deur 'n akwariem tussen binnemuur en buitemuur aan te bring en die interieur so dekadent en gekunsteld as moontlik te meubileer en te versier. Bowendien keer hy die gewone verhouding tussen dag en nag om deur bedags te slaap en snags te lewe (vgl 1942: 23 of 1986: 33). Maar die konsep "lewe" is self iets relatiefs. Des Esseintes verwyf juis sy tyd deur so min as moontlik te lewe! — hy bestee sy nagte aan lees of aan die orden van boeke in sy biblioteek en die hele hoofstuk 3 — soos ook later hoofstukke 12 en 14 — bestaan uit 'n beskrywing van die boeke in sy versameling. Hierdie beskrywing vorm natuurlik 'n metonimiese weergawe van sy eie bestaan, met nadruk op die tweedehandsheid en kunsmatigheid daarvan. As lees hom verveel (en alles en enigiets verveel hom baie gou), vermaak hy hom met estetiese bemoeienis: met juweelbeslag op 'n skilpad se dop (hoofstuk 4), met die meng van likeure (ibid.), 'n verknouting in skilderye (hoofstuk 5), bepeinsinge oor die teologie en religie (hoofstuk 7) — telkens, soos ál sy bepeinsing, gekleur deur Baudelaire se wellustige oorgawe aan die "regard, infernal et divin" van die Skoonheid —, die kweek van eksotiese blomme (hoofstuk 8), 'n oorgawe aan die reuksintuig (hoofstuk 10), aan musiek (hoofstuk 15), ensomeer.

Wanneer hy te verveeld is om hom langer aan die lewe te onttrek deur hierdie gevarieerde prosesse van estetisering, hierdie "sometotaal van illusie" (1942: 126 of 1986: 128), gee hy hom oor aan herinnering — d.i. 'n "verbeelde", opnuut tweedehandse lewe — met nadruk op insidente met seksuele konnotasies, veral m.b.t. die korrupteer van onskuld (vgl hoofstukke 6 en 9); so nie, verval hy in drome, gewoonlik nagmerries (hoofstuk 8), of gaan hy in sy verbeelding op reis, met 'n magistrale hoogtepunt in hoofstuk 9. Die enigste kere wanneer die "werklikheid" wel indring in sy beskutte, gekunstelde bestaan — waar álles mensgemaak, gefabriseer, nageboots is — gaan hy byna daaraan te gronde, soos aan die hittevlaag in hoofstuk 13 of aan die perverse medikasies van hoofstuk 15. As geen verdere ontvlugting denkbaar is nie, raai die dokters hom aan om terug te keer na 'n bestaan tussen ander mense: die blote gedagte daaraan is vir hom byna te veel ("Dit is dus òf die dood òf gevangenskap!", 1942: 216 of 1986: 211) — en die storie eindig volkome oop, met 'n blik op 'n — verbeelde! — apokaliptiese vloed ("Oor twee dae is ek terug in Parys. Nou ja, dis alles verby. Soos 'n gety golf is die vloedwater van menslike middelmatigheid besig om ten hemele te styg, en dit gaan hierdie toevlugsoord oorweldig, waarvan ek self teen my eie sin die sluis oopmaak": 1942: 225 of 1986: 219–220).

Die pertinente "kodewoord" (vgl die motto bo-aan hierdie stuk: Huysmans gebruik die term "qualificatif") waarmee De Vries hierdie teks in "Die jokkie" oproep is 'n direkte aanhaling uit die Engelse vertaling van *A rebours*, ter beskrywing van die dogter van ene Glasspool ('n betekenisvolle naam in

'n konstellasie van tekste waar dit voortdurend gaan om kunsmatigheid!): "obedient to her passion and cruel female temperament, refined, yet more savage" (De Vries 1987: 172, Huysmans 1942: 63 of 1986: 68). Met dié dogter sou die jökkie — afwesig by die partytjie maar alomteenwoordig in die teks — 'n verhouding gehad het. (Dat die insident wat aan hom toegeskryf word, inderwaarheid uit die lewe van 'n heeltelmal ánder jökkie, ene Mouse, gehaal mag wees, is 'n soort metaforiese of paradigmatische verplasing wat teken is van die teks se hele struktuurering.)

In Huysmans se teks vorm die aangehaalde woorde deel van die uitvoerige beskrywing van Salome, soos sy naamlik voorgestel word op 'n skildery van Gustave Moreau in Jean des Esseintes se "tydskapsule"-huis. Tweé skilderye van Moreau domineer dié lugubere woning, albei van Salome, die eerste (die een waarop De Vries se aanhaling betrekking het) 'n olieverf, die ander 'n waterverf getitel "L'apparition". Wat hulle verteenwoordig, is "'n atmosfeer van vervloë fantasie ... 'n aura van antieke korrupsie, losgemaak van die moderne tyd en samelewing": dit gaan immers vir hom om "erudiete verbeeldingsvlugte, verwikkelde nagmerries, wêreldwyse en afskuwelike visioene" (Huysmans 1942: 58 of 1986: 63). Terselfdertyd is dit belangrik dat Des Esseintes kommunikeer met 'n *visuele* voorstelling: die taalkes tree in gesprek met 'n andersoortige teks — die soort intertekstuele verband wat veral deur Kristeva (o.a. in 1984: 59–60) in die polifoniese teks uitgewys is. Maar natuurlik is die Moreau-skildery self ook ingebed in ander tekste, veral van die Bybel (Mattheus word spesifiek deur Huysmans se verteller aangehaal): en hierdie Salome word dan getransponeer van blote danseres tot "die simboliese vergoddeliking van onvernietigbare Wellus, die vervloekte Skoonheid², onverskillig, onverantwoordelik, ongevoelig, roekeloos, wat soos die Helena van ouds alles vergiftig wat naby kom, alles wat haar sien, alles wat sy aanraak" (Huysmans 1942: 60 of 1986: 65–66)³. En hierdie selfde Moreau-skildery word ook in die De Vries-tekste opgeroep: "Kyk daardie Gustave Moreau in die studeerkamer. Ek sal 'n Moreau herken al is ek so dronk soos Herodes self. Kyk die bloed wat uit Johannes se keel uitloop. Byna nes pêrels ..." (De Vries 1978: 173).

Op dubbele wyse — via die toepassing van die Salome-kode op die jökkie, en die inkorporeer van die Moreau-skildery in die storie-ruimte (en in die "teksameublement") — word 'n spektrum van betekenis aan die afwesige jökkie toegedig, ter voorbereiding van die hele reeks metonimies georganiseerde "epifanies" van die einde. Met, natuurlik, 'n pertinente afronding in die regter se droom oor sy vrou wat besig is "om haar aan te klee vir kerk: hoed en handskoene en gesangeboek en die fyn stringetjie krale om haar nek, hy kan sy oë nie afhou van die fyn stringetjie krale om haar nek nie" (De Vries 1987: 176). Natuurlik kan hy sy oë nie van haar afhou nie: dit is Johannes se bloed wat hy om haar hals sien pêrel. (ook op die portret van een van die Des Esseintes-edellui figureer 'n pêrelsnoer: Huysmans 1942: 4 of 1986: 17 — juis die portret van die sleutelfiguur wat "hede en ver-

lede verbind".)

Dit is belangrik dat Uken sy vrou sien juis terwyl sy haar gereedmaak vir die kerk: dit gaan nl. om veel meer as die voorstelling van 'n konvensionele gelowige vrou (in aansluiting by haar eie vroeëre gedagte "dat haar kerk haar enigste redding is, want waar anders is vastigheid" — De Vries 1987: 175). Dit sluit naamlik aan by 'n religieuse kode wat dwarsdeur die teks ontwikkel word. Ter illustrasie: 'n sentrale meubelstuk in Sjollander se huis (die topografiese ruimte van die storie) is "'n omgeboude ou huisorrel" (De Vries 1987: 171); die binnenshuisversierder Moorcroft dra 'n goue kruis voor sy bors; Sjollander bied drankies aan asof hy "'n Middeleeuse gebedelied inkanteer" (p. 174); in die kroeg is daar twee gebrandskilderde kerkversiers. Meer subtiel: Sjollander se kroeg het die "Twelve Monkeys" en vanuit 'n outydse spieël word die gaste aangestaar deur 'n oog met die inskripsie "God ziet u" daarby. Die perd wat die dag gewen het (en wat, betekenisvol, ook Moreau heet), behoort aan Sjollander se vrou, met die naam van Grace. Skinner gebruik die uitroep: "Holy Dick! (p. 172), wat 'n terloopse seksuele byklank tot die religieuse toevoeg (versterk deur die feit dat Grace gaan perdry by 'n ryskool wat juis behoort aan ene Dick). In hierdie situasie verkry die afwesige jokkie teen wil en dank iets van 'n Christus-allure (opnuut geperverteer deur 'n seksuele ondertoon wanneer die slapende gaste teen die einde telkens erotiese verwagtings aan die jokkie koppel).

Maar dit is eers wanneer die teks ingelees word in die palimpsest van Huysmans se teks dat hierdie kode sy volledige beslag kry. Anders gestel: die intertekstuele verband tussen die tekste van De Vries en Huysmans verg van die (moderne) leser 'n vorm van "metaforiese lees", as ons "metafoor" hier vertolk in die sin wat Kenneth Burke in 'n ietwat verouderde maar tog soms insigryke teks (1945: 90) daaraan toeskryf: "Metaphor is a device for seeing something *in terms* of something else. It brings out the thisness of a that, or the thatness of a this." (Vóór-teken van *différance*?!)

Dus: in die "this" van "Die jokkie" (en nou spesifiek m.b.t. die religieuse kode in die teks) is aspekte van die "thatness" van *A'rebours* waarneembaar. Ook dáár word immers voortdurend eertyds religieuse of liturgiese voorwerpe deurentyd uit hul oorspronklike konteks verwyder om te help definieer aan die dekadensie van die nuwe (en omgekeerd: binne die gesekulariseerde en soms selfs perverse konteks van Des Esseintes se huis, skep hulle 'n beduidende religieuse dimensie). In die woonkamer neem 'n ou kerk-kateder 'n ereplek in, terwyl die gordyne gesny is uit priesterlike stolas; weerskante van die kaggel staan Bisantynse monstranse uit die Abbaye-aubois van Bièvre (Huysmans 1942: 20 of 1986: 31) Herodes se troon op die Moreau-skildery lyk soos "die hoogaltaar van 'n katedraal onder 'n gewelfde plafon" (1942: 58 of 1986: 63). Langs Des Esseintes se bed staan "'n antieke priedieu" (1942: 71 of 1986: 76) — met, terloops, 'n kamerpot daarin. Die bottel Benedictine herinner hom aan "middeleeuse priorye" (1942: 171 of 1986: 167). Dit alles kom daarop neer dat sy hele bestaan

“gedrenk is in ‘n kloosteratmosfeer” (1942: 83 of 1986: 87). En dit is deur die voortdurende jukstaposisie van die dekadente en die religieuse dat die uiteindelijke “psalm” van die teks voortgebring word: die hunkering na die onbereikbare, die essensieel religieuse. In hoofstuk 7 word dit uitgespel as “brandende verlangens na ‘n ideaal, na ‘n onbekende heelal, na ‘n afgeleë saligheid net so begeerlik as dié wat ons deur die Woord belowe word” (1942: 84 of 1986: 89). ‘n Sensuele ondergrond bly dit behou: “Ek soek nuwe geure, groter blomme, vreugdes wat nog nooit gesmaak is nie” (1942: 111 of 1986: 114); maar — soos in die werk van Baudelaire, wat vir Huysmans se teks dieselfde soort matrys vorm as wat syne dit vir De Vries s’n is — wesenlik is dit die uiting van “sy koors om die onbekende, die onbevredigde verlange na ‘n ideaal, die drang om te ontsnap aan die aaklige werklikheid van die lewe, om denkgrense oor te steek, om te tas na ‘n sekerheid, maar sonder om dit ooit te vind” (1942: 111 of 1986: 115). Ten slotte kristalliseer dit spesifiek uit in “sy honger vir religie” (1942: 221 of 1986: 215), en op die laaste bladsy kry dit beslag in die verslae Des Esseintes se uiteindelijke versugting: “Here, wees tog genadig met die Christen wat twyfel, met die ongelowige wat graag sou wou glo, met die dwangarbeider van die lewe wat man-alleen op die see uitvaar, in die nag, onder ‘n firmament wat nie meer verlig word deur die troostende bakenvure van die outydse hoop nie” (1942: 225 of 1986: 220). Dis oorbodig om daarop te wys dat dit geen konvensionele geloofsversugting is nie: dit pas eerder in die kader van die bekende spreuk: God, as daar ‘n God is, red my siel, as ek ‘n siel het.

In die lig hiervan is daar heelwat meer betekenis as die bloot voor die hand liggende in die handelsreisiger Ferraro se verwysing na die jokkie se lewe: “Dis ‘n mystery” (De Vries 1987: 173)⁴. Inderwaarheid definieer dit iets sentraals omtrent die jokkie se funksie in die teks: dit, naamlik, dat hy nie primêr fungeer as ‘n personasie nie, maar as ‘n *topos*: ‘n plek, ‘n ruimte, ‘n Leerstelle, ‘n (voorlopig) leë *locus* wat algaande deur wensdenke gevul word. Te midde van die gaste se voortdurende vrae na die jokkie — d.w.s. die uitdrukking van die volgehoue hunkering na sy verskyning — praat Lizzie Buntzen van haar tuisdorp: “Mooi, so mooi, weet jy, dis vir my asof almal van ons na so ‘n plek soek” (De Vries 1987: 174). Daarom lê dit in die aard van sy rol dat hy nooit “hier” is nie, maar altyd “daar”: en dat hy net deur sy spore (Derrida se “traces”) in die teks verteenwoordig word.

Natuurlik: die religieuse bestaan ook nie net as ‘n gegewe-sonder-meer in die teks nie, maar steeds in samehang met sy teenpool: die sekulêre, die perverse, die gruwelike. Ook dit word deur die gesprek tussen die twee tekste belig. Want dit is nie net in “Die jokkie” dat ‘n perd ter sake is nie⁵. Afgesien nog van die feit dat die leser via die perd se naam teregkom by die skokkende Moreau-skildery (d.i. by die triomf van vleeslike begeerte, die moord op die Doper, aankondiger van Christus), figureer ‘n perd ook in ‘n sleutelepisode van die Huysmans-tek, te wete in die groteske nagmerrie

van die agste hoofstuk. Voor Des Esseintes verskyn naamlik die gedaante van 'n afskuwelike diervrou in die rol van die Pes, en die verskynsel word begelei deur die geluid van 'n perd op galop:

“Die gedreun van die hoewe kom nader; wanhoop spoor hom aan asof hy 'n hou met 'n sweep gekry het; hy werp hom op die vrou ... en smee haar om stil te bly, om hulle nie te verraai met die geraas van haar stewels nie ... Dan kom die geluid van die perdepote tot stilstand. Hy is daar, agter 'n ronde venstertjie, in die gang; meer dood as lewendig swaai Des Esseintes om en gewaar deur die ronde opening die gespitste ore, geel tande, 'n paar neusgate waaruit stoomwolke met die stank van fenol geblaas word” (Huysmans 1942: 100–101 of 1986: 104). Dit is hierdie verskyning van die Bose wat hom finaal uitlewer aan die vrou (hier beskryf in taal waarin die Baudelaire van “Une charogne” meespreek), met 'n gruwelike bloeiende blom tussen haar dye. “Goddarik”, snik hy as hy wakker skrik, “dit was maar net 'n droom” (1942: 102 of 1986: 106). En ook “Die jokkie” eindig op 'n reeks drome ...

Die gebruik van 'n droom/nagmerrie as tekstuele strategie is in albei hierdie tekste bowendien 'n manier om die aandag pertinent te vestig op die rol van die irreële, die teennatuurlike, of die kunsmatige, die gekunstelde. Met betrekking tot De Vries se teks is al hierbo, in 'n ander verband, verwys na die orrel omgehou tot drankkabinet, die kerkvensters in die kroeg, e.d.m. Hierby sluit aan die verwysings na “plastiekdruie” (p. 170), of die “gras van plastiek” (p. 176), of selfs die beskrywing van Moorcroft wat “aan die slaap raak in sy rooi en groen kaftan van Oosterse satyn (p. 176), 'n mondering net so eksoties, presieus en gekunsteld as dié van Des Esseintes — dit alles as deel van 'n kode wat eksplisiet benoem word in die beskrywing van die boekhandelaar Lindeque as iemand wat “deur al die jare geslaag het om egtheid na te boots” (p. 174). Hiermee staan ons volledig binne die tekswêreld van Huysmans: Des Esseintes se hele huis is gebaseer op die beginsel van nabootsing, vervalsing: die “vernuftige kullery, die geslepe leuen in die gemoed” (Huysmans 1942: 25 of 1986: 35) is skering en inslag van alles wat hy onderneem. Die eetkamer lyk soos 'n skepskajuit; tussen binnemuur en buitemuur is 'n akwarium aangebring om die “werklike” wêreld buite te hou en te vervreem van die binneste; hy verkies lees bo reële persoonlike onderfinding, vermaak hom deur blom- en ander geure kunsmatig na te boots, omring hom aanvanklik met kunsplante maar neem die proses daarna 'n stap verder deur wel egte plante aan te koop, maar dan uitsluitlik egtes wat lyk na nagemaaktes! Niks “is soos wat dit is” nie: 'n gegewe wat tot 'n narratiewe hoogtepunt kom in die verbysterende hoofstuk 11 waarin hy 'n reis na Engeland onderneem ... deur in 'n kroeg te sit en hom te *verbeel* hy gaan op reis⁶.

Vir ons doel — die lees van die De Vries-tekst — is dit belangrik om te wys op drie implikasies van hierdie gebruik van die kunsmatige by Huysmans, “waardeer die droom van 'n werklikheid die plek inneem van die werklikheid

self" (Huysmans 1942: 26 of 1986: 36).

Ten eerste word dit demonstrasie van 'n struktureeringsbeginsel gebaseer op Baudelaire se konsep van "Correspondances". By die digter het dit daarom gegaan dat "Les parfums, les couleurs et les sons se répondent". By die romansier gaan dit verder: *alles* "antwoord" op mekaar, eggo mekaar. Des Esseintes se versameling likeurvaatjies — sy "mondfluitjie" — is so gerangskik dat "elke smaak ooreenstem met die geluid van 'n bepaalde instrument" (1942: 51 of 1985: 58)⁷. Elke voorwerp in sy huis is die "nabootsing" van iets anders. Des Esseintes se lewe boots die literatuur na⁸. Die hele verhaaltteks waarin hy bestaan, is herhaling en nabootsing van die skilderye van Moreau en ander, die poësie van Baudelaire, Mallarmé, Verlaine, Hugo e.a.⁹, die verhale van Edgar Allan Poe, of 'n pervertering van kerklike liturgie. Hierdie proses van "correspondances" werk deur tot in die narratiewe stratum: weinig "gebeur" in die storie: "gebeure" bestaan byna uitsluitlik — danksy 'n proses van pre-Proustiaanse en pre-Bergsoniaanse *mémoire involontaire* uit die hêrleef van herinneringe. Bepaalde gevoelens of sintuiglike ervarings in die hede vorm "correspondances" van vroeër beleefde insidente, veral van seksuele aard; alternatiewelik word sy droomlewe 'n parallel, in die sleutel van die groteske, van sy reële of sy denklewe. *Alles word teks*. Wanneer Des Esseintes sy parfuums begin meng, word daar verwys na die "verwikkelde taal" van die geure, tewens na hul "grammatika", hul "sintaksis", en na die "idioom" van die vloei-stowwe (1942: 117–118 of 1986: 120). Nog merkwaardiger: daar word beskryf hoe Des Esseintes in sy studie en analise van hierdie geurverbindings gewerk het aan "die eksegese van hierdie tekste" (1942: 119 of 1986: 121) — 'n uitspraak wat sou tuishoort in die hart van enige postmodernistiese geskrif. En juis dit is wat ek — onder meer — probeer demonstreer: dat deur die soort lees wat 'n postmodernistiese teks soos "Die Jokkie" van ons verg, ons teruggedwing word na soms onverwagte wortels van *hierdie* fin de siècle-tekste in die fin de siècle van honderd jaar gelede.

Ten tweede staan die strategie van parallelle, van "correspondances" in Huysmans se teks, telkens in die teken van die dekadensie: "Ten slotte kom dit alles neer op sifilis" (1942: 96 of 1986: 101); heel spesifiek staan alles in die teken van 'n verlies van onskuld. Vergelyk in hierdie verband die dood van Johannes die Doper en die manipulasie van Salome deur Herodias; en ook hoe "die kuise kroonblare van die goddelike blom" (die lotus) wat — met verwysing na Salome — in die vulva van 'n gestorwe Egiptiese prinses geplaas word (1942: 61 of 1986: 67), later, in die beskrywing van die apokaliptiese vrou, vervorm word tot die "woeste Nidularium wat blom tussen die dye wat sy opwentel in die lug" (1942: 102 of 1986: 106). Ook beduidend is die ontstemmende analepsis in hoofstuk 6 waarin Des Esseintes 'n jong seun na 'n bordeel neem — nie net om hom in te wy in die seksuele nie, maar om hom voor te berei op moord.

Juis hierdie soort episode kwalifiseer en definieer die "monastiese atmos-

feer" van Des Esseintes se bestaan. Bowenal berei dit — in die lig van die uitvoerige en sorgvuldige wyse waarop De Vries die Huysmans-tekste vir sy eie kontekstualiseer — die leser voor op die ontginning van betekenis in "Die jokkie". Sonder hierdie dimensie is dit haas onmoontlik om die omvattende religieuse én seksuele implikasies van die reeks kort, verbysterende onthullingsmomente in De Vries se tekste raak te lees. Byvoorbeeld: in Grace se slaap, wanneer sy haar lakens afskop en haar in haar slaap vir 'n minnaar gereedmaak, droom sy dat sy op "'n swart hings" ry (De Vries 1987: 175) en is sy haar bewus van "die soet reuk van katjiepiering" — terwyl Des Esseintes, na al sy eksperimente met kunsmatige geure en parfuums aan die einde van hoofstuk 10 heeltemal oorweldig word deur "die vertroude geur van frangipani" wat uit die vallei van Fontenay na sy afgeslote huis versprei en hom "flou, byna sterwend", oor die vensterbank laat val" (Huysmans 1942: 127 of 1986: 129). In albei gevalle vervul die bepaalde geur (katjiepiering, frangipani) dus ook 'n kodifiserende funksie m.b.t. die spanning tussen "natuurlikheid" en "kunsmatigheid" — uiteindelik ook die grondliggende spanning tussen "goed" en "kwaad" wat vir Huysmans die grondslag van alle ander tekste in sy verteltekste vorm (Huysmans 1942: 163 of 1986: 161). 'n Derde implikasie van die dominerende rol wat die kunsmatige in Huysmans se tekste speel, lê daarin dat die narratiewe gebeure onthef word aan die normale verloop van tyd: binne-in Des Esseintes se huis, waar selfs dag en nag omgeruil is, staan die normale tyd stil (of alternatiewelik is alle tyd in iedere moment verteenwoordig). Op metonimiese wyse word so 'n tydruimte geaktiveer deur Des Esseintes se beskouing oor die prosagedig: "Die woorde wat gekies word, sou so onveranderlik wees dat hulle die plek van alle ander sou inneem¹⁰; die adjektief geplaas met soveel vindingrykheid en finaliteit dat dit nooit wettiglik verplaas darf word nie, sou sulke perspektiewe open dat die leser weke lank sou kon peins oor die betekenis daarvan, tegelyk presies en veelvuldig; sodoende sou dit die hede konstateer, die verlede rekonstrueer en die toekoms van die karakters oproep, soos dit geopenbaar word in die lig van hierdie unieke sleutelwoord" (Huysmans 1942: 202 of 1986: 199). Hierdie formulering (waarin meteen 'n eggo voorkom van 'n vorige passasie — 1942: 149 of 1986: 148: "verlore ... siele gefolter deur die hede, gewalg deur die verlede, verskrik deur die toekoms") speel terug — des te meer wanneer Huysmans se tekste in Engels gelees word soos wat dit deur De Vries aangehaal is — in "Die jokkie" waar die dronk Sjollander verklaar: "Honestly, my gat stamp so dat ek skaars die yesterday, today and tomorrow hier voor my oë raaksien" (p. 173).



Soos al in my vroeër genoemde beskouing van De Vries se verhale (in De Vries 1987) aangestip is, lê die fassinerende van "Die jokkie" nie net in sy verhouding tot die Huysmans-tekste (wat self ook al die resultaat is van 'n ge-

sprek met verskeie ander tekste) nie, maar in die perspektiewe wat daarvandaan geopen word op (onder andere) die titelverhaal in *Die uur van die idiote*. As Sjollander die ou Engelse cliché gebruik om te praat van "Home is my castle" (De Vries 1987: 170), dan word dit dadelik méér as cliché: dit word 'n verwysing na 'n "kasteel" wat al vroeër in dieselfde bundel aange-tref is, naamlik die replika van 'n ou volstruisveerpaleis wat dien as reële ruimte in "Die uur van die idiote" — en wat tegelyk herinner aan die ruimte van Herodes se paleis op die Moreau-skildery in Des Esseintes se toevlugsoord, beskryf as "hierdie buitengewone paleis met sy verwarde, grandiose argitektuur" (Huysmans 1942: 61 of 1986: 66).

Dit is natuurlik nie die enigste raakpunte (gedeelde kodewoorde of "qualificatifs") nie: die partytjie in Sjollander se "Twelve monkeys" is in baie opsigte soortgelyk aan dié in "Die uur van die idiote" (terwyl die manier waarop albei partytjies 'n soort teennatuurlike omkering van dag en nag bewerkstellig, herinner aan Des Esseintes se hele lewensinrigting. Impotensie figureer op die een of ander wyse in albei tekste (terwyl dit ook 'n belangrike definiërende funksie in *A rebours* vervul: vgl o.a. 1942: 10 of 1986: 23). In albei tekste speel literatuur ook 'n belangrike kontekstualiserende rol: hierbo is al gewys op die manier waarop Huysmans verbatim gesiteer word en die Moreau-skildery "aangehaal" word: daarby sluit die spesifieke noem van titels in Sjollander se huisbiblioteek aan, terwyl dit sekerlik beduidend is dat een van sy gaste juis 'n boekhandelaar is. In "Die idiote" modelleer die hoofpersonasie telkens sy optrede en gemoedsinstelling op tekste wat hy aan die lees is, bv. Hemingway se "Snows of Killmanjaro" of Simenon se *Les volets verts* (*Die groen luik*): en dis seker nie toevallig nie dat ook m.b.t. Huysmans pertinent verwys word (vgl Bachelin 1926: 91 et seq.) na 'n ideale *locus* as 'n "maison aux contrevents verts" — "contrevents" synde 'n sinoniem van "volets". Die struktuur van die twee De Vries-tekste herhaal bowendien 'n subtile onderbou van die Huysmans-tekst: in al drie gevalle word die insigte en onthullinge, die "epifanies" van die narratiewe hede naamlik verwerf deur die oproep van 'n verlede wat hom reeds — op ander maniere, in ander sleutels, in ander tekste — afgespeel het. Sulke telkens herhaalde "correspondances" maak die leser daarvan bewus dat Huysmans se teks "Die uur van die idiote" as 't ware via "Die jokkie" binnedring. Maar wanneer dié intertekstuele proses eenmaal waargeneem is, raak mens ook bewus van direkte "insette" wat *A rebours* tot "Die uur" bydra.

Die see wat so prominent in "Die uur" fungeer (en wat ook 'n afsonderlike gesprek met John Masefield aanknoop, danksy die aanhaling uit "I must go down to the sea again"), speel in Huysmans se teks 'n metonimiese rol danksy die huis wat soos 'n skip ingerig is; terwyl Des Esseintes se mislukte reis oor die see na Engeland ongetwyfeld ook 'n sluwe bowetoon bydra tot die impotensie van die verteller in "Die idiote".

In al drie die genoemde tekste word daar bowendien — soos al vermeld is

— in die nag geleef: maar eers met die kennisname van die implikasies van die nag in *A rebours* kan dié begrip deurwerk na die ander twee. Vgl byvoorbeeld dié stelling i.v.m. Des Esseintes se oortuiging dat mens in die nag “meer tuis en afgesonder is, en dat die gemoed net werklik geprikkel en gestimuleer word deur die nabye aanraking van die donker” (Huysmans 1942: 17 of 1986: 28).

Vanselfsprekend is die belangrikste verwysingstekes waarop “Die uur van die idiote” steun, die (fiktiewe?) geïnkorporeerde koerantberig oor die moord op ’n weesmeisie (deur ’n idioot?) in Oudtshoorn, wat die titel in die teks aktiveer. Maar dit is genoeglik om te oorweeg dat Des Esseintes selfs tot die konsep van “idioot” iets mag bydra in hierdie beskrywing van sy voorkoms in die spieël: “die afgryse geskep deur die hol gesig, die groot waterige oë wat met ’n koorsige helderheid in dié harige doodskop brand” (1942: 211 of 1986: 206) — woorde wat weerklink in die beskrywing van die gereïnkarnearde idiote in De Vries se teks: “Kyk hoe hang hulle monde oop. Kyk hoe sweet hulle. Hulle lang hare hang nat tot op hulle skouers. Hulle beweeg almal ’n bietjie lomp rond, almal met ’n dowwe opstandigheid en verlange, almal” (p. 153) — waarmee die kode van hunkering na verlossing ook weer opgeroep word¹¹.

Vir Des Esseintes is daar ten slotte geen terugkeer na normaliteit moontlik nie: dieselfde dokters wat hom aanvanklik aangeraai het om sy uitspattighede te laat vaar, as gevolg waarvan hy kluisenaar geword het, dwing hom terug na die menslike samelewing ter wille van oorlewing: maar vir dié misantroop, dié mens-op-sy-uiteerste is omgang — selfs aanraking — met ander gewoon nie meer doenlik of denkbaar nie. En sou mens hierdie besef oordra op De Vries se tekste, dan bevestig dit die vergeefse oop hunkering aan die einde van “Die jokkie” (Moorcroft het ... in die donker verlang na iets blywenders as verval, iets suiwerders as bevrediging” (p 176), terwyl dit die slot van “Die uur” skokkend ironiseer: “Ons kan ’n lewe maak” (p. 153). Dit was immers ook “ter wille van oorlewing” dat Des Esseintes se dokters hom aangeraai het om terug te keer na die mensdom op wie hy die rug gekeer het.

Oor een saak moet daar geen twyfel bestaan nie: *A rebours* is uit-en-uit ’n teks van die laat neëntiende, De Vries se verhale tekste van die laat twintigste eeu. Huysmans vertoon die naarstig wetenskaplike navorsingstegnieke van die Naturalisme waarbinne hy gevorm is, terwyl hy tegelyk die Dekadensie en die Simbolisme inlui; De Vries, oorspronklik modernis, openbaar hom in sy later tekste al indrukwekkender as postmodernis. Maar juis dít is dan die merkwaardige: dat hierdie postmodernistiese tekste gewortel is in strategiese en tegniese narratiewe ontdekkings van die vorige eeu; en dat die *mal du siècle* wat soveel laat-negentiende-eeuse tekste karakteriseer, ook kenmerk word van die postmodernisme — en daarmee ’n normaalweg verskuilde dryfkrag van hierdie soort fiksie aan die lig bring.

NOTAS

1. Aanhalings uit die Huysmans-teks word hier gegee met verwysing na sowel die oorspronklike Frans (in 'n uitgawe van 1942) as na die jongste uitgawe van die Engelse vertaling (1986, oorspronklik 1919). Laasgenoemde word betrek omdat dit volgens interne getuies in "Die jokkie" die teks is waarna De Vries verwys.
2. 'n Frase ("la Beauté maudite") wat onmiddellik — en bewustelik — Baudelaire oproep.
3. Die verwysing na Helena bewerkstellig 'n nuwe inbedding. Op dié manier word elke *signifié* die *signifiant* van 'n ander teks: 'n voortdurende, onoorsigtelike proses wat die verteltekste al meer van die "wêreld" isoleer — net soos Des Esseintes van die "werklikheid" geïsoleer is. Totdat daar, om met Derrida te spreek, gewoon geen buitekste meer bestaan nie.
4. In 'n brief aan die Ab Boullan skryf Huysmans op 7 Februarie 1890: "Je veux montrer à Zola, à Charcot, aux spirites et autres, que rien n'est expliqué des mystères qui nous entourent" (aangehaal in Bachelin 1926: 205).
5. O.a. met 'n metonimiese funksie: deur na die perd te verwys, word die jokkie naamlik reeds opgeroep. Natuurlik belig dit ook al by voorbaat die jokkie se optrede in die verhaal: hy sal nooit direk verskyn nie (en selfs anekdotes wat sogenaamd oor hom vertel word, blyk aan ander bronne ontleen te wees): hy sal altyd net via ander benoeminge aangedui word.
6. Dat sy mure bowendien oortrek is met reisplakkate om sy verbeeldingsreise te stimuleer, sluit op betekenisvolle wyse aan by De Vries se vroeë verhaal "Passenger in transit".
7. Ook in "Die jokkie" word pertinent na 'n likeurkabinet verwys (p. 173). Dit is voorts beduidend dat Huysmans die Baudelaireaanse woord "correspondait" gebruik om hierdie "ooreenstemming" te benoem.
8. Maar die leser kom natuurlik hierdie "lewe" juis weer teë in die vorm van literatuur, die verteltekste: opnuut skuiwe *signifiant* en *signifié* oormekaar.
9. In "Die jokkie" word Flaubert, Baudelaire en Hugo vermeld onder die boeke waarna Lindeque staan en kyk (p. 173): De Vries voeg ook Keats by, wat nie in *A rebours* vermeld word nie, maar wat sowel t.o.v. sy tekste as sy lewe goed in hierdie konteks pas. (Wat Hugo betref, is die Huysmans-teks nie baie vleiend nie! Vgl. 1942: 193–4 of 1986: 190.)
10. Huysmans gebruik die frase "ils suppléeraient à tous les autres", wat op 'n merkwaardige manier vooruitwys na Derrida se konsep van "supplément".
11. 'n Verlange wat net so min vervul kan word as wat Des Esseintes — byna honderd jaar vóór Vladimir en Estragon — aan die beweeg kan kom? Nie toevallig nie, is daar ook in "Die uur" 'n verwysing — in die beskrywing van die gimnasium, omgedig tot middel-euse folterkamer — na "'n fiets wat nêrens heen ry nie" (p. 152).

BIBLIOGRAFIE

- Bachelin, Henri 1926: J.-K. Huysmans. *Du naturalisme littéraire au naturalisme mystique*. Perrin, Paris.
- Burke, Kenneth 1945: *A grammar of motives*. Prentice-Hall, Englewood Cliffs.
- De Vries, Abraham H. 1987: *Soms op 'n reis*. Human & Rousseau, Kaapstad en Pretoria.
- Gallot, H.-M. 1954: *Explication de J.K. Huysmans*. Agence Parisien de Distribution, Paris.
- Huysmans, J.-K. 1986 (vert. R. Baldick): *Against nature*. Penguin, Harmondsworth.
- Huysmans, J.-K. 1942: *A rebours*. Editions de la nouvelle France, Parys.
- Kristeva, Julia 1984: *Revolution in poetic language*. Columbia University Press, New York.

S.V. Petersen*

Laaste dag

ASSALAAM ALLAHIKOM!
dit was Ramadan

Oopdeur vir hom by Christen,
Musselman, Brahman.

*"Mirre uit Arabië.
pêrels, robyne,
systof uit China
met rose besaai."*

Sou jy die Lied van Ali
in die aand-ginds hoor:

*"Goudsteen gebeitel
uit Siam se myne,
wierook gevoer
oor die beenwit woestyne."*

Gedenk dan nog die bo-Kaap
en die Slamse koor:

Daar sal geen VREEMDE LIEFDE
wees nie, en geen STRYD.

Nie meer by wyle
dalk 'n bitter eensaamheid.

Net die halfmaan in die mik
van 'n appelboom!

En ek sit denkend
en denkend droom ek my droom ...

*S.V. Petersen is op 30 Oktober 1987 oorlede. Kort voor sy dood het hy enkele gedigte aan die redaksie vir publikasie voorgelê. Ons plaas twee daarvan, in dankbare nagedagtenis aan dié belangrike digter van Veertig, wat aan die bruin Afrikaner 'n stem in die Afrikaanse poësie gegee het, van sy debuut met *Die enkeling* in 1944, tot aan sy dood.

'n Lied uit die Oriënt
het hom heengesus

Na 'n Leipoldtse lente
en 'n Karoo-rus

Lekker straat

Aspliemstraat
was 'n lekker straat,
as die mure
maar net kon praat!

Daar het die sailor boys kom call,
saans gedans dat die trane rol!

Die liefde't
almal so enjoy,
soms die master
even die boy.

Mamma't gemaan, van vrolikheid
onthou my kind, kom olikheid.

Vir ouderling
en dominee
is met 'n glimlag
padgegee

Tot so 'n simpel predikant
ook om kanalla daar beland.

Dit was die wending,
final call.
Mamma't gesê,
dis klaar gejol.

So was die straat 'n lekker straat,
maar alles is verby, Ou Maat!

P.H. Roodt

Die holgetrapte pad

Die brief het vanoggend gekom. Gereeld elke tien dae skryf sy.

Liewe Boet

Hier gaan dit alles wel. Jou pa en ek is nog gesond. Soms kla hy van sy rug en ek sit met die pyn in my bene. Rumatiek seker, maar op ons ouderdom moet jy dit begin verwag.

Die reën bly weg. Daar is soms vlieswolkies in die lug. En baie dwarrels. Feitlik elke dag kurtrekker hulle deur die lande. Soms is daar die verskriklikste stofstorms en dan waai alles weg. Jy kan die huis nie skoonhou nie, ek vee maar net tot teen die mure. Dit is al amper Dingaansdag en ons het nog nie geplant nie. Ek weet nie wat gaan vanjaar gebeur nie. Maar gis traant het jou pa gesê was daar 'n ring om die maan, so die reën moet naby wees. Hy is deesdae weer so onrustig. Kort-kort op om buite te gaan kyk en dan los hy soos gewoonlik die agterdeur oop. Jy onthou mos dis sy ou laai. Ouma lê nog steeds. Dis nou byna 'n jaar al. Sy praat nog steeds niks, sy volg jou net met die oë, maar sy verstaan elke woord wat jy sê. Die dokter sê elke keer hy kan nie verstaan dat sy nog lewe nie, maar die Here het sy tyd.

Jou pa sê jy moet weet jy kan enige tyd kom boer as jy wil en oom Piet wil jou nog steeds as vennoot hê, jy het tog die geleerdheid. Hy wil jou graag in die hof gebruik, die kantoorwerk en hofwerk word vir hom te veel.

As jy enigiets nodig het moet jy laat weet dis vir ons swaar dat jy so ver is en nie wil werk nie, maar ons glo jy sal een van die dae weer jouself wees. Ek moet nou sluit. Jou pa wil nog dorp toe en jy weet mos hoe haastig hy skielik kan raak.

Liefdegroete

Pa & Ma

Ma, liewe Ma. Die plaas kan hulle nie wegvat nie, ook nie die geluk van gister en eergister nie; al loop alles — al my gisters — soms deurmekaar en verpoeier tot angs. Wat kan ek antwoord? Ek haal steeds asem. Uitgespaar, dankie. Hier is 'n berg en 'n see. En nog een van die baie bosbefoktes met sy ou gevoelentjies van selfbejammering, woede, selfveragting, gelatenheid, skuld — hy dra sy smet soos 'n plaag. Hoe klink Beckett: yesterday is heavy and dangerous ... yesterday deformed us?

Melodramaties? Vals? Vlak? Die geestelik-kreupele is vervelig.

* * * * *

Inventaris: kamer, bed, tafel, stoel. Uitsig oor die Tuine: akkerbome, fladderende duiwe, glippende eekhorinkies. 'n Paar tydskrifte: *Custos, Natura, Time*. 'n Klompie boeke: Durrell: *The best of Henry Miller*, Roth: *Portnoy's complaint*, Greene: *A burntout case*, Strachan: 'n *Wêreld sonder grense*, Coetzee: *Waiting for the barbarians*, White: *A fringe of leaves*, Mailer: *The naked and the dead*, Jones: *From here to eternity*, Wiesel: *The fifth son*, Cloete: *How young they died*. Die ander titels lê rugkant weg of onder die ander versteek. Ma se geskenk: De Villiers: *Te vroeg vir moederloof*. 'n Blikkie coke, 'n oorvol asbak, 'n halfgeëte peer op die tafel; klere, skoene, vuil kouse die vloer vol. Ma sal die stuipe kry. Ligbruin mure. Afgedopte gwelle verfsplinters hang soos wasgoed na 'n haelstorm. Sam, the ceiling needs a painting. Eenkant 'n kas, deur half oop, bo-oor 'n broek. Op die deurmekaar tafel eenkant die swart bandspeler.

Tuiste. Wat meer het 'n mens nodig?

As jy skuins by die venster uitkyk, kan jy sien hoe kolk 'n wit wolk hitsig teen Duiwelspiek.

* * * * *

Laataand is die strate grafstil. Ek loop stadig, geruisloos uit gewoonte, oor ronde keistene. Ver bo is die maan 'n koue wit bal. Ek luister na die wind. Flentertjies papier wat hoppelend voor my uit wapper. Ek kyk na die winkelvasters: tussen die radio's, yskaste, bottels, speelgoed, meubels, fleurige linte — "geseënde kersfees", "merry christmas". Orals 'n walglike oordaad. Dooie stad. Ek ruik die vrot in die lug. Graffito oorkant die Cape Times-gebou: *Hell is other people*. Ek stap kruis en dwars deur die strate. Ek hoor 'n gehyg, gelag, hol klanke uit geboue. Veraf sirenes. In 'n vlak steeg twee rooi oë sonder 'n gesig.

"To journey through life, man must choose between nausea and a smile."

Die een het jy gekry, die ander verloor, sonder 'n keuse. Die mislikheid is deel van my bestaan soos die vuil lug wat ek inasem. 'n Lamheid kruip in my bene op, iets brand agter my oë. Ek veg deur 'n swart mis terug huis toe. En bo-oor twee vullisdromme. Hoe zijn de helden gevallen. Kletterend, dawerend, luid. Ek lê dof — bloei my oog? — tussen piesangskille, pap, suur melk, die drek van goor kos. Probeer my skoonmaak, maar die stank kry orals 'n houvas: in my klere, hare, nek, mond, neus, oë.

Ek sluip die stasietoilette binne, kyk na die nar met sy vuilbont narrepak. Bokant die spieël het iemand geskryf: *Do not take life too seriously, you will never get out of it alive*.

Ek bal 'n vuis, die nar beweeg. Bokant die linkeroog is nog twee verpotte ogies, die neus streep skeef in 'n donker vlek, die mond het 'n verdere lyn bygekry; horisontaal onder die ken suggereer 'n rooi kol die strikdas. Die pet makeer. "Aaaáándág! Presenteer gewééér!" Die klank dans in die spieël, word 'n pad, bosse, hitte

* * * * *

Sy sit net duskant 'n potplant in die groterige sitkamer van die hotel. Sagte bloemoortrekte stoele. Haar wit hare kontrasteer skerp met die welige groen van die plant. In profiel is sy mooi: hoërige voorkop, skerp wangbene, reguit neus, mondhoëke wat effens afbuig, 'n sagte ken en vloeiende neklyn. Die borste is regop. Jy kan die tepels sien punt.

'n Student? 'n Jong sakevrou? 'n Meisie/getroude vrou wat wag vir haar kêrel/man/skelm? Wat de hel maak dit saak. Die jagseisoen is altyd oop. Jy sit lui terug. Skreef jou oë teen die rookspiraal. Voor jou staan jou derde drankie. Jy voel 'n weldadige warmte in jou opstuif; oorweeg 'n paar openingskuiwe. Vat 'n sluk. Eers stadig die tien treë tussen julle oorbrug met 'n half afwagtende glimlag op jou lippe, asof julle ou bekendes is. Straal selfvertroue, vriendelikheid; die regte balans tussen hofflikheid en intimiteit. Nie te veel van die een of die ander nie — 'n vrou wil nie gedruk voel nie — al twee kan in ekstremis fataal wees. En 'n kans, 'n vollyf kans letterlik deur jou vingers. Jy glimlag. Trek 'n lang skuif en laat die rook stadig deur jou neusgate borrel.

Sy kruis haar bene. Die rok skuif op oor 'n welgevormde knie, laat die belofte aan vreugde verder.

Hoe voorspelbaar. Sinies: as die spoortjie so lyk hoe lyk die stasietjie nie. Sedert M was daar nog niemand nie.

Die jag het begin. Die prooi is gereed. Jy streel vlugtig oor jou kuif, druk die sigaret dood, ledig die glas, staan vasberade op.

Sy kyk aanvanklik eers weg; mooi, alles verloop volgens plan. As jy naby is, kyk sy stadig op, haar effens vraende glimlag antwoord op jou afwagtende een.

Dan die ontploffing, die pyn. Die gesig is vol op jou: die donker punte onder die geel, golwende hare, die bepoeierde gelaat, die uitdrukkinglose leë oë sonder lag.

Here tog.

Jy vlug, getref vlug jy waarheen jy vlug iewers moet daar tog jy vlug kruppel dier vlug vlug vlug

Ná die soveelste in 'n hool vol dooie mense wat klanke voortbring en draai en draai in grimas, vou jou gedagtes wanhopig malend om 'n beeld: vars, sag, mooi, die vrou soos jy haar eers gesien het; die finale was 'n illusie van die lig?

* * * * *

P

Ek aanvaar dis verby. Die laaste nege maande het ek niks van jou gehoor nie. Jou ma sê ek moet geduldig wees: maar waarvoor? Jy kan net sowel dood wees. Ek weet niks, hoor niks, ek kan tog nie 'n herinnering liefhê nie, ek is 'n vrou. Al die mooi wat daar tussen ons was, maak jy met jou stilte tot niet.

As jy net wil skryf of bel, kan ons dalk vorder, al is dit net om te verstaan. Maar nou weet ek net dat jy, nadat jy uitgeklaar het, Kaap toe is. Intussen kon jy al op tien ander plekke gewees het. Ek het my al allerhande goed wysgemaak. Ag, wat help dit. Ek skryf en skryf en niks kom na jou toe terug nie. Kon ek jou maar oopbreek uit die stilte, of lewendig maak uit my herinnering.

As iemand nege maande gelede vir my gesê het — ná daardie aand wat ek daarna met soveel vreugde met my saamgedra het — dit sal so eindig, sou ek in sy gesig gelag het.

Nou het die onmoontlike waar geword.

Ter wille van dit wat mooi was: liefde — ás dié woord op papier iets beteken.

M

* * * * *

Bedags is jy hier. Jy kyk na die duiwe, die bome, die berg. Bestaan alles werklik? Jy probeer lees, stap in die kamer rond, totdat jy 'n dreunende ritme word; vyf treë vorentoe, vyf treë terug, eindeloos om en om. Jy is vlegselsel heen en spier, jy trap die gedagtes weg, om en om. As die donker jou omvou, glip jy die strate in: skaduwee tussen skaduwees.

As jy net die moed het. Dis die enigste sinvolle daad wat oorbly. Dan is jy buite gister, vandag en môre sal nie aanbreek nie.

Laatnag lê jy moeg op die bed. Jou oë rooi. Jy vroetel deur die stapel papiere. Leë woorde op nog leër papier. Jy blaai. My woord is onbetroubaar, ruik sleg soos drek. Daar is angs in 'n blaai. Stront. Blaai. Ovambo-land was 'n ontnugtering. Ek en 'n paar ander is in 'n skool gedruk. "Julle mannetjies het mos die geleerdheid," het die jong luitenant gesê, "voed die plaaslike bevolking se kinders op. Skep orde, dis waarom dit gaan." Blaai, blaai. Een van die baie pogings aan M: Gister is my hel; vandag 'n tronk, môre soos gister en vandag. Vergeet van my. Gooi die hoop papiere op die vloer. Agter jou oë is 'n vlam sodat jy skaars kan sien.

Tyd vir jou slaapydstorie. Jy speel die spoel terug. Druk die knoppie wat die nagtelike ritueel aan die gang sit. Jy luister na die oordeel van jou eie stem. Eers dan mag die slaap dalk kom.

* * * * *

Eendag, lank, lank gelede was daar 'n land en 'n grens en 'n oorlog. Al die jong manne van dié land moes gaan om in 'n ander land te veg of sekere take te verrig. Boem-boem. Eers was daar tien, nou is daar nege.

Maar P is gelukkig. Hy staan in 'n klaskamer. Voor hom 'n see van gesigte. Hulle is stil soos muise. Kyk na hom en doen wat hy sê. Ná maande begin

hy insien: Hulle verdra hom net, want die gewere is naby, sommer in die klas teen die swartbord staangemaak. Dis 'n ou antwoord van Afrika: Jy is aan die kant van diegene wie se gewere die naaste is.

Fires, een van die luitenant se orde-manne, gee die eerste in. "Kyk net wat doen ons vir hulle en waar is die dankbaarheid? Nee, hulle bedonner ons om elke draai. Hulle is almal Swapo's. Ons maak gatte van onself: ons hou vir hulle skool, leer hulle om te plant en te saai en wat doen die bliksems? Hulle konkel in die donker saam met Swapo. Waar kry hulle kos, waar slaap hulle, waar steek hulle die landmyne weg? Hè, ek vra julle?" Die manne sit een middag laat 'n paar biere en drink.

Jan Naudé het òf nie geluister òf hy is al moeg vir dié holgetrapte pad. "Weet julle ouens: bome kan met mekaar praat? Julle onthou mos nog die groot koedoe-vrekte 'n paar maande gelede. Niemand kon dit verklaar nie. Die boere was met hulle hande in hulle hare. Maar nou het 'n prof van Onderstepoort of iewers gekom, lees ek vanmiddag in die koerant en hy het dié hele ding verklaar. Elke boom het blykbaar in normale omstandighede 'n lae, onskadelike gifvlak in sy blare. As hy egter té kaal gevreet word — en dit werk kollektief — styg die gifvlak in sy blare en dit maak die kos onverteenbaar in die bok se maag. Die een boom praat deur middel van 'n reuk wat hy afskei met die volgende en só kry jy 'n massagesprek van die bome. Op die manier veg hulle en dis dodelik effektief teen die diere. Dit moet iets beteken."

"Stront, man, jy moenie alles glo wat jy lees nie." Fires se gesig is rooi soos sy hare. "Papier is geduldig. Bid jou aan: bome praat met mekaar. As jy dit glo, sal jy enigiets glo. Dit was seker maar 'n virus of 'n ding. Bowendien, ons weet mos die natuur sorg vir homself: as dit baie droog is, teel die diere nie aan nie of hulle vrek om die een of ander rede uit. Wat het dit in elk geval met die punt te doen? Wat ek wou sê," hy gooi verwoed sy leë blikkie in die hoek van die vertrek, "ons gee vir hulle kos en skuiling en so help ons indirek vir Swapo. Ons moet die bliksems goed opneuk, ons mense, geld en goed wat en teruggaan na die Republiek. Laat ons sien of Nujoma uit hierdie godverlate stuk land vir hulle kan kos lostoor. Hulle sal soos die Ethiopiërs op strepe lê en vrek. Ek is gatvol vir hulle."

Die ander was stil, maar Jan antwoord: "'n Honger buurman is 'n gevaarlike buurman. Ons is nou eenmaal in 'n gemors. Wat kan ons doen? Ons moet maar probeer doen wat reg en billik is."

Skaars 'n dag later vererg Fires hom bloedig vir 'n groot, lomp seun, Solomon. Dié kon glo nie 'n eenvoudige som ná herhaaldelike verduidelikings doen nie. Hy het hom hard en berekenend deur die gesig geslaan. "Jou dom-onnosel kaffer," volgens 'n ooggetuie, maar toe is die vet sissend in die vuur: van alle kante spring die standerdagts op hom.

Jan Naudé is eerste op die toneel. Toe P bykom, is hy besig om 'n vinnige sarsie met sy R1 deur die venster te skiet. Die kinders klim tydsaam van Fires af. Hy is bebloed, vuil, sy klere geskeur, sy mond snaaks rukkend.

Die luitenant is jonk, professioneel en glad nie geamuseer nie: "Goed, as julle nie kan skoolhou nie, sal ek julle die geleentheid gee om oorlog te maak. Lyk vir my dis waarvoor julle gekom het. Julle geleerdheid beteken vir die army fokol. Ons het gedink ons kan julle mannetjies positief gebruik, in 'n opbouende hoedanigheid, maar goed, as julle wil veg, sal julle veg." P wonder nog hoekom hy en Jan ook in die ding is, maar in die army leer jy gou die wonder af. Die opdrag is: as hulle kan landmyne plant ons kan ook. Hulle hou die onderwyser meer as twee weke lank dop. Bepaal sy roetine. Skryf alles haarfyn neer. Die inligtingsmanne is doodseker: snags hou hy vergaderings, versprei propaganda, hy is 'n belangrike skakel in die vyand se terreurnet.

Die onderwyser het 'n vaste roetine. Snags monitor ander ouens hom, maar bedags — weksdae — is dit met geringe wysiginge soos volg: Op die kop halfsewe kom hy uit sy huis, klim in sy bakkie en ry die 20 km deur die bosse na sy skooltjie toe. Daar gee hy klas tot so eenuur se kant.

Twintig, vyf en twintig oor een is hy terug by sy huis. Vieruur begin hy weer roer: eers gaan hy winkel toe — ses kilometer van sy huis af — gewoonlik om sigarette te koop of soms 'n bietjie negosieware, en dan doen hy sy besoeke: die hemel weet waar orals.

Van Maandag tot Vrydag is dit sy patroon. Al wat soms verander het, is dat hy op wisselende tye snags huis toe gekom het: enige iets tussen elf en twee.

Dis P, Jan en Fires se oorlog.

Vieruur die môre, 'n Vrydag, is hulle op hulle pos. Dis doodstil. Rondom die donker bosse. Die eerste oggendgeluide wil-wil hoorbaar word. P en Fires is besig met die landmyn. Hulle stel hom so vyf km van sy woonplek af, net om 'n draai in die tweespoorpad. Die sand is koud, 'n ysigheid in hulle hande, maar hulle stel hom netjies en versigtig. Bo-oor kom die sand. Dan wis hulle hul spore uit.

Jan is 'n ent terug met die radio. Hulle stap saam met hom 'n tweehonderd treë verder net voor die pad weer 'n kronkel maak. Daarvandaan, onder die takke van 'n reuse-Suidwesdoring, kan hulle die pad mooi met die verkykers dophou.

Die wagtyd gaan in eindelose sekondes verby. Net ná halfsewe hoor hulle die dreuning. Die son is mooi op. Voëls wat raas. Dis nog koud, maar P sweet. Sy mond is 'n droë put. Die vertwyfeling: Is die manne doodseker? Hý moet hiermee saamleef. Is hy nie dalk net 'n onskuldige onderwyser nie met 'n swakheidjie vir drank of vroue of geselskap?

P staan en kyk. Die verkyker bring meedoënloos die draai tot vlak voor sy oë. Skielik is sy kop leeg. Dan is die rommelende bakkie vol in hom. Die volgende ding wat hy sien, is die twee kinders wat laggend agter op die bak staan, hulle lag sorgvry met hom.

Sy geluidlose skreeu, God! daar was nog nooit kinders saam nie, verdwyn saam met die slag in die niet. Toe begin hy hardloop. Fires wil nog keer:

“Wag, man, ons moet waai,” maar toe is hy al amper by die bakkie of dit wat van hom oor is.

Die onderwyser is 'n paar stukkies bene en bloed. Hy sien die seun se kop eenkant lê, maar die meisie lewe nog, haar swart oë kyk verwonderd in syne. Sy oë wil haar tot lewe skreeu. Maar sy snak en 'n waas kom oor haar gesig. Hy probeer magteloos deur die newels breek, maar kyk sekuur vas in 'n leegheid en verby: diep in 'n leë put, sekuur in 'n leegheid.

Jade Lee papparazzi

kamoufler pyn/teleurstelling
met fyn
uitgesoekte woorde
slim frases
goedgemikte stiltes/pouses

vermy groot stellings
op die man af
verklap te veel van jouself

ignoreer kameraflitse
koerantberigte
hoor-sê

verwerk jou gedagtes
strategies presies
Nasionaal:

onverskilligheid
lê jou waterdun
verkalkte murg
tog net papiebloot
aan die wurmwaarheid

Gert Basson Die groot trek

Griep.

Die hele ding begin toe hy die eerste tekens van hierdie gevreesde siekte toon. Maar hier waar hy sy twee spogperde voor sy plaas se hek intrek, weet Sopie du Toit nie wat vir hom voorlê nie.

Hy laat sy oë met welbehae oor sy landgoed kam terwyl hy die konsertina-hek oopmaak. Ai, kyk net hoe staan sy uitgevrete akkerblink beeste en skape in die netjiese toegespanne kampe. 'n Lus vir die oog! Dit was nie maklik om die hele plaas en elke liewe kamp te omhein nie. Dit was dae en weke se senutergende werk. Elke oulap wat hy besit het, het gegaan vir die aankoop van die rol dun draad by die Sorgvry kontantwinkel. En elke vuurhoutjie waarop hy sy hand kon lê, is stewig staan gemaak en die draad in drie rye styf tussen die ry op ry vuurhoutjiepale gestrek.

Sopie trek sy blinkgeverfde swart spaider met die spog akkerperde vooraan, deur die hek. Hy maak die smoelslaner weer versigtig agter die afgesnyde visblik met die tolwiele toe. Weer gly sy blik oor die kampe en sy diere. Waar die sonstrale deur die digte blaregordyn van die akkerboom val, skiet dit behoorlik vonke van die gepoleerde akkerlywe van bees en skaap. Die wit van doringhorings is plek-plek fel in die helder sonkolle. Sopie se hart swel in sy borskas. Syne — alles syne!

“Kom, Roman, kom, Beauty!” Die spaider ry die lang reguit pad af na die witgekalkte opstal toe. Eiehandig het hy die opstal met die breë voorstoep en rietdak gebou. Daar is selfs 'n voor- en agterdeur wat kan oop en toe- maak. En skuins voor die huis is 'n windpomp met 'n wiel uit blik gesny wat kan draai as die wind reg waai. Daar is 'n groterige plaasdam waar klein voëltjies soms kom drink en selfs bad.

Sopie vee die sweet van sy voorkop af en snuif 'n slag hardop. Hy knipper sy oë 'n paar maal toe hy uit die koelte van die boom se skadu beweeg. Wat gaan aan met hom? Dis skielik so warm en benoud. Hy kug. Ai, dis darem 'n plaas om op trots te wees dié Sering van hom.

Sopie vryf oor sy bors en kyk met 'n frons tussen sy oë na die aangrensende plaas. Giel Bossert boer direk langs hom. Hy het eers beswaar gemaak want hy het nog nooit juis ooghare vir dié boesemvriend van Ouboet gehad nie. Giel is 'n slonsige lummel wat te lui is om behoorlik te boer. Behalwe vir die grensdraad is daar nie 'n enkele ander draad of kamp nie.

“Nee,” het hy mos te vertelle gehad, “ek glo nie daaraan om diere so in te hok nie. Dis buitendien ôk nie goed vir hulle kondisie nie. Bees en skaap moet vry kan loop. Dis so van die Bybel se tyd af.”

“Beeste en skape somer so deurmekaar?”

“Ja. Bokke, leeus, tiers en oolfante loop dan deurmekaar. Dis soos dit bestem is.”

Maar kyk hoe lyk sy plek. Sy vee staan oral rond. Nie 'n enkele akker is blink gevryf nie en oral lê doringhorings wat afgeval het. Die dammetjie is somer 'n uitgekalfde holte in die grond.

Sopie het ernstig daaraan gedink om verder Noord te trek. Weg van Ouboet en Giel af. Hy wou padgee tot doer aan die rand van die populierbos, maar dis 'n wilde woesteny daarbinne en hy is al van kleintyd af lugtig vir die populierbos. Boonop was die ruim skadu van die ou Immigrant soos Pa die akkerboom noem, darem te aanloklik.

Hy skud sy kop en voel die pyn agter sy oë spring. Dis so drukkend en warm — selfs hier in die koelte. Hy wil tog nie nou siek word nie. Die vakansie het vandag begin en hier lê dae se speel en boer onder die akkerboom voor. Hy het so half en half gewens Ouboet en Giel sou weggaan vir die vakansie of dan minstens Giel-hulle, maar soos altyd gaan die Bosserts tuis bly.

Wanneer Giel nie daar is nie dan boer hy en Ouboet nogal lekker saam. Sy plaas Ouwerf, is 'n hele entjie anderkant Giel se verste baken, 'n paar opgestapelde klippies. Ouboet se petieterige ou opstalletjie staan byna teen die reuseboomstam. Hy's ook maar 'n regte ou stoepsitter-boer soos Pa sal sê. Sopie vermoed lankal hy het aspris daar gebou sodat hy plat op sy breë boude kan sit met sy rug gerieflik teen die stam geleun.

Anders as Giel het Ouboet darem 'n paar kampe en 'n kraal aangelê van vlakgestapelde klippies. Die meeste van sy beeste het ook nog hulle horings alhoewel daar hier en daar 'n eenhoringbees op te merk is. Wat gaan van die land word met sulke boere? wonder Sopie en kug weer 'n keer om ontslae te raak van die skielike gekriewel in sy keel.

Hy gaan sit op sy hurke en voel meteens duiselig. En nou, wat skort dan vandag met hom?

“Sooopié!” hoor hy Ouboet van veraf roep. “Ma sê jy moet eers kom eet. Kom, ek roep nie weer nie!”

Hy skud sy kop en kom dan met 'n onderdrukte steun orent. O, vrek maar hy voel sleg. Hy moet 'seblief nie nou siek word nie. Hy kan dit nie waag om sy plaas sonder sorg te laat nie. Met 'n buurman soos Giel gaan daar net skade kom. Die Bosserts het nie respekte vir andermansgoed nie. Almal weet dit.

“Soopié!”

“Ek kom, dëmmit!” Waarom is Ouboet so knaend vandag? Hy vee oor sy oë en die pyn klop nou hier teen sy slape. O vrek, sê nou hy word siek en Giel ... Hy buk en tel sy spaiders en twee perde op. Hy neem dit liever saam. Mens weet nooit.

In die kombuis gee Ma hom net een kyk en toe hy hom weer kom kry, is hy pens en pootjies binne in die katel. Van toe af is dit net warm en koue kompresse, skoonteer, heuning en suurlemoensap en ander onnoembare goed wat hom duskant die dood deur laat omdraai.

Dae, weke lank moet hy die kooi hou, byna te swak om 'n ooglid te open. Daar is angsdrome en altyddeur die verskriklike vrees dat Giel Bossert sy

plaas ten gronde laat gaan. Wat van die heinings? Wat van die kampe en sy skape en beeste? Wie sal die doringhorings wat afval weer vasplak? Wie sorg dat die plaasdam vol is en daar genoeg drinkwater vir die voëls is? En wat van die uithalerspan dolos-Afrikaners in die stewige klipkraal? Giel begeer daai span met 'n seer hart! Hy moes hulle ook saambring het. Hulle en die spierwit wa van skaapskakebeen.

Sê nou hy gaan dood? En hy't nie eens 'n testament om te beskryf na wie toe sy goed moet gaan nie. Nee, hy kan nie so gaan sonder 'n testament en laaste wil nie. Nee!

"Toe nou, my kind. Rustig nou, my ou Sopietjie. Drink eers hier vir Ma." Dit duur nog 'n hele week voordat hy wankelig op die been kan kom, maar dan moet hy nog steeds die huis hou. Daar is nie sprake dat hy eers buite op die stoep mag gaan sit nie. Die ergste is egter dat Ouboet so ontwykend is wanneer hy na Sering en sy beeste verneem. Ouboet se antwoorde is niks-seggend en hy verander die onderwerp so gou moontlik.

Hy drink sy medisyne getrou, eet sy kos, gaan lê wanneer hy moeg voel en stadig maar seker herwin hy sy kragte. More mag hy buitentoe — plaas toe! Wat hy daar aantref, laat die bloed met een slag uit sy kop dreineer. Hy voel hy gaan flou word. Hy voel erger as die dag toe die griep hom vasgevat het. Hy sluk wind, maak sy oë toe en trek sy longe vol lug voordat hy sy oë weer stadig oopmaak. Ouboet en Giel sit op hulle hurke op Ouboet se plaas. Giel glimlag so half verleërig en Ouboet kyk skielik af na sy groot vet tone wat soos vuilwit wurms op die grond kriewel.

"W-wat het met my plaas gebeur?" vra Sopie skor. "Kyk hoe lyk dit!" Hy swaai sy arm moedeloos oor sy landgoed. "Kyk hoe verrinneweer is die heinings, en wat het van die hek geword? Die damwal is gebreek en hoekom lê die windpomp op die grond? Wat het gebeur en ... Haai, wat maak jy met my wa en span Afrikaners, Giel? Jy weet jy mag nie met my goed ..."

"Dissie meer jou goed òf jou plaas nie, man Sopie!" sê Giel en kom haastig op die been. Hy is groter en frisser as Ouboet.

"Dis nou my plaas. Vra maar vir Stefaans. Hè, Stefaans? Vertel hom." Giel se skelm swart ogies gly vinnig van Sopie na Ouboet wat nog steeds gehurk bly sit.

Sopie sien die sku-blik in sy broer se oë wat nou vinnig afkyk na die vet toonwurms.

"Waarvan praat hy, hè, Ouboet?"

"Dit is so, Sopie," sê Ouboet en kom ook nou huiwerig op die been. "Dis wet."

"Wet!" roep Sopie verontwaardig uit. "Watse wet? Wie gee hom die reg om my plaas en ..."

"Die wêt gee my die reg!" kom dit nou astant van Giel. "Dis die landbouwet van agt en tagentag. Dis nog deur president Kruger self gemaak. Dié wet sê wanneer 'n boer vir 'n onbepaalde tyd van sy plaas af is en nie meer self kan boer nie, dan onteien die goewermint die grond en gee dit aan die naaste

buurman om te bewerk en te beboer." Giel knik sy kop selfvoldaan. "En ék is jou naaste buurman en daarom is Sering en alles daarop nou myne."

Sopie kyk na Ouboet en die knik net bevestigend met sy kop.

"Dissie wet, Sopie ... van agt en tagentag."

"Se voet!" skree Sopie en meteens is die bloed terug in sy kop. Alles om hom is rooi getint. Rooi soos die rooiwarm woede wat hom Giel 'n almintige hou teen die bors laat moker. Die groot seun gaan sit plat op sy vet stert terwyl sy mond groot stukke wind uit die lug hap.

Ouboet probeer 'n hand na Sopie uitsteek, maar hy klap dit met 'n enkele swaaihou van sy skouer af. "Gee pad! Voertsek!" En met die trap hy Sering se opstal plat, ruk die heinings uit die grond, prop sy beeste in sy sakke, tel die dolosse en kakebeenwa op en druk dit voor by sy hemp in. Dan gryp hy die windpomp en met 'n laaste vernietigende kyk in die geskrikte buurboere se rigting, storm hy weg. "Vuilgoed!" skree hy een keer nog oor sy skouer. Blindelings strompel hy aan.

Noord.

Laat Giel en die dekselse ou goewermint maar sy plaas vat. Hulle is te vrotsig om dit weer op te bou. Hulle ... Skielik besef hy dat hy binne die skemerte van die populierbos is. Die populierbos waarvoor hy nog altyd 'n heilige ontsag het. Hier is nog leeus en tiers glo hy en dalk nog die verskriklike kroonslang waarvan Tombooi hom vertel het.

Maar nou's hy te kwaad om om te draai. Onder die akkerboom tussen daardie twee boereverneukers en hulle ewe sleg goewermint gaan hy nie weer boer nie.

Dofweg hoor hy Ouboet se hees en uitgerekte: "Sooooopié!" Maar hy steur hom nie daaraan nie. Hy weet hulle sal hom nie hierheen agtervolg nie. Daarvoor is hulle te vrekbang. Nee, hulle sal veilig agterbly by die soppotte of watse potte ook al.

Vorentoe.

Noord.

Weg van die uitbuiters en die dekselse goewermint wat sy plaas onteien het. Waar hy nou heengaan sal niemand ooit weer aan sy goed kan vat nie. Nie Giel of enige vrotsige goewermint of Moor of Indiaan nie.

Noord. Dáár sal hy 'n nuwe plaas uitlê met sy eie goewermint. Hy sal alleen baas op sy plaas wees. Dis nes Pa altyd sê — die politiek en goewermint is net daar om eerlike mense uit te roei. Eers maak hulle mens sag met allerhande mooi praatjies en net sodra mens hulle ingestem het dan trek hulle jou naelkaal uit.

Kyk nou net wat het die politiek aan hom gedoen. Toe hulle hom die dag gedoop het, gee Pa mooi sy name op as Sarel, Pa se naam, Oberholster, Ma se nooiensvan en Oswald Pirow, die politieke oom se naam en van. Pa was mos eers danig oor dié man, maar glo nie lank ná die dopery nie het Pa in hom ook maar 'n gly gevang. Maar toe's dit te laat en hy sit klaar met die voorletters: S.O.O.P. en almal verkort dit sommer na Sopie. Vandag sit hy

nog steeds met die simpele dronknaam. En nou gaan die einste goewermint en hulle onteien hom!

Noord.

Toe hy weer kyk, staan hy by die spruit wat deur die bos sy silwerstreep trek hier waar die son deur 'n oop kol skyn. Tortels koer hulle koel waterkoere en vinke flits heldergeel deur die sierlike bome.

Sopie glimlag, gaan sit op sy hurke en maak sy sakke leeg. Kyk hoe blink sy akkerbeeste. Hy spoel die vuil dolosse in die helder stroompie af. Nat en skitterblink staan hulle nou voor die ewe skoon kakebeenwa. Hy vee 'n groot stuk aarde voor hom met die kant van sy hand skoon. Ryk swart grond. Hier sal hy 'n spogplaas uitlê.

Hy staan op en lag breed. Ver, baie ver kan hy Ouboet nog hoor roep. Hy kyk terug maar die ruie bome versper sy uitsig en hy skud sy kop ingenome. Ja, hier gaan hy vooruit boer. Van hier af sal hy nie eens die rook uit die naaste buurman se skoorsteen kan sien trek nie!

Gert Basson

Die klop

"Jy't na die regte ou toe gekom om orie outers te praat, my Tjaina." Hy lag en sy tande is gebreekte geel pitte in sy mond. "Opdrifsels, almal van hulle. Hier kom hulle uitspoel van oral oor. Hier suip hulle bloutrein, vry, steel, moor en hier kom baie van hulle lepel innie dak steek, my ou."

Hy lig die halfjek wat nog skamel bedek is deur die bruinpapier na die dun bloedlose lippe. Hy teug lank en diep, maak 'n smakgeluid en vee die natigheid met die agterkant van sy vuil hand af. Terwyl hy die prop weer opskroef, kyk die waterige ogies vanonder die digte grys wenkbroue na die draagbare opnemer. "Ek hoop jy't genoeg tape in daai mesjientjie, my Tjaina biekôs ek kan jou yarns spin orie outers vir iere en iere aanmekaar." Hy knik die goedgevormde kop met die toiingrige grys maan 'n paar keer bevestigend. "Ja, ek kan jou baie yarns spin ... almal human interest. Sad. Almal donners sad." Hy tuur oor die uitgestrekte groen grasperke met die spatsels beddings vol helder kleure. Hy sug. Die diep gebeitelde plooië langs die ietwat geboë neus trek die mondhoeke in permanente weemoed. "Ja, my ou dis 'n harre lewe."

Onder 'n reuseden lag 'n vrou skril. Daar is vyf van hulle. Drie mans en twee vrouens. 'n Bottel word al jillend van die een hand na die ander gegee. Die een vrou het 'n verslete blou trui en denim aan en die een wat so skel lag, dra 'n bontrok wat onbetaamlik hoog oor haar dye geskuif het.

Hy skud sy kop en begin die prop afskroef, dan beduie hy met die ongekeerde ken na die visdammetjie waar 'n man en vrou op die breë betonwal-

letjie sit. Daar is 'n geel Checkerssak tussen hulle. Die tam- en moedeloosheid van jare se blootstelling en teveel drank duidelik op hulle gesigte uitgerf. Gekrom sit hulle voor hulle en uitstaar.

"Moeg, my Tjaina. Lewensmoeg. Hulle wag nou op die klop. Hulle weet dit nog net nie, maar dis al wat vir daai twee oorbly — die klop.

"Jy't nog nooit vannie klop gehoor nie? Hoe's dit moontlik? Hoe kan julle laities die lewe ingaan sonder dat julle dié dinge weet, my ou?" Hy skud sy kop in skone verwondering sodat grys haarslierte teen die hoë wangbene kam. "Die klop, my Tjaina is wat jy hoor net voordat die dood jou kom haal. Ja, jy sien, sy gee jou darem eers 'n kans. Sy kom nie net in en vat jou nie. Ai, blêrrie konna. Nee, sy gee jou 'n hartklop se kans. Jy hoor eers die klop en dan ... dan het jy nog een kans. Weier jy om oop te maak, gaan sy verby maar as jy in daai oomblik skrik of nie weet nie dan's dit overkedovers met jou. Sy vat jou en ...

"Maar natuurlik is sy 'n vrou ... Well okay, virrie meeste mans is sy 'n vrou behalwe vir moffies is sy seker soms 'n man. Ja, vir vrouens is sy meesal 'n man en virrie lessies weer 'n vrou.

"Hoe lyk sy? Nes jy haar wil hê, my ou. Is jou smaak vir swartkoppe dan's sy die seksieste brunette wat jy kan kry of is jou begeerte meer na die blonds toe dan kry jy haar so. Virrie vrouens is dit die selle — hulle kry die man wat nog altyd die bloed in hulle opgejaag het."

Die halfjek word weer gelig en die prominente adamsappel gly gulsig op en af terwyl hy sluk. 'n Ligte trilling roer die lenige liggaam soos iemand wat skielik koud kry. Hy glimlag. "En sy kom enige tyd en enige plek. Dis waarom so min voorbereid is wanner hulle die klop hoor. Hulle's meeste vannie tyd skoon verskrik, my ou. Ek meen, wie verwag nou 'n klop wanner jy onner die blote hemel lê, of in jou kar ry of innie trein, of terwyl jy broeklosmaak agter 'n bos ..."

Sy skouers skud soos hy lag en die plesiertrane biggel langs die maer wange af. "K-kan jy jou voorstel ... daar sit jy met jou broek om jou enkels en ... enne hier hoor jy skielik die klop ... en ... enne daar hét sy jou ... Caught with your pants down, my Tjaina!"

Sy lag lê nog oor die groen gras en malse blombeddings toe hy iets hoor. Hy draai sy kop en hare val in glansende koper wronge oor roomwit skouers. Haar oë is donker donkergroen en haar lippe vol en rooi. Die glimlag laat net-net 'n skynsel van pêrelwit tande glim.

Andries Nolte

Die dood

(’n Kort kortverhaal deur ’n veertienjarige)

Sy is nie kleingelowig omtrent haar siekte nie. Sy weet sy gaan nie herstel nie. Maar sy sou graag wou leef tot haar jongste kind groot is. Toe gaan die kind plaas toe saam met ’n neef.

Haar suster het hom genooi. Hy was vreeslik opgewonde oor die hele besoek. Met die weggaan waai hy een keer en kyk nie weer om nie. Hy sit langs sy neef en kyk met heldeverering na hom. Dié het reeds sy dienspelig voltooi en sal hom mooi oppas.

Die kind het nog nooit tevore die huis verlaat nie en die ma dwaal eers ’n paar uur rond voor sy tot rus kom. Sy het daaglik baie leer ly vandat sy gehoor het van haar siekte. Soms is sy baie dankbaar dat sy hierdie siekte gekry het.

Sy bak koekies en koop vir hom ’n sweetpak, dinge waaroor hy bly sal wees. Sy luister na sy plate en dink met weemoed aan haar laatlam. Sy wonder wat hy besig is om te doen en dink terug aan haar eie kinderdae op die plaas. Saterdagoggend is sy doenig in die huis. Sy gaan koop vir die seun ’n presentjie en eet ’n ligte ete saam met haar man.

Sondag gaan sy en haar man kerk toe en die middag braai hulle vleis. Na die middagslapie daag die kind op met sy groot neef en ’n jonger een. Sy vra of hulle ma nie wou saamkom nie maar hulle antwoord dat daar gaste was.

Die groot neef vertel hoe hy die kind geleer skiet het en hoe vinnig hy die gevoel daarvoor gekry het. Die kind wys self die dooie kiewiet aan sy pa en dié knik goedkeurend en tevrede:

“Dis baie mooi. So moet ’n mens jag. Ma, ek kan byna nie glo dis sy eerste voël nie. So deksels knap!”

Sy knik. Sy glimlag. Dan draai sy weg. Sy weet alles moet sterf. Net jammer ... dis ’n kiewiet.

Pieter Pretorius Die laaste maal

Simon was nog 'n seun toe hy by meneer Smuts begin werk het. Oor die jare daarna het die ou man en hy 'n besondere soort verhouding opgebou, meer as net van baas tot klaas, meer as net van blanke tot swarte.

Vir die klein, afgesonderde gemeenskappie waar meneer Smuts 'n man van aansien was, was dié verbintenis eers net vreemd, maar later ongewens. Die ou man is algaande deur sy mense uitgedryf totdat Simon later alleen oor was.

Simon was sy alles. Sy geselskap, sy lyfbediende, sy tuinier, sy kok. Maar hy was ook sy boodskapper, want nuus van die dorp en van wat die mense van hom sê, het meneer Smuts van Simon via die lokasie gekry. Tussen sy mense was Simon vernaam oor sy stand en opgang in die blankedorp.

Op dié manier het die ou man verneem dat hy 'n "kafferboetie" is, dat hy 'n "moffie" is, dat hy "gatkruij vir die dag wat die swartes oorneem", en so het hy gehoor dat die predikant die een was wat die kerkraad aangestig het om hom onder sensuur te plaas.

Al wat vir meneer Smuts in die dorp oorgebly het, was sy stalletjie op die mark, elke Saterdagmôre. Ook daar sou hulle hom al uitgehad het, was dit nie vir die gehalte van sy ware nie, want Simon was ook landbouer, 'n towenaar met die grond. Hulle waatlemoene, spanspekke, wortels, beet, pampoene en kole het die ander drie stalletjies sleg laat afsteek.

Maar die kanker van die gemeenskap het ook die mark bereik. Eers het die stalletjie langsaan toegemaak, en toe die volgende een, totdat die druk op die laaste een ondraaglik was. Daarna was meneer Smuts en Simon alleen op die mark.

Die dorpenaars het aan die begin noodgedwonge Saterdagmôres bot by hulle kom koop, maar later al minder. Toe dit heeltemal stil geraak het, het meneer Smuts ook maar toegemaak. Daarna het hy en Simon net vir hulleself gesorg.

Die dorpenaars was toe tevrede.

Maande later kom 'n reisiger op 'n dag die dorp binnegery en hy bespeur 'n vreemde doodsheid. 'n Stank hang oor die dorp, die huise is vervalle, die tuine bruin verdor, en daar is niemand op straat nie. Hy hou later voor die pastorie stil op soek na lewe. Hy klop, maar dis stil. Hy stoot die deur oop en 'n makabere koorgefluit kom op die wind van binne. In die eetkamer tref hy die gesin aan, ses eensame skelette op stoele om die tafel gerangkik. Die pa aan die kop en die ma en die vier kinders weerskante, almal se wit getande kake krampagtig wyd oopgesper na bo, asof roepend, en voor hulle op die tafel 'n enkele leë kosbak.

Ook by die ander huise vind hy dieselfde.

Later, as hy die dorp uity, is hy verlig as hy opeens 'n welige tuin verbyry waar 'n blanke en 'n Swarte, albei sirkelvormig obees, pas by 'n tafel aansit wat dreig om onder 'n magdom dyende kosbakke te swig.

Johann Lodewyk Marais

Twee visse*

Groot geelvisse het in die koel strome opgeswem, in die kuile kom baljaar, en John Bull het op 'n dag langs Rietspruit 'n bulperd moeg gespeel en uitgetrek.

Na hierdie vis wou hy weer en weer kyk en sy grootte vir ongelowiges presies bewys: op bruinpapier trek hy hom af en knip die vis toe netjies uit.

In die ou dorpsmuseum op Harrismith het 'n knewel uit die Wilgerivier gepryk: 'n legende uit die jaar toet, 'n rekord vir almal om na te kyk.

Eendag, soos beloof, neem Pa my soontoe, skud toe sy kop: "Nee, die vis was groter. Hy moes met verloop van tyd gekrimp het." Die waarheid word dus uit papier geknip.

Spookstorie

1981

In die PDK, Voortrekkerhoogte, het ek een Sondagaand kort na nege in 'n ablusieblok gaan was en skeer.

*Uit die bundel *By die dinge* wat die einde van die jaar by Human & Rousseau verskyn.

Vreemd, dié aand loop elke stort vuurwarm,
spuit in die skemer vol op niemand oop
en gorrel water hard in pype weg.

Deur die ry vensters bo val van buite
lig skuins in op walms stygende stoom
terwyl my emaljewasbak vol tap.

In die spieël sien ek dofweg my gesig,
skeer vinnig. Dan draai ek om en begin
op pad uit die krane een-een toedraai.

Die eerste stort sproei kleiner en hou op.
Ek tree met nat seilskoene oor die vloer
en draai die tweede en derde ook toe.

Skielik staan in die stoom voor my sigbaar
die profiel van 'n mens. Ek skrik en sê:
"Haai!" en die antwoord kom doodkalm: "Haai."

Ek los toe alles en stap vinnig terug.
Nou weet ek: Pa moes in '35
in hierdie kamp spesiale diens doen.

Woordpyn

'n Muisvoël vreet die oopgebarste vy
aan die kaal lat. Wind dryf moerbeiblarer
grond toe. Die bandsaag skril oorverdowend
deur die dennebalk in die werkkamer.
Die Rebellewedstryd verloop seepglad
in die BMW met oop enjinkap.
Stemme klink ongesteurd uit die kombuis
as die saag stil word. Die swanger vrou kom
die trap af agter die man seuntjie aan
wat oor die grasperk na die kat toe stap
onder die vyeboom. Die bandsaag skril
weer en nou sien sy die muisvoël opvlieg
en in die halfkaal moerbeiboom verdwyn
terwyl die seuntjie onrustig opkyk.

Doringplante

Pase 1988

In die tuin om die huis op Sans Souci
het blomme drie geslagte lank gegroei.
Veral ou rose, met enkel blomme.
Langs die grootpad selfs 'n taai eglantier,
met geel blare en rooi bottels teen herfs.

In 'n klein stadstuin kyk ek een aand op
na 'n grootse kapokboom met dorings
aan die yslike stam: elke blom pienk,
'n gestreepte ster, met 'n lang stamper
teen die lig van 'n ysterlantern.

Voor ons venster staan 'n Christusdoring
silwergrys teen die end van die seisoen.
'n Dag of drie gelede staan ek lank
en kyk hoe in die purperrooi blomme
mens kan sien God het laasnag hier gerou.

Ulrich Gerryts Toeligtend op *Sy kom met die sekelmaan* van Hettie Smit

Dit is met lewende belangstelling dat ek Daniel Hugo se artikel in *Tydskrif vir Letterkunde* van November 1987 gelees het. Die opskrif "Hettie Smit se B.Ed.-verhandeling as aanleiding vir SY KOM MET DIE SEKELMAAN" is m.i. ietwat misleidend.

Sy opmerking na aanleiding van die term, *kammabriewe*, is nie heeltemal korrek nie. Hy sê, "In der waarheid is dit maar 'n dagboekinskrywing in briefvorm of aan 'n verbeelde persoon ... of aan 'n werklike mens. In die lg. geval word die brief egter nooit gepos nie."

Vroeg in 1933 gee Kalie Heese (later doktor in sielkunde en professor) my 'n pak briewe om te lees. Dit was van Hettie Smit aan hom. Hoe lank hulle toe al gekorrespondeer het, weet ek nie. Die lees van hierdie briewe lei daartoe dat ek met haar kontak maak en tot in 1938 met haar korrespondeer. Verlede jaar het ek sowat dertig briewe van haar wat ek gebêre het, aan Stellenbosch se universiteit ter bewaring gegee. Laat ek parenteties dit sê, destyds was elke brief wat ek van haar ontvang het 'n gebeurtenis vir my. Van hierdie briewe aan my en Heese maak later dan ook hulle verskyning in SY KOM MET DIE SEKELMAAN¹⁾. Kalie, die vriend en sielkundige, was vir haar soort van lewende klankbord teenoor wie sy haar kon uitpraat. Dit is dan ook net natuurlik dat van haar briewe aan hom in die boek, haar hartsgeheel, sou opgaan. Die eerste brief wat in die boek aan die fiktiewe Anna gerig is, is 'n brief wat sy in 1932 aan Heese geskryf het. Sy het dit destyds haar "foutbrief" genoem. Kyk afdeling ii — Die Sekelmaan: Kaapstad — 23 September.

'n Tweede voorbeeld is die tweede brief in afdeling iii — Die Onafhanklike: Rietvlei — Maart (ook aan die fiktiewe Anna gerig). Dis 'n brief wat ek in 1933 van haar ontvang het en sy natuurlik 'n duplikaat van gehou het. Daardie brief is by die versameling nou in Stellenbosch se Universiteitsbiblio-teek.

Dat dit by Hettie, die skoonheidsdronke mens van daardie tyd, in die eerste plek om selfekspresie gegaan het, is nie te betwis nie. Daarom ook haar dagboek. Maar dat sy tog ook die behoefte gehad het om persoonlik en in briewe met bepaalde mense te kommunikeer, is ook nie weg te dink nie. Dat Hettie Smit se B.Ed.-skripsie 'n aanleiding was tot SY KOM MET DIE SEKELMAAN is m.i. 'n skewe beskouing. Net soos haar gefrustreerde liefde vir Johan was die skrywe self by haar 'n hartsbesetenheid ook met die

¹⁾Vgl. hierby Lulu Harley, 1987: "Stilering in *Sy kom met die sekelmaan*", *Tydskrif vir Letterkunde* jg xxv: 2, pp. 62–68.

vooruitsig daarby dat dit uitgegee sou word. Ek sou sê haar B.Ed.-skripsie was 'n neweproduk van haar skryfaktiwiteit.

Enkele opmerkings

In die vroeg dertigerjare weet ek het Hettie vir die moontlike boek aan die naam *Kammabriewe* gedink, al was al die briewe nie so kamma nie. Daardie tweeledige persoonlikheid van die fiktiewe mej. Theron wat in die boek in Maria en Marie uitvurk, was oorspronklik Hettie en Hessie sonder 'n mej. Theron.

Wat van Hettie se briewe aan wyle Kalie Heese geword het, weet ek nie. In 1934 al was Heese die mening toegedaan dat wanneer Hettie haar na-jeug sou deurleef het en agter die rug sou hê, dit ook verby sou wees met haar subjektiewe skrywe. So 'n skryfversanding wou ek verhoed. Dit was dan ook 'n bymotief van my laaste briewe aan haar. Haar reaksie in haar laaste brief aan my is interessant. Omdat dit beligtend is van haar wat meegedoen het aan die literêre renaissance van die dertigerjare sluit ek 'n fotostatiese afdruk van daardie brief hierby in.

Hoe dit ook al sy, sy het toe tog die weg des vleeses gegaan en haar ivore toring verlaat.

SY KOM MET DIE SEKELMAAN was Hettie se eerste en laaste werk; maar m.i. bly dit, wat prosa betref, die hoogtepunt in ons subjektiewe literêre kuns, en dit sal uniek bly.

Diamantveld Hoërskool
Kimberley
Maart '38

Liewe Ulrich,

Ek het ook baie met jou gesels die laaste tyd. Het jy dit geweet? En jou briewe van voor die vakansie gelees met die vreemde beskuldiging daarin ... en jou oë onthou daardie dag in die teekamer. 'n Woordelose aanklag wat my soos 'n skaduwee vervolg het, daarna. Ag, maar ek het so dapper gestry en probeer volwasse wees. Ek wou so graag sterk en vry liefhê soos 'n man wat 'n vrou neem om sy mooi is en nie omdat hulle "siele" mekaar "verstaan" nie. En die idee: "menslikheid" was so 'n mooi woord en so demokraties. Ek kon daarmee tonguitsteek vir iemand soos Gladstone. En ek sou "normaal" wees soos ander vroumense. 'n Ring met steentjies wat korrel op mekaar soos Annatjie s'n en daardie geheimsinne heiligdom van 'n "trousseau" (hoe hulle dit ookal spel) ...

Dis om 'n klugspel van te skryf. Die volwassenheid het my verveel en gewalg. Die "menslikheid" was so soet en so vervelend. Ek kannie so "soos 'n man" liefhê nie. Wat met sy Werk alleen tevrede is en vir afleiding huis-

toe gaan en daar oor alles behalwe dié dinge gesels wat vir hom eerste is. Die ou storie van die skeiding tussen die "personal order and spiritual order" wat weer nie wou regkom by my nie. Tweemaal dieselfde les — van 'n "boom"!

Dat 'n mens so blind kan word. En nou is ek Gott sei Dank tog weer abnormaal en "onmenslik" in my ivore torinkie waar ek "siele" soek wat "verstaan"!

Lees jy nog? Magtig maar ek het dan ook nie eers 'n hond hier vir wie ek dit kan vertel nie!

"So baie ou dinge is stukkend" skryf jy. "En ek glo nog". Dis mooi. Dis mooier as om vir jouself wys te maak dat so baie dinge heel is. Ek verstaan nog nie heeltemal die "storm" wat deur en oor jou gegaan het nie. Maar dis alles mooi vir my. Dis 'n storm. Dis nie soet-klewerige verlepte maklike "menslikheid" nie. Here, die lelike smelterspolitiek wat tot binne-in 'n mens se liefde kan insluip! Die versagting en verwatering van wat verterende vlam moet wees. Hoë simfonie wat 'n mens goedsmoeds laat kwyn tot 'n halleluja-liedjie om "normaal" te wees soos ander! Maar waarom sal ek met jou raas? Windekind met die woordelose beskuldiging in die oë. Skryf weer vir my, toe! En ráás met my.

Hettie.

M.F. Titus Stellenbosch

U het U skeppingswoord
in goeie luim gesprek.
Genadehande vormend, onverstoord,
laat rype baarwand breek.

Sag in 'n bergwieg rus en soog
die pragvallei.
Van der Stel versorg en sus,
vertroetel sand en klei
tot Stellenbosch.

P.C. Haarhoff

Oor eie werk — in gesprek met Henk Biermann*

HB: Die titelverhaal is "Uit 'n ander wêreld" en dit is ook die titel van die boek, maar sou 'n mens nie kan sê, eintlik gaan dit hier oor meer as een ander wêreld nie?

PCH: Ek dink u is reg. Aanvanklik het die werk begin omdat 'n mens as wetenskaplike en ingenieur mens se ervaring en jou wêreld aan die lesers bekend wou stel, baie waarvan nie in hierdie rigtings werk nie. Maar toe het die werk gegroei en het daar beslis meer as een wêreld — dit was nie net die wêreld van die wetenskaplike en die ingenieur wat ter sake was nie — daar het ander wêreldes ook uit hul eie na vore getree, of jy dit nou wil weet of nie. Die wêreld waarna Eugène Marais gesoek het, is een wat vir my 'n besondere bekoring het. Ek dink dat ek identifiseer met Marais. Eerstens ook oor sy wetenskaplike belangstelling maar tweedens oor hierdie vrede van hom waarvan hy in "Tebes" vertel — "Daar sou ek vrede weer besef, waar Tebes in die stil woestyn ..." Dit is 'n soeke na alles wat regtig saak maak in die lewe, na balans, perspektief, geluk — om te streef na dit wat 'n mens is en kan wees en nie na dit wat 'n mens het nie. In daardie strewing vind ek 'n sterk aansluiting, benewens die feit dat ek selfs 'n plasie het in Eugène Marais se wêreld en twee maal 'n maand heerlik daar gaan werk. So — dit is miskien die tweede van die reeks wêreldes, die een van perspektief soos jy dit deur "Die Miljardplaatjies" ook aanskou, die sin vir wat regtig saak maak.

HB: In "Die Miljardplaatjies" het ons 'n baie interessante siening van afstand.

PCH: Ja, ek het begin — soos ek sê, ek het uit die wetenskap begin — en toe ek nou die drang kry om te skryf, toe het ek begin deur te probeer aantoon hoe groot die heelal is, en hoe klein atome is en so aan. Ek het eendag in 'n koerant gelees van 'n onderhoud wat 'n verslaggewer met min. Pik Botha gehad het, en hy het ook die punt beklemtoon dat ons perspektief moet kry. Die verslaggewer het vertel dat hy 'n boek uit die boekrak getrek het, en hom foto's gewys waar hulle die aarde afneem, en dan tienmaal kleiner en tienmaal kleiner en dan weer van 'n sekere punt af elke keer tienmaal groter totdat jy nou by die atoom uitkom aan die een kant en die heelal aan die ander kant. Die ding het in my kop vasgesteek en dit het toe die eerste verhaal opgelewer, met gegewens uit die wetenskap, maar uit 'n wenk wat voortgevloei het uit iemand anders se strewing na perspektief.

HB: Kom ons beweeg 'n bietjie na die titelverhaal self: Prins Ran-U-Tan, die besoeker wat met hom gaan kommunikeer. Die begrip van transportasie. Die begrip van transformasie.

*Uittreksels uit 'n onderhoud uitgesaai in die rubriek *Skrywers en boeke*, 30 Junie 1988. Sien ook *Literêr-aktueel*, bl. 88

PCH: Die verhaal het eintlik voortgespruit uit iets wat so effens tong in die kies geskrywe is en toe het een van die keurders gekla dit is darem bietjie té ligsinnig, toe het ek dit meer ernstig opgeneem. En, hoe dieper ek gedelf het, hoe meer het ek daaruit geput. Die verhaal is seker drie of vier keer totaal oorgeskryf. Ek dink dit sou vir iemand eendag 'n interessante studie wees dat die beginverhaal so drasties kon verskil van wat 'n mens hier het. Een van die gedagtes wat mens hier wou oordra kom uit een van die ou Chinese geskrifte — dis "Die Leerstelling van die Middeweg", een van die Konfusiese geskrifte. Daar sê hulle dat party gebore word met 'n kennis van hierdie dinge — dit kom op 'n natuurlike manier na hulle toe. Ander verkry die kennis na sorgvuldige studie en party kry hierdie kennis net na 'n pynlike besef van hulle eie gebreke. Sodat waar die dogtertjie Katrientjie na die ander wêreld kan beweeg, bloot deur transportasie — sy draai net haar skouer en dan glip sy daarin en dan is sy daar — moes die man dit op die pynlike manier doen deur 'n transformasie van homself, binne-in homself, en dit is 'n lang en pynlike proses. Maar daardie selfde Konfusiese geskrif sê die eindresultaat is dieselfde. So, of jy nou gelukkig is en daarmee gebore is, en of jy baie swaar moet kry, as jy dit het, dan het jy dit. En ek dink dis die gedagte wat Prins Ran-U-Tan ook probeer oordra.

Ek het die orang-oetang eendag daar in die dieretuin gesien sit en hy het só gesit en peins in die ou motorband. Dis ook iets wat jare in my kop vasgesteek het en toe op die ou end het ek hom 'n Oosterse edelman gemaak wat gevang is en in hierdie kliphok gewerp is en hom daar self innerlik getransformeer het en toe met die besoeker kon gesels.

HB: Met ander woorde, hy het die vrede gevind.

PCH: Ja, absoluut. Daar in die kliphok het hy homself getransformeer. U kan maar gerus gaan kyk daar in die dieretuin, hy sit daar.

HB: Daar is 'n interessante wending êrens in die verhaal waar die prins hom vererg, waar hierdie man met ander middels dan sekere dinge probeer bereik.

PCH: Ja, dis weer Marais. Daar is 'n baie skerp streep Marais deur daardie verhaal. Dit verwys na die gebruik van chemiese middels om 'n doel te bereik. In Marais se jeug was dit iets wat redelik algemeen was. Voor sy dood was dit reeds duidelik dat dit 'n verkeerde pad is, en prins Ran-U-Tan maak dadelik sterk beswaar daarteen — dit is nie die pad wat 'n mens moet volg nie.

Met ander woorde, Marais het 'n hele ent gekom in hierdie soeke, maar hy kon net 'n ent kom, hy het nie geweet wat ons vandag weet nie. Miskien kan ons voortbou op wat hy gedoen het en op sy skouers staan en verder kom. Want ek sien hom nie as 'n mislukking nie, ek sien hom as iemand wat 'n hele ent gekom het op 'n pad wat wel deeglik saak maak.

HB: Kom ons beweeg na die ander baie treffende verhaal, Gemini. Nadat die tweeling daar geskei is en die een dood is, kom hy ook tog weer uit 'n metafisiese wêreld en kommunikeer met sy broer. Is ek reg as ek dit sien?

PCH: Ja.

HB: Daardie metafisiese wêreld, hoe kom 'n mens daar?

PCH: U weet, as jy nou die dag lekker skryf dan raffineer jy dinge so en projekteer dit so dat jy iets kry wat 'n hele ent weg is van jou eie ervaring. As jy dan respek het vir die leser, los jy dit daar. Jy het een interpretasie en hy kan 'n ander interpretasie vind wat dalk meer geldig is as joune.

Hierdie man met die twee koppe — hy protesteer daarteen — dit is 'n stryd — is dit nou twee mense of is dit nou een? Ek het dit gesien as simbolies van 'n mens wat van sy eie psige vervreemd geraak het en later dan weer daarmee verenig is. Maar iemand anders kan iets totaal anders daarin sien of daarin lees.

HB: Met ander woorde, dit is eintlik meer op die psigologie gebaseer?

PCH: Nee. Dit was vir my so, maar ek sou graag sien dat 'n leser iets totaal anders daaruit kan vind, soos met 'n abstrakte skildery. Want dit is miskien van die verhale wat die mees abstrakte is, en dan is dit geweldig interessant. Jy kry twee keurders, en een sê vir jou dit is nou regtig nonsens, dit is somer 'n stink storie, en die tweede een sê, "honderd persent, dit is om van regop te sit!" Oor dieselfde verhaal! Ek sien dit graag soos 'n abstrakte skildery, dit vloei voort uit iets in jouself en dan kan elke mens daaruit put wat hom pas.

Maar weer — die ontstaan van die verhaaltjie was vreeslik interessant, want ek ry eendag in die kar en my dogter Rouviere sit agter in die kar — sy was 'n bietjie kleiner gewees — en ons ry so en sy sê "Pa, as iemand nou twee koppe het, is dit een mens, of twee mense?" en ek sê dit is twee mense. Sy sê, "as hulle nou een kop afsit, is dit moord?" En ek sê, "man, bly stil, jy praat nonsens!" En dié nag droom ek oor die ding. Ek droom ek het hierdie twee koppe, en ek bel my skoonsuster en ek sê wat moet ek maak en so aan en daar groei dit weer uit, sien.

HB: Kan 'n mens ook iets soos skisofrenie daarin lees?

PCH: Nee, ek sou nie dit sê nie, ek sou sê dis die moderne mens wat vervreemd geraak het van sy eie gees. Hy het hier nou iets afgesterf en almal het hom verseker hy het dit nie meer nodig nie, toe kom hy agter dit is tog 'n deel van homself.

HB: Ja, dit is baie begryplik. Kan u miskien oor 'n paar van die ander wêrelde vanuit die ander verhale met ons praat?

PCH: Ná die wêreld van die wetenskaplike en die ingenieur wat mens nou bekendstel en hierdie dieper geesteswêreld wat 'n mens ondersoek, is daar 'n interessante wêreld van mense wat genoeg selfvertroue gekry het om die samelewing wat aan hulle torring en karring tromp-op te loop. Daar is Fanie wat 'n IK van 204 het, en as almal nou heeldag met hom lol en Saterdag wil hê hy moet met rekenaars werk as hy wil gaan speel, blaas hy die hele wêreld se rekenaars op. Dan is daar Samuel-hulle wat aan 'n universiteit werkzaam is — dit het nou met my werk hoegenaamd niks te doen nie, verstaan — waar die administrasie hulle so onderkry dat hulle hul in 'n ge-

stig inboek en die administrasie daár gebruik om al die papierwerk van die universiteit weg te hou van hulle. En Stoffel en Madelief wat op 'n plasie bly en "aromeer" om die indringers weg te stink om hulle. Dis 'n bietjie robuuste satire oor mense wat nou die selfvertroue het om die indringers te verwilder.

Dan is daar op die einde mense van ander wêreld wat hierheen kom om te help. Daar is die verhaal "Die Sendelinge", van wesens van buite die aarde wat na Kimberley kom. In die laaste verhaal, "My lieflinge uit Transnirvana" kom 'n man se vrou en dogter uit 'n land anderkant die hemel om kuns na die aarde te bring. Dit dek, sou ek sê, ongeveer die bestek van die bundel self — hoewel daar nou nog ander interessante dinge is waarvoor 'n mens later kan skryf.

HB: Ek sou baie graag oor die wêreld van die wetenskap, die wêreld van die eksakte wetenskap, die wêreld van die fisika en van die chemie — ek sou graag daaruit wou weet hoe belêf 'n mens hierdie wêreld. Ek dink dit is een van ons groot probleme as mense, hoe oriënteer jy jouself — as jy in die blou lug opkyk dan voel dit nie vir jou eintlik so nie, maar as jy mooi daaroor dink dan besef jy uiteindelik dat jy in die ewigheid inkyk, want dit is einde-lose ruimte waarin jy kyk.

Nou het ons daardie wêreld waarvan ons so deel is. Die wesens wat van ander planeete hiernatoe sou kom, sou eintlik dus nie van 'n ander wêreld af kom nie, nie in die sin van 'n metafisiese wêreld wat heel anders is nie, nie waar nie, want dieselfde wette, swaartekrag, dieselfde chemiese same-stellings of dieselfde fisiese eienskappe sou ons in die wêreld waar hulle vandaan kom, kon vind as wat ons by onself het, nie waar nie?

PCH: Daar is 'n interessante ding hier, as 'n mens weer 'n bietjie perspektief kry. Ek het eenkeer 'n jaar gevat — ek moet die werk nog publiseer een of ander tyd — om te kyk na die tydsverloop in die heelal, soos ek in "Die Mil-jardplaatjies" na ruimte gekyk het. Vir 'n jaar se vrye tyd, Saterdag, het die sitkamer vol boeke gelê soos ek rondgekrab het. Toe ek nou klaar was, wou ek die dinge aanskoulik maak en toe neem ek die ses skeppingsdae van Genesis as my tydskaal. Deur 'n miljoen jaar te neem as 'n minuut vind ek daardie tydskaal.

Toe ek nou die stof gerangskik het, toe is die eerste skeppingsdag soos wat dit in Genesis is, en die tweede en die derde en die vierde tot die sesde. So, daardie mense het die dinge reg beskryf en reg ontvang. En wat nou inter-essant is as jy kyk na wat sal word van die heelal — dat dit uitsit en weer sal inkrimp en dat daar dan weer 'n oerknal sal kom — is dat dit net so staan in die Bhagawad Gita wat 3 000 jaar oud is. So daardie band tussen die psi-giese geesteswêreld en die natuurwetenskap is sterker as wat ons dink. Nou is die interessante vraag, wat lê nou voor, en daarin stel ek intens belang as ek kyk wat in die laaste 80 jaar gebeur het — relativiteit, kwantummega-nika, kernenergie, genetiese ingenieurswese en al hierdie dinge. Ons kan nie so verwaand wees om te dink dat hierdie 80 jaar so spesiaal is in die

wêreld se geskiedenis nie, en op die skaal van die ses skeppingsdae is die laaste 16 000 jaar, vandat die beskawing begin het, maar een sekonde en in die laaste twintigste van 'n sekonde het al hierdie dinge gebeur. En nou is die vraag: wat lê in die volgende ses dae voor? En u moet onthou die reël is dat dit wat gaan gebeur in die volgende 20 of 30 jaar, wat 'n groot deurbraak gaan wees, vir die mense wat dan leef net so snaaks gaan wees as wat kernenergie en relatiwiteit voorheen was. So dit sal moet wildvreemd wees, om daardie selfde verbasing te wek.

HB: Ek sou baie graag dat u, ek wil nie sê profeet speel nie, miskien in 'n ander sin, 'n bietjie meer spekulatief moet wees. Wat kan ons verwag in die volgende tydperke wat voorlê?

PCH: In die eerste plek dink ek dat die genetika tot sy volle ontplooiing sal kom met genetiese ingenieurswese en daardie soort van ding en dat daar groot ontwikkelings gaan wees. Maar vir die regte wilde kaarte, die heel vreemde goed, is daar sterk aanduidings dat dit met die mens se bewussyn, met die brein, baie te doen kan hê. Daar is nou harde wetenskaplike getuënis wat oor en oor bewys is van dinge soos telepatiese kommunikasie. Ek bedoel dit nie as iets wat in 'n afbrekende sin teen wetmatigheid indruis nie, ek bedoel iets in 'n wetenskaplike sin. Daar is selfs harde getuënis dat mense in staat is om die verlede te beïnvloed. Dat 'n man dinge soos die verval van radioaktiewe atome, wat data op 'n magneetband vaslê waarmee hy 'n dag later eksperimenteer, terug kan beïnvloed. Nou, dit klink wild — maar onthou, ons het gesê dit is die vereiste. Dit moet so wild wees dat jy dit amper nie kan glo nie. En as hierdie dinge in die volgende twintigste sekonde kan gebeur, kan dit wees dat êrens in die volgende ses skeppingsdae — as dit dan nie reeds die voleinding is nie — ons die brûe begin slaan na die ander wêreld, van die gees. Ek hoop net ons sal dit kan benut en iets goeds daarvan sal kan maak.

Tom Gouws duiwelsbrood

“We shall by morning
Inherit the earth.”

— Sylvia Plath

snags as die stilte in die nag se armholte woel
roer ons sag in die grond
sagter as asem

in die nat genade van die agterbuurt
vlinder ons skouers onsigbaar
na buite uit

die maan knik en tik sy sekel sag
op elke geboë helm
nederig

stoot ons uit op die erwe van ons vaad're
kleim sonder spoor of transport
ons gedeelde geheel

ons spin die aarde in ons swart lanfer toe
sag sonder kern of krag
ons is so veel

ons groei so geil in die swart nag se lies
styf gesteel en sproeiig geskoot
ons roer stil

hamer sag aan die venster met 'n vuig
diep ontroer deur die bloed
in die son se oog

judith mason selfportret in groen

“verlies belooft meer dan behoud”
— elisabeth eybers

ruïnes groei soos wonde dra
maaiergroen 'n skans teen die vreeslike verweer
skeur deur huid en heel sag die seer
lê verinnuweer in die vel en verdra

die nimmereindigende plunder en vertier
van die vleesbelustige slang
wat eensinnig koesterend bederf en verlang
na ongedekte gate glip en binneskuur

in tot waar skimmel natterig trettet
bloed tot slykslym stol in die portret
vier sibille die dood die sluwe ou slet
— die kwasättar verduur die etter

André Letoit

Afrikaans in die een-en-twintigste eeu — 'n verhandeling

Gaan Afrikaans oorleef in die een-en-twintigste eeu, en indien wel, in watter vorme?

Die debat oor 'alternatiewe Afrikaans' wat nou aan die gang is, kom in 'n sekere sin te laat, en in 'n ander sin weer te vroeg. Myns insiens is Afrikaans nog só 'n jong taal dat drie-en-sestig jaar se amptelike erkenning ons onmoontlik nog genoegsaam tyd kon gee om dié soort vaste norme vas te lê waarteen 'n sg. alternatiewe Afrikaans kan skop. Afrikaans, uit sy aard, is alternatief, full stop.

Dat ons ná drie-en-sestig jaar al drie literêre bewegings kon hê, by name Dertigers, Sestigters en Tagtigers, is ook bietjie moeilik om aan te byt.

Ek, as skrywer, terwyl ek dikwels betoog dat van die grootste boeke in wêreldletterkunde alreeds geskryf is in ons eie alternatiewe taal, glo, aan die ander kant, dat die ware toekoms van Afrikaans iewers in die verskiet anderkant die Bult lê, dat dít waarmee ons die laaste eeu besig is, vir 'n volgende geslag navorsers dalk alles saamgebondel gaan word onder die "Eerste Taalbeweging", of "pre-revolusionêre vingeroefening".

Dat ons afstuur op 'n revolusie, is 'n voldonge feit. Om die waarheid te sê, gematigde en Westerse waardes in Suid-Afrika is in 1988 in só 'n mate uitgekalk dat slegs 'n wonderwerk ons nou van die lot van ander Afrika-state kan red. Hetsy die revolusie 'n burgeroorlog gaan wees tussen wit en wit, wit en swart, of swart teen swart, daar is oorlogswolke in die lug; ek wil dit nie so hê nie, nie een van my vriende wil dit hê nie; dit gaan 'n lang nag wees sonder enige plek vir gematigdes. Dit kan begin in die vorm van 'n K.P.-verkiesingsoorwinning, waarna die bietjie wat oorbly van ons ekonomie binne twee weke in sy peetjie gaan vlieg; dit sal gebeur sou die N.P. aan bewind bly; dit sal waarskynlik gebeur onder een man een stem, want ek twyfel of Inkatha en ander swart magte sal kan mag oorneem sonder onderlinge geweld. In hierdie donker uur is ons kultuurgoedere belangriker as ooit; dit kan nie ons basse red nie, nee, maar dit bied troos aan denkende mense, en dit sal aan die eerste post-revolusionêre geslag 'n basis gee om verder op te bou. En Afrikaans? Dit sál oorleef, of dit as amptelike taal behoue gaan bly of nie. Die Afrikaans van ná die revolusie sal desnoods anders klink as A.B.A., en heelwat anders lyk op papier. Maar die taal, soos Hitler se Volkswagens, sal bly voortbestaan, al is dit al goeie ding waarvoor Afrikaners onthou sal word in die een-en-twintigste eeu. Dit sal oorleef omdat woorde sterker is as gewere. Omdat 'n revolusie en ekonomiese val, hoewel dit uiters nadelig vir 'n boekebedryf is, baie positief inwerk op letterkunde. Van die beste poësie wat nog in Afrikaans geskryf is, is selfs in hier-

die tye van literêre metodiek en prysuitdelings, dié wat gebore is uit die pyn van die Vryheidsoorlog:

'Waar treurig nog die wolfgehuil
Weerklankend in die klowe daal,
En grootwild om die syferkuil
As skadu's in 'n stofwolk maal;
En huiswaarts brommend sluip die tier
Sy donker moordplek pas verlaat,
Wanneer die eerste grou lumier
Met slepend' mis die veld beslaat.

O Land van al ons liefde, daar
Sou ek aanbidkend weer
Die kloppe van u hart gewaar,
U moederlike skoonheid eer.'

(Uit: 'Waar Tebes in die stil woestyn' deur Eugène Marais)

Vergelyk dit met die volgende reëls uit 'Dito's' van T.T. Cloete, en jy sien die verskil:

'Oordadig vir een geluid
toegerus is twee ore. Die een geluid stuit
of sluk die ander een deurlopend uit
of in, die straat spoel soos 'n sluis
geluid uit, die tortelduiwe om die huis
word met die skottelgoed in die kombuis
gewas. 'n Gansse omvattende gevoelige huid
voel heelhuids dito slegs op een plek ...'

Dis baie jammer, egter, ten spyte van poëtiese rampe soos laasgenoemde, dat die pot nou moet begin oorkook, veral nou dat ons boekebedryf so sterk lyk — volgens Rapport van 21 Februarie is agt en 'n half miljoen Afrikaanse boeke in 1987 verkoop. Dit is 'n duiselingwekkende getal.

Wat my as skrywer en para-kritikus interesseer, is juis hóé toekomstige geslagte óns Afrikaanse geskryfte van dié eeu gaan sien; wat gaan word van die Etienne Leroux's, die Breytenbachs, die Eyberse en Joan Hambidge van ons tyd? Gaan my *eie* pogings hoegenaamd relevant wees vir 'n geslag lesers ná my? Ons kan aanvaar dat só 'n geslag ander literêre strukture en maatstawwe sal hê; ook dat tyd afstand sal bring, en koring van kaf sal skei. Om 'n voorbeeld te noem: alle Afrikaanse studente sien die ontwikkeling van ons letterkunde vandag deur 'n sekere bril. Daar word algemeen aanvaar, al sê min geleerdes dit pertinent, dat N.P. van Wyk Louw ons grootste

digter was. 'n Toekomstige geslag, wat met heel nuwe oë, kan ek sê, kinderoë, na Afrikaans kyk, kan netsowel Uys Krige, Breyten Breytenbach of selfs Peter Snyders uitsonder as die betekenisvolste digter van die twintigste eeu. Dalk is die romans wat onthou sal word, nie 'Sewe Dae By Die Silbersteins' nie, maar werke soos 'Poppie Nongena' en 'Kenniss van die Aand'. Dalk word Dalene Matthee onthou as 'n literêre reus instede van Brink. Dalk word Eugène Marais hoër geag as Opperman. Myns insiens is sekere boeke seker om vir die volgende geslag immergroen te bly: ek kan my kwalik voorstel dat enige literêre student van enige era onaangeraak sal kan bly deur Van Bruggen se 'Ampie', Mikro se 'Môre Is Dit Nuwemaan', Chris Barnard se 'Duiwel-in-die-Bos' of Oliphant se 'Bloed Vloei In Stilte'. Hierdie is nie voorspellings nie; dit is gissings.

Vir mense wat ná my kom, en ek het begin aanvaar dat ons wat vandag boeke skryf, dit al meer om hulle onthou doen as ons eie, sou ek graag, indien hulle dié eksemplaar van Tydskrif vir Letterkunde ontdek in die puin, sekere riglyne wou gee:

Wanneer julle Afrikaanse letterkunde bestudeer, ignoreer asseblief alle literêr-historiese of literêr-kritiese studies soos dié van Dekker of Kanne-meyer. Die enigste boek wat in dié verband hoegenaamd gewig dra, is A.P. Grové se 'Woord en Wonder'.

Ignoreer die dekade-indelings. Dit was visies van grandeur aan die kant van 'n volk wat te gou wou geskiedenis skep. In elk geval was baie bekroonde en hoogs aangeskrewe werke wat tipies van die eras was, net vingeroefeninge, nabootsings van oorsese style. Die 'Dertigers' heul met Keats en Shelley; en dié invloed word in Afrikaans net oortref deur I.D. du Plessis en in één lang gedig van N.P. van Wyk Louw — 'Raka'. Lg. is, ten spyte van die feit dat dit mank gaan aan 'n hopeloos eensydige *plot*, 'n kleurlose *goodie* as protagonis (want Koki is selfs minder interessant as mens teenoor Raka as Milton se Christus teen Satan in 'Paradise Lost'), die beste erotiese literatuur wat ooit in Afrikaans geskep is. Die 'Sestigers' het op hul beurt geheul met die Franse Simboliste, die Romantici en ander Europese denkrigtings; tog is heelwat publikasies, in die besonder Rabie se '21', die moeite werd. Die Tagtigers weerspieël ook baie invloede van oorsee tweedehands: Kerouac en Ginsberg, Tom Robbins, Calvino, en andere. Maar probeer gerus 'Skerste' lees van M.C. Botha, en ook die digbundel "'n Kraan Lek in die Agtermiddag' deur P.J.J. Conradie.

Wat teater betref: kyk tog hierna. Baie Afrikaanse dramas en kabarette lyk oninteressant op papier, maar maak uitstekende verhoogstukke. Daar is die byna vergete 'Tara-Boemdery' van Chris Barnard wat beslis tot julle sal spreek. Daar is die Kabaret 'Skuus vir die Wals' van Etienne van Heerden, waarvan hopelik nog bladmusiek of bandopnames bestaan. Selfs party van Hennie Aucamp se stukke sal gedeeltelik nog werk. En het julle al gehoor van Casper de Vries? Hopelik, as ons gelukkig is, lewe hy nog wanneer julle met julle navorsing begin; hy sal interessante staaltjies kan vertel. Myns

insiens sal Pieter-Dirk Uys teen julle tyd al gedateerd wees — hy is nou al — en dis baie jammer, want sy video's het die pre-revolusionêre klimaat baie goed saamgevat en byna so 'n groot invloed gehad soos die satiriese stukke van Voltaire vóór die Franse Revolusie.

Ek sou ook aanraai dat julle liefs wegby van die kunsmatige indelings 'letterkundig' en 'populêr'; dit is vandag hoogs subjektiewe afbakenings wat nie werklik gegrond is op onafhanklike resepsestetiese studie nie. 'n Skryfster soos Alba Bouwer, sal julle dalk verbaas wees om te hoor, is in ons tyd beskou as 'n suiwer populêre kunstenaar, terwyl haar werk tog ooglopend baie literêre meriete bevat. As julle móét gebruik maak van kategoriese indelings, gebruik liever die terme 'eksklusief' (werke wat uitsluitlik vir 'n deel van die mark geskryf is) en 'inklusief' (boeke vir die hele mark). 'n Mens kry swak inklusiewe boeke ('n Roos Vir Die Karoomeisie' deur André le Roux du Toit) en goeie inklusiewe boeke ('Fiela se Kind'). Eksklusiewe boeke is dié van Hambidge, Koos Prinsloo, T.T. Cloete, ensovoorts — ek sou graag 'Die Hemel Help Ons' deur Prinsloo en 'Onderhoud Met 'n Bobbejaan' deur Cloete uitsonder as meesterstukke.

Dan is daar ook dié legendariese werke wat aanvanklik geskryf is as inklusiewe literatuur, maar tog groot veld gewen het. Onder dié boeke tel werke wat, vir ons tyd, baie reaksionêr was, hetsy polities of stilisties — d.w.s., mens sou verwag dat hulle toeganklik sou bly vir slegs 'n klein deel van die bevolking — en tog het hulle 'n groter mark verower, baanbrekerswerk verrig, en oor die middellyn heen beweeg om volksbesit te word. Ek sou dié boeke, en dié's alleen, 'middelmoot' noem. Die grootste middelmootskrywers van ons tyd is dan sonder enige twyfel André Brink, Antjie Krog, Breyten Breytenbach, Ettiene Leroux, Elsa Joubert, Alexander Strachan en Anette Human. (Was daar meer sulkes, sou ons dalk die revolusie kon voorkom het.)

Dankie vir die oor, en terug na die twintigste eeu.

Die dinge wat ek gesê het oor komende geweld en revolusie, my liewe lesers en mede-skrywers, kan beklemmend klink. Dit is egter geen nuwe gedagte nie — ons almal voel dit tog al geruime tyd uitbroei. As die miere begin rondskarrel en die paddas begin kwaak, weet ons daar kom 'n reënstorm. En ons staan aan die vooraand van 'n storm, want die burokrate kom uit hul skuilplekke en kry gesigte, terwyl mense met natuurlike leierskapvermoëns al minder gekrediteer word en ingeperk word deur wette — ek praat van leiers van beide links en regs, sonder om kant te kies. As die Afrikaner werklik 'n behoefte het om homself te vernietig, laat hom begaan — ons kan daar niks aan doen nie. Sulke dinge gebeur oor en oor in die geskiedenis, en dit gebeur gewoonlik net wanneer daar só baie onkruid tussen die koring is dat slegs 'n totale veldbrand die veld kan suiwer. Vandag is daar baie kakkerlakke én eekhorings in die woud; albei gaan uit hul skuilplekke gerook word en deur die toekoms geken word vir wat hulle is. En bowenalles, moenie ophou skryf nie — julle lesers is meer as wat julle besef —

dalk, wie weet, is ons kombuistaaltjie in 2088 een van die sterkste tale ter wêreld.

En dalk, wie weet, is dié Afrikaanse gedig deur H.A. Fagan ons volgende Volkslied! Ek haal aan:

'Uit duisend monde word die lied gedra.

Ek sluit my oë; soos 'n serafskoor
val daardie stemme strelend op my oor:

"Nikosie sikelel'i-Afrika" —

ons vra U seën, o Heer, vir Afrika.

Ek kyk, en sien die skare voor my staan:

Zoeloe en Xhosa, Sotho en Sjangaan,
en ek, 'n Blanke — vele volkere, ja —
almal verenigd om Gods seën te vra
op net een tuiste, net een vaderland,
want die Alwyse het ons saam geplant
en saam laat wortel in Suid-Afrika.

"Nikosi sikelel'i-Afrika" —

seën, Heer, die land wat vele volkre dra."

(Uit: 'Soos die windjie wat suis', 1949,
Nasionale Boekhandel)

Kan Afrikaans dan nog ondergaan? Ons, wat reeds in Langenhoven ons eie Kafka opgelewer het, in Ingrid Jonker ons eie Sylvia Plath, in Bartho Smit ons eie Artaud, in Adam Small ons eie Buddy Holly, in Brink ons eie Norman Mailer, in Karel Schoeman ons eie Graham Greene, in Breyten ons eie Mallarmé, in Johann de Lange ons Rimbaud en Opperman (in sy helderder oomblikke) ons Neruda?

Nee, goeiste; dis onmoontlik dat 'n kis met sulke mooi juwele in deur 'n nageslag weggegooi word. Ons geslag kan dit dalk tydelik mislyk en inruil vir Dallas, Dynasty, Netwerk, Mills and Boone of Konsalik — maar ek het meer vertroue in die geslagte van die toekoms as dít.

Viva le Kombuistaal!

Joan Hambidge Vyf verse

Leenspreuk

'n Dubbelagent: dié ding
pleeg verraad, berokken skade
sover hy gaan. Wys geen berou,
die opperste verraaiër. 'n Kim Philby.

Van sy sinne bercof swymelend
snags wanneer die aarde oor
sy meniskus buig, betree hy,
planlose, dubbelpotige ensiem.

In-sink

Om met jou muse te slaap. Nee.
Die ligtartende verraad van 'n vangnet
met 'n gat. Sweefstokartieste spring
tog vanself net sóver. Die moordenaar, ja
word die speurder. Die speurder net
'n blindelingse nar. Die nare voorgevoel met gevoel (Ja)
dat iets moes gebeur. Ontbeer. Opdring.
Om met jou muse te slaap. Nee.

Denkende droom

Irritasies in die oester laat groei
'n wit pêrel; insgelyks broei
iets op papier na 'n indruk.
(Vir sommige musiek op die dek,
vir ander 'n reddingsboei, op die Titanic.)
Die bewër, landskaparties, laat op 'n boom
sy tandmerke; my vingerafdrukke

(in swart), skynbaar nie weg te droom.
Dié proses sal 'n ongehoorde rym bring
soos 'n beeld altoos bly ópdring.
Die perfekte gedig,
soos die perfekte moord,
is meesal,
'n verlore droom.

Malum/malus

Net vanweë 'n episode
onafwendbaar in die Edense tuin
('n appel b-oo-s gepresenteer)
raak alles eindig, breekbaar, 'n agonie.
Elders aanvaar Thomas-die-rymer
(glo van Erceldoune) dié vrug
uit 'n fee se wit towerhand.
Soos Thomas tot rymgoëlaar verhef,
en iewers onsigbaar, onhoorbaar skuil,
sal ieder wat met bouse, swart appels toor
tot in lengte van ryme dié tyding hoor.

Sonnet

Mens skil 'n appel van links
na regs, of is dit regs na links?
Splits dit oop in twee gelyke
helftes (soos die bewuste/onbewuste).
Pluk nog appels aan die lewens-
boom, toé. Want so wou Eva
vir Adam ewigdurend laat leef.
Dié vorm eis eers konkrete beeld
dan toepassing. Eers ding dan gedagte.
'n Eweredige splitsing tussen oktaaf
en sekstet. Of dan?

J.C. Steyn

“John Mackenzie, moe nie grens nie” —
Aantekeninge oor ’n swerfrefrein

Die gedig “Stellaland” van Petrus (P.D. Rossouw) is een van die min negentiende-eeuse gedigte wat in die *Groot verseboek* van D.J. Opperman opgeneem is. Dit het oorspronklik op 29 Augustus 1884 in *Die Afrikaanse Patriot* verskyn onder die titel: “An d: adres van John Mackenzie”. In *Twee en sestig uitgesogte Afrikaanse gedigte*, versameld deur F.W. Reitz, verskyn dit onder die titel “Stellaland”. Die *Verseboek*-weergawe verskil net in spelling, hoofletter- en leestekengebruik van die stuk in die *Patriot*, byvoorbeeld “moenie” pleks van “Moe ni”. P.J. Nienaber skryf dat die gedig “onder die volk ook baie bekend is” en dat die skrywer, ds. Rossouw (1844—1896), daarmee “sy naam gevestig het”.¹⁾

Die man oor wie die gedig handel, is John MacKenzie (1835—1899), wat ’n sendeling van die Londense Sendinggenootskap en pleitbesorger vir die uitbreiding van Britse imperiale beheer in Suid-Afrika was.²⁾ Die eerste strofe van die gedig (“John Mackenzie / Moe nie grens ni, / Ja, jou tyd was kort. / Jy het ni kan toon nie! — / Sonder seremoni / Moes jy so maar vort!”) verwys klaarblyklik na die kort tyd wat MacKenzie adjunkkommissaris was van die nuwe Britse Betsjoeanaland-protectoraat wat in Februarie 1884 tot stand gekom het. Die gebied het die twee Boererepublieke Stellaland en Goosen ingesluit, wat hoofsaaklik uit Transvaalse burgers bestaan het. Die burgers het hul dienste vrywillig aangebied aan Tswana- en Korana-teenstanders van Montshiwa, die Rolonghoof en Mankurwane, die Tlhlapinghoof. In ruil vir hul dienste het die burgers grond en beeste van die oorwonne stamme ontvang. MacKenzie het baie vyande in Kaapstad gehad, onder andere Cecil John Rhodes, wat in MacKenzie se bedrywighede ’n hindernis gesien het vir sy eie toekomsplanne in Suid- en Midde-Afrika. Die Britse hoë kommissaris, sir Hercules Robinson, is daarop ooreed om MacKenzie oor te haal om te bedank nadat hy die amp drie maande beklee het.³⁾ MacKenzie se vyande was natuurlik nie net in Kaapstad nie. Die burgers wat die twee republiekies gestig het, het gehoop dat hulle mettertyd deel van die Zuid-Afrikaanse Republiek sou word. MacKenzie het met sy optrede die Afrikaners teen hom die harnas in gejaag.⁴⁾ Die boodskap van die gedig sou mens seker kon sien as ’n verwensing — ’n wegwensing Engeland toe — van ’n Engelsman wat ’n Afrikaanse strewer (in hierdie geval gebiedsuitbreiding) teengewerk het.

In Junie 1903 het John Mackenzie onverwags herleef. En weer was daar ’n Afrikaanse digter wat ’n Engelsman verwens het wat ’n Afrikanerstrewer teengestaan het. Hierdie strewer was die behoud van die Afrikaanse taal.

Die nuwe John Mackenzie-gedig het verskyn in die Hollandse afdeling van die Bloemfonteinse dagblad *The Friend*. *The Friend*, wat in 1850 gestig is en in die Tweede Vryheidsoorlog publikasie moes staak, het op 11 Oktober 1902 publikasie hervat. Die redakteur was, ook nog in Junie 1903, Arthur Barlow, die later bekende politikus.⁵⁾ Die redakteur van die Hollandse deel was Johannes Visscher, 'n gebore Nederlander wat die Afrikaanse taalbeweging van harte gesteun het.

The Friend was destyds die woordvoerder van die Vrystaatse Afrikaners en gematigde Engelssprekendes. As sodanig het dit die Britse taal- en onderwysbeleid teengestaan.

Die stryd het vir 'n groot deel gewentel om die onderwys. In sowel die Oranjerivier-kolonie as Transvaal het die Afrikanerleiers en die Afrikaanse kerke beswaar gehad teen die geringe plek wat Hollands in die onderwys ingeneem het. *The Friend* het die Afrikaners in sy nuus- en hoofartikel-kolomme in hierdie saak gesteun.

Op 27 Mei 1903 skryf *The Friend* byvoorbeeld dat hy die regering verskeie kere gewaarsku het dat, indien dit die versoeke van die NG Sinode aanhou ignoreer, daar net een alternatief oorbly, naamlik eie skole. In Transvaal, waar die regering nie die kerk wou tegemoet kom nie, tref die kerk reeds reëlings vir private skole waarin die Hollandse⁶⁾ bevolking alle geleentheid gegee sal word om bedrewe te raak in die gewoontes, geskiedenis en taal van hul voorvaders.

Die versoeke wat die regering geweier het, was een vir die vyf uur per week Hollands, die ander dat skoolkommissies die reg moet hê om, onderworpe aan die goedkeuring van die regering, self onderwysers aan te stel. Die koerant verwys na lord Milner se Angliseringsbeleid waarteen hy sterk beswaar maak. Hy skryf voorts dat mnr. Joseph Chamberlain, die Britse minister van kolonies, en lord Milner nie langer kan sê dat die Afrikaners tevrede met die onderwysstelsel is nie. "They may term the Dutch unwilling and suspicious, or even ungrateful and disloyal, and seek refuge in 'kicking the man when he is down', but the facts will rise self-assertively against them when two rival systems exist to each other's detriment. For, even should they succeed in crushing the Dutch attempt to educate Dutch children in the customs, history, and language of their fathers, the expressiveness of their methods will remain best evidence as to their unsuitability."⁷⁾

Dit is hoofartikels soos hierdie wat 'n tweede John Mackenzie vir 'n kort tydjie in die Vrystaatse hoofstad na vore laat kom het.

Ene John Mackenzie (van Bon Accord Hotel, Bloemfontein), sê naamlik op 4 Junie in *The Friend* dat die koerant se "ever recurring attacks upon our constituted authorities" hom sy brief laat skryf het. Hy skryf dat die koerant "no friendly nor beneficial service" aan die Afrikanerkinders of aan die "Boer portion of the community" bewys "by your advocacy of the Taal". Dan gee die skrywer sy argumente — wat niks ongewoons vir daardie periode was nie; koerante soos *The Bloemfontein Post*, *The Transvaal Lea-*

der en *The Cape Times* het heel dikwels soortgelyke pleidooie ten gunste van Engels as enigste amptelik erkende taal gelewer. "Cape Dutch", sê John Mackenzie, is nòg 'n literêre, nòg 'n handelstaal. "In the mercantile world it is obsolete and out of date, a debased patois which can never hope to attain to the dignity of the language. It has no literature, it has never blossomed out into one little flower of poetry; its use is confined to a particularly small and commercially unimportant portion of the universe."

In sy oorspronklike vorm was "Cape Dutch" die taal van die laer klasse van Amsterdam, en dit het geleidelik agteruitgegaan "until it now merely lisps the inarticulate mutterings of half-educated men. I am a lover of the beautiful, in form, in colour, and in sound, and to me there is no sweeter music than in listening to an educated lady or gentleman speaking the rich English language with its beautiful accent, and the flutelike, musical intonation". Mackenzie prys eweneens die skoonheid van Frans en Italiaans, en sê dan: "South African Dutch is a harsh, guttural and unlovely language, if it can be dignified by the name of language." Laat enige onbevooroordeelde kritikus luister na hoe die Hollandse name uitgespreek word van die dae van die week en "the beautiful word 'daylight', or 'wagons wanted', and for say 'one hundred and eighty-eight' ". Die skrywer het eenmaal die geleentheid gehad om na 'n toespraak van pres. Kruger te luister. "Well, he gurgled, he grunted, and he hoched until I fell alarmed, lest he would suffocate himself or dislocate his vital organs".

Die Afrikaanse kinders kan reeds "the Taal" praat, en dit sal daarom 'n verspilling van hul tyd wees om hulle dit te leer skryf en lees. Aangesien Suid-Afrika 'n tweetalige land is, is dit onnodig, en as hulle die land verlaat, sal dit vir hulle absoluut nuttelos wees.

The Friend reageer in sy "Notes" op die hoofartikelblad op hierdie brief. Aangesien die Hollandssprekendes meer as die helfte van die bevolking van Suid-Afrika is, is dit regverdig dat hul kinders opgevoed moet word ooreenkomstig die wense van hul ouers. Dis lofwaardig dat Mackenzie die Engelse taal beskou as "beautiful, flutelike and musical", maar ander mense beskou dit dalk weer as "very unmusical and harsh, if not crude". Dis 'n kwessie van smaak, "only, Mr Mackenzie's palate is too patriotic to tolerate an aftertaste of Dutch". Die Hollandssprekendes het nog liefde vir hul " 'deteriorated patois' " en die feit dat die korrespondent dit beskou as "a 'barbarous and uncouth language' will not affect their feelings in the matter ... Would Mr. Mackenzie discard his own children because someone else's were more beautiful; or would he forbid the growth of his own language that his children might 'lisp the rich liquid terminals of the Italian language'?" (Dit is woorde wat Mackenzie gebruik het om Italiaans te karakteriseer.)⁸⁾

John Mackenzie het op 8 Maart 1903 op *The Friend* se aantekening gereageer, maar sowel die brief as die *Friend* se reaksie daarop die volgende dag erval in besonderhede oor wat bedoel is en wat verkeerd vertolk is enso-

voorts. *The Friend* het wel in sy stukkie afgesluit deur te sê: "We are sorry, but our space is too valuable to give publicity to that which we are constantly combatting, namely: The perversion of truth by the venting of passion."⁹⁾

Maar hoewel die klein meningswisseling so gou beëindig is, het daar op 10 Junie in *The Friend* se Hollandse afdeling — wat onder die bladsy-opskrif "De Vriend" verskyn het — 'n lang gedig verskyn onder die opskrifte: "De Taal Kwestie / Een gedicht / Aan John Mackenzie". Bo-aan word vermeld dat "een zekere John Mackenzie "in die Engelse kolomme 'n brief gepubliseer het waarin hy beweer het dat dit onnodig is om die Hollandse taal te leer aangesien dit reeds uitsterf "en eene lelyke taal is, indien men haar kan vereeren door haar een taal te noemen. Hy is van oordeel dat het tydverspil is om de taal te leeren." In verband met hierdie brief het 'n korrespondent die gepubliseerde gedig gestuur.

Dit is geskryf op dieselfde patroon as "Stellaland", hoewel met een reël minder, en het dieselfde aanvangsreëls in elke strofe: "John Mackenzie / Moe nie grens nie". Die res van die gedig is egter aangepas by die nuwe tema. Die eerste strofe lui byvoorbeeld: "John Mackenzie / Moe nie grens nie / As jy nie ons taal kan leer. / Jy is oud al, / Eersdaags koud al, / Dan behoef jy dit nie meer." Die hele gedig van sewentien strofes het die taalstryd as tema en verwys ook na die taaltoestand in Skotland, Wallis en Ierland. (Die gedig word as bylae aan die einde van hierdie stuk bygevoeg.) Wat die gedig iets van die bekoorlikheid en trefkrag van volkspoësie gee, is die refrein aan die begin van elke strofe. Die woord "swerfrefrein" lyk hier vanpas omdat dit soos die swerfreëls van volkspoësie in meer as een gedig voorkom. Die verwysings na taaltoestande elders maak dit wel meer intellektueel. Skots is waarskynlik bygebring omdat daar 'n paar keer in die klein polemiekie daarna verwys is. *The Friend* het na aanleiding van die lelike "guttural" klanke wat Afrikaans sou hê, geskryf daar is baie mense wat Engels met "a very guttural Scotch accent" praat en nogtans trots daarop is. "None of such Scotchmen could reasonably ask the Dutch to be ashamed of what they themselves are proud."¹⁰⁾ Mackenzie het geantwoord dat dit waar is, "and for that reason no one but a crank, or a faddist would advocate that it be taught in schools, and it is not taught in any school in Scotland, nor out of it. Scotchmen use it at social and convivial gatherings, but for purposes of correspondence and commerce we employ the English language."¹¹⁾ Daarna het *The Friend* in sy antwoord terloops terugverwys toe dit geskryf het: "If Scotchmen are satisfied to assign their language to the realm of oblivion, that is their business ..."¹²⁾

Die 1903-gedig is ewemin as die 1884-vers van veel literêre waarde. Maar dit, en die briefwisseling wat dit voorafgegaan het, gee iets weer van die gees van die tyd, terwyl die herlewing van die 1884-refrein die effektiwiteit van die oorspronklike ryme illustreer.

BYLAE

De Taal Kwestie
Een Gedicht
Aan John Mackenzie

John Mackenzie
Moenie grens nie
As jy nie ons taal kan leer.
Jy is oud al,
Eersdaags koud al,
Dan behoef jy dit nie meer.

John Mackenzie
Moe nie grens nie
Jy maak jou voorniet zoo kwaad.
As jy dood is,
Kinders groot is,
Zal hul nog die landstaal praat.

John Mackenzie
Moe nie grens nie
Jy zal jou verniet vermoei.
Met jou rase,
Nes een dwaze,
Zal jy nooit ons taal uitroei.

John Mackenzie
Moe nie grens nie
Laat tog maar die landstaal bly.
Door jou kwaadheid
En kordaatheid
Kan jy straks beroerte kry.

John Mackenzie
Moe nie grens nie
Al het jy jou reeds verbrand.
Ware wysheid
Gaat met grysheid
Lang niet altyd hand aan hand.

John Mackenzie
Moe nie grens nie
Doet jou ronde
Met jou honde
En jou "pet" lam deur die straat.

John Mackenzie
Moe nie grens nie
Ai, verkrop tog lief's jou leed.
Laat maar blywe
Om te skrywe
Over wat jy niks van weet.

John Mackenzie
Moe nie grens nie
Droog gerus jou trane af,
En laat vare
Jou bezware,
Dis tog waarlik al te laf.

John Mackenzie
Moe nie grens nie
Waarom maak jy jou tot gek?
Elk verag jou
En belag jou
Schryf nie meer, en hou jou bek.

John Mackenzie
Moe nie grens nie
As die Berg Schot "Gaelic" praat,
Of in Wallis
Lang nog alles
Nie in Engels oorgaat.

John Mackenzie
Moenie grens nie
Als in Ierland menig een
Engels haat nie
Niks wil praat nie
Dan zyn eie taal alleen.

John Mackenzie
Moe nie grens nie
Wanneer in die "Isle of Man", --
Nie slegs eenig
Een alleenig; --
Veel "Manx" als taal erken.

John Mackenzie
Moe nie grens nie
Indi', Canada en meer.
Uit hul tale
By te hale
Gaat ver boo jou atmosfeer.

John Mackenzie
Moe nie grens nie
Gaat eers thuis die strome stuit.
As jy klaar is,
Nog gespaar is,
Kom dan weer na ons land uit.

John Mackenzie
Moe nie grens nie
As ik dank betuig, met reg,
Wyl ons "Vriend" trou,
Welverdiend jou
Goed die waarheid het gezeg.

John Mackenzie
Moe nie grens nie,
Ik zal jou nie verder plaag;
'k Weet pidante
Aspirante
Kry een dubbel pak te draag.

John Mackenzie
Moe nie grens nie,
Hou jou liever dik van vel;
Sterk en krachtig,
Donkie agtig
Volg die raad en vaar dan wel.

VERWYSINGS

1. Nienaber, P.J.: *Hier is ons skrywers!, deel I* (Johannesburg: 1949), p. 352.
2. Sillery, A.: MacKenzie, John in *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek*, deel I (Kaapstad: 1968), p. 509—511.
3. Sillery, aangehaalde werk, 510—511.
4. Scholtz, G.D.: *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner*, deel IV (Johannesburg: 1977), p. 390.
5. In Junie 1903 het die koerant gewoonlik elke dag agt bladsye bevat: bladsye 1 tot 3, asook bladsy 8 was advertensiebladsye, bladsye 4 tot 5 het nuus en hoofartikels in Engels gehad en bladsye 6 en 7 nuus en hoofartikels in Hollands; weliswaar iets minder, omdat daar in die Hollandse afdeling meer advertensies was. Die Hollandse nuus, en soms ook hoofartikels, was gewoonlik 'n vertaling van die vorige dag se Engelse nuus.
6. Met die woord "Hollands" in hierdie verband is destyds na die Afrikaanse bevolking verwys.
7. *The Friend*, 27.05.1903.
8. *The Friend*, 04.06.1903.
9. *The Friend*, 09.06.1903.
10. *The Friend*, 04.06.1903.
11. *The Friend*, 08.06.1903.
12. *The Friend*, 09.06.1903.

Anna-Marie Bisschoff

Interpreteerbaarheidgraad van *Die Verlore Vader* van J.C. Steyn

1. Wat is interpreteerbaarheidgraad?

Die leesproses is 'n gesprek tussen die leser en die literêre teks. Op grond van wat hy lees, ontstaan daar sekere vrae by die leser. Hierdie vrae word dikwels deur die literêre teks beantwoord, maar dit hoef nie die geval te wees nie. 'n Mens kan byvoorbeeld die volgende narratief hê: "Rooikappie het 'n mandjie met eetgoed gepak en daarna vir haar ouma gaan kuier." 'n Vraag soos: "Watter kleur kouse het Rooikappie gedra?" mag by die leser opkom omdat daar van haar ander klere (rooi kappie) melding gemaak word; die teks self beantwoord egter nie die vraag nie.

Die gesprek tussen die leser en die teks wissel in kompleksiteit van teks tot teks en van leser tot leser. Sommige tekste is makliker interpreteerbaar as ander en een leser kan 'n bepaalde teks makliker interpreteer as 'n ander leser om 'n verskeidenheid redes, byvoorbeeld omdat hy literêr geskool is. Hierdie verstaanbaarheid van die teks word die interpreteerbaarheidgraad ("legibility") van die teks genoem. Dit hang baie saam met die dekodering van die teks. Anders gestel: die interpreteerbaarheidgraad van die literêre teks verwys na die wyse waarop die teks hom laat ontrafel.

Hoe meer vrae die leser moet vra om die teks te ontsyfer en hoe meer stukke inligting hy vanuit verskillende stadia van die verhaal byeen moet bring om die teks te interpreteer, hoe moeiliker interpreteerbaar is dit. Hoe minder vrae hy hoef te vra en hoe meer geredelik en gouer die teks antwoorde op die vrae verskaf, hoe makliker interpreteerbaar is dit. 'n Teks wat kompleks is en nie so geredelik geïnterpreteer word nie, het 'n laer interpreteerbaarheidgraad, en andersom. Gerald Prince (1982: 134) vat dit soos volg saam: "The more work (per number of constituents) a text requires in order to be understood, the less legible it is."

Tekste met 'n lae interpreteerbaarheidgraad is byvoorbeeld dubbelsinnige tekste; tekste wat baie vrae by die leser ontlok en dit baie later in die verhaal eers oplos; tekste waarin byvoorbeeld ironie 'n groot rol speel en die leser dus 'n hele aantal vrae moet vra voordat hy vasgestel het wat presies agter die ironiese uiting skuil; elliptiese tekste (tekste wat nalaat om sekere inligting wat van belang is te verskaf); tekste wat irrelevant en onnodige inligting verskaf omdat die leser dié inligting moet sif en probeer interpreteer; tekste waarvan verskillende interpretasies moontlik is omdat dit die teks kompleks maak; tekste met verskillende perspektiewe en vertellers omdat dit die leser konfronteer met meer inligting wat hy moet verwerk. Speurverhale is byvoorbeeld tekste wat 'n lae interpreteerbaarheidgraad het omdat die teks baie vrae ontlok maar die antwoorde nie dadelik verskaf nie.

Sprokieverhale met hulle baie simbole het ook 'n lae interpreteerbaarheidgraad omdat die leser verskillende dinge met mekaar moet vereenselwig om die simbole te verklaar. 'n Werk soos ELINE VERE (Louis Couperus) het byvoorbeeld 'n hoër interpreteerbaarheidgraad as OPWAAIENDE ZOMER-JURKEN (Oek de Jong) met sy komplekse struktuur omdat die leser in ELINE VERE makliker antwoorde op sy vrae kry as in die geval van Oek de Jong se roman.

Die begrip leesbaarheid hang saam met die begrip interpreteerbaarheidgraad. 'n Teks met 'n lae interpreteerbaarheidgraad is gewoonlik die teks met die hoë leesbaarheid, juis omdat dit 'n moeilike en stimulerende teks is. 'n Teks wat die minimum vrae by die leser laat ontstaan en boonop feitlik onmiddellik antwoorde daarop verskaf, kan 'n leser gou verveel. So 'n teks is daarom nie baie leesbaar nie.

2. Die verlore vader

Die volgende bespreking is 'n poging om die interpreteerbaarheidgraad van DIE VERLORE VADER vas te stel. 'n Mens kan dit op twee maniere benader: jy kan stap vir stap verduidelik waar en hoekom sekere vrae ontstaan en waar en hoe antwoorde daarop gevind word en sodoende die interpreteerbaarheidgraad vasstel, of jy kan meer veralgemenend te werk gaan deur byvoorbeeld daarop te wys dat vrae soms dadelik beantwoord word en soms nie, dat inligting soms eksplisiet verskaf word en soms implisiet, ensovoorts. Die eerste metode sou 'n boekdeel kon beslaan en maak dit dus ongeskik vir 'n artikel. Die tweede benaderingwyse is om hierdie rede vir die volgende bespreking gekies.

DIE VERLORE VADER bestaan uit twee dele wat grootliks van mekaar verskil. Om hierdie rede en ter wille van die kompaktheid van die bespreking word die interpreteerbaarheidgraad van die eerste deel ondersoek.

2.1 Die voorwoord

Die voorwoord van DIE VERLORE VADER is in meer as een opsig 'n goeie bron van inligting wat die leser met heelwat kennis bewapen nog voordat hy die roman self begin lees het. Sodoende verhoog die voorwoord die interpretasiegraad.

Hier word die karakters geïdentifiseer en so ook die vertellers. Daarmee word 'n hele paar probleme vir die leser opgelos want as 'n mens op die roman alleen staatmaak, kan die identiteit van die karakters nie gou vasgestel word nie; in die geval van die "jy" aan wie 'n hele paar van Pieter van den Bergh se briewe gerig is, kan die identiteit selfs nooit vasgestel word nie. Danksy die voorwoord weet die leser dat die ek in die briewe van die eerste paar hoofstukke die politikus Pieter van den Berg is (daarmee stel 'n mens ook die identiteit van die verteller vas). Die voorwoord vertel verder dat Karel en Faan sy twee seuns is en dat Magriet en Peet sy dogter en skoonseun is. Verdere inligting wat die voorwoord verskaf, is dat die hoof-

stuk "Eendag" deur Peet geskryf is — die identiteit van die verteller word dus verrai —, dat die kladboek van 'n ongelukvoël Faan is en dat die verteller van "Weg van apartheid" weer Pieter van den Berg is en dat dit weer briewe is wat hy aan sy seun Jaco rig. Die laaste brief is geskryf deur 'n ek, en gekondisioneer deur die vorige briewe kan 'n mens ten onregte dink dat dit Pieter van den Berg is — die voorwoord sê dat dit 'n getikte brief is waarvan die skrywer se identiteit nie vasgestel kan word nie. Die voorwoord voorkom so 'n interpretasiefout.

Die voorwoord waarsku 'n mens reeds dat die afdeling "Weg van apartheid" onvoltooi en sonder samehang is. Dit berei die leser voor en verskaf in 'n vroeë stadium inligting wat die interpretasie vergemaklik en die interpretasiegraad verhoog. Die omsamehangendheid as sodanig verlaag die interpretasiegraad omdat dit die verstaanbaarheid van die teks bemoeilik — 'n onsamehangende stuk is altyd moeiliker begrypbaar as 'n samehangende een omdat samehangendheid makliker sin maak as onsamehangendheid.

2.2 Opmerkings van die samesteller

Volgens 'n nota van die samesteller wat voor die afdeling "Wat beteken 'n mens tog?" verskyn, is dié stuk geskryf deur Karel. Sonder hierdie aantekening van die samesteller kan die identiteit van die verteller nie dadelik vasgestel word nie, hoewel die teks self ook verrai dat dit Karel is wat aan die woord is, maar eers in die vierde hoofstuk. Daar word melding gemaak van die ek se verwonding (p. 54 voetnota 1). Vroeër in die roman is vertel dat Karel in Angola gewond is. Op dieselfde bladsy word hy eksplisiet by die naam genoem. Die samesteller se aantekening verhoog dus die interpreteerbaarheidgraad ten opsigte van die verteller en skrywer van die gedigte se identiteit omdat die verteller en skrywer onmiddellik geïdentifiseer word.

2.3 Karakters

Soms word inligting omtrent die karakters eksplisiet gegee en soms implisiet. Die volgende is voorbeelde van eksplisiete inligting: " 'Sou jy regtig die Black Power-saluut gegee het, Faan?' 'As ek lewens daarmee kan red, sal ek dit natuurlik doen. Wie sal nie? Mens doen so iets mos maar net om lewens te red en daarvoor sal ek enige iets doen, ook die Black Power-saluut gee' " (12).

" 'Dis jy wat daaragter sit,' het Faan gesê, taamlik beheers, want hy het geweet dat hy niks van my kon verwag as hy te kere gaan nie" (35).

Wanneer inligting eksplisiet gegee word, vergemaklik dit die interpretasie en verhoog so die interpreteerbaarheidgraad.

Die teenoorgestelde gebeur wanneer inligting op 'n implisiete wyse oorge-dra word. Dit verg meer interpretasie van die leser as in die geval van eksplisiete inligting, byvoorbeeld: " 'Maar apartheid is die wortel van die kwaad,'

het Willem gesê 'en die kwaad moet wortel en tak uitgeroei word.' 'Die mens is die wortel van die kwaad,' het ek probeer walgooi" (98). Uit die woorde "het ek probeer walgooi" kan die leser aflei dat Pieter van den Berg nie soos Willem dink nie en dat hy dus 'n apartheidvoorstaaander is. Dit klop met wat in die voorwoord van hom gesê is (p. 1), naamlik dat Pieter van den Berg 'n gewese apartheidvoorstaaander is. Ook waar vertel word van Faan wat die motor met 'n vorige motor van die gesin verwar het en die verkeerde knoppie gedruk of getrek het, en die ligte sodoende aangeskakel laat bly het sodat die motor se battery nou pap was: "Tipies iets wat met Faan sal gebeur" (13). Agter hierdie woorde moet die leser nou ontrafel wat werklik gesê word, naamlik dat Faan 'n taamlik onbeholpe soort mens is. Dit word dan op eksplisiete wyse bevestig: "Hy dink al self hy is 'n ongeluksvoël" (13).

Eksplisiete inligting — soos reeds gesê — vergemaklik die leser se interpretasietaaik maar kan dit terselfdertyd ook bemoeilik omdat dit nuwe, onbeantwoorde vrae by die leser laat ontstaan: "Die arme Faan ly seker aan 'n skietfobie" (14). Dit is weliswaar eksplisiete inligting maar die leser kan homself afvra waarom die inligting hier verskaf word. Hy kry nie hier 'n antwoord op sy vraag nie sodat die interpretasieproses hier kompleks raak en die interpretasiegraad verlaag word.

In DIE VERLORE VADER word 'n balans gehandhaaf tussen implisiete en eksplisiete inligting. 'n Mens kan dus in hierdie opsig praat van 'n gemiddelde interpretasiegraad.

Vrae wat 'n leser omtrent 'n karakter vra wat dadelik beantwoord word, verhoog die interpretasiegraad omdat die leser nie vir lank die vraag hoef te onthou nie. (Hierdie vraag-antwoordaspek staan bekend as die hermeneutiese kode.) Vrae waarop nie onmiddellik nie en selfs heelwat later 'n antwoord verskaf word, verlaag weer die interpretasiegraad: "Woorde wat vir 'n oomblik klink, kan soms vir 'n leeftyd kwes. Faan was weer heeltemal van sy wysie" (27). Die leser wonder of Faan wel vir 'n leeftyd gekwets gaan word deur Karel se woorde. Die vraag word nie gou beantwoord nie. Die leser moet trouens Faan se optrede hierna in sy geheel bestudeer — sy waarskynlike betrokkenheid by Thomas se skendende pamflette en sy vertrek daarna uit die land — om te bevestigend op die vraag te kan antwoord. In twee gevalle word vrae selfs nooit beantwoord nie: " 'Ek het gepraat en my siel gered,' het die Romeine gesê. Hopelik red ek joune ook" (7). In watter opsig Pieter Jaco se siel red, word nooit duidelik nie. Op p. 10 lees 'n mens: "En dit wil sê: jy het ons nog nie heeltemal verloor nie. Jy het by ons behoort, net 'n paar miserabele sekondes, maar jy het behóórt, en alleen dit bewaar my van die wanhoop." 'n Mens weet wel dat Jaco in die VSA woon en met 'n Engelse vrou getroud is maar dit beteken nie noodwendig dat hy verlore is nie. Pieter sê hier dat Jaco nog nie heeltemal vir hulle verlore is nie. Daar is dus gevaar dat hy verlore kan raak. Die roman onthul nooit in watter opsig Jaco vir hulle verlore is nie. Nodeloos om te sê dat die roman

se interpreteerbaarheidgraad in hierdie opsig geweldig verlaag word. Vrae omtrent karakters waarop dadelik in DIE VERLORE VADER 'n antwoord gegee word, kom minder voor as vrae waarop later of selfs glad nie 'n antwoord verskaf word nie. In hierdie opsig het die roman dus 'n lae interpreteerbaarheidgraad.

2.4 Gebeure

Die gebeure (soos baie ander aspekte) in 'n roman staan in noue verband met die hermeneutiese kode, dit wil sê die stel van vrae en die oplossing of beantwoording daarvan.

Soms word vrae wat in verband met die gebeure gestel word dadelik of baie gou beantwoord. Die interpreteerbaarheidgraad is dan hoog, byvoorbeeld: "Dié gesprek het Faan se lot, altans sy onmiddellike toekoms, bepaal" (19). Die leser wonder dadelik in watter opsig die gesprek Faan se lot bepaal. Die antwoord kom onmiddellik:

"Die plan was dat hy tot die helfte van die jaar met die volgende inname sou werk en dan Bloemfontein toe gaan vir diensplig. Sy pleidooie dat ons aansoek moet doen om uitstel tot na universiteit het aanvanklik by my op dowe ore geval, en ek het gedink dat ek in Karel 'n patriotiese bondgenoot het. Die Angola-gesprek het my laat voel of die laaste lojale Van den Berg ook gedraai het. Handel dan maar na jou goeddunke, het ek vir Faan gesê, en dit was 'n verligting toe die verantwoordelikheid om die regte besluite vir hom te neem, van my skouers af was. Hy het aansoek om uitstel gedoen en intussen by die universiteit ingeskryf. Die kennisgewing dat sy aansoek goedgekeur is, het Faan ontvang met uitbundige uitroepe van: 'Ek is vry! Ek kan dit nie glo nie — ek is vry' " (19—20).

Ook: " 'Ek gaan nie langer hier bly nie' " (30). Die leser kry gou 'n antwoord op sy vraag of Faan sy dreigement gaan uitvoer: hy bly aanvanklik maar trek later by maats in.

Sommige vrae neem lank om beantwoord te word en verlaag so die interpreteerbaarheidgraad, byvoorbeeld die vraag na die aard van mevrou Van den Berg se siekte, die Stinkspruitkwessie en of Thomas vir Faan verder die verderf ingelei het.

In DIE VERLORE VADER word ongeveer 'n balans bewaar tussen vrae wat gou beantwoord word en vrae wat lank neem om beantwoord te word. In hierdie opsig het die roman dus 'n gemiddelde interpreteerbaarheidgraad.

2.5 Perspektief

Soos reeds gesê, verlaag 'n literêre werk se interpreteerbaarheidgraad wanneer daar meer as een perspektief teenwoordig is. In DIE VERLORE VADER kan 'n mens deur middel van die voorwoord vasstel wie se perspektiewe dit is sodat die interpretasie vergemaklik word. Die perspektiewe is dié van Pieter van den Berg, Karel, Faan, Peet en die onbekende ek van die laaste brief. Binne die roman self kry 'n mens te doen met 'n fokalisator en

alomteenwoordige verteller, byvoorbeeld in "Götterdämmerung". Vanweë die talle perspektiewe het 'n mens hier 'n lae interpreteerbaarheidgraad omdat die leser hier verskillende perspektiewe moet hanteer en hom opnuut van elkeen se standpunt moet vergewis. Hy moet dus meer dinge in gedagte hou soos dat hy met verskillende ekke te doen het wat elk op sy eie manier vertel, dat 'n alomteenwoordige verteller weer op 'n ander manier vertel en dat 'n mens met fokalisering weer 'n ander perspektief kry. Hy moet hom dan van elke vertelwyse vergewis. Die leser moet dus harder werk om die perspektief te deursien as wat hy sou werk as daar een verteller en een soort perspektief was.

2.6 Tyd

Wanneer die gebeure in die roman afspeel, kan nie altyd met sekerheid vasgestel word nie. In enkele gevalle is daar wel eksplisiete tydaanduidings sodat die interpreteerbaarheidgraad verhoog word: "'4/1/76: 'MPLA losing ground.' Karel" (18) en "'16 Junie 1976" (97). Daar word ook op implisiete wyse inligting oor die tyd oorgedra deur die verwysing na die swart onluste, die apartheidstryd en die plakkerdorp. Dit is egter gebeure wat oor baie jare van die Suid-Afrikaanse geskiedenis strek sodat 'n mens alleen 'n tydgees kan vasstel maar nie 'n bepaalde tyd gekoppel aan 'n bepaalde datum nie. Dit sou 'n mens met die interpretasie kon help as jy die gebeure meer presies kon bepaal omdat dit 'n politieke roman is en 'n mens so 'n beter agtergrond sou hê en so 'n beter insig in byvoorbeeld die karakters se handeling en gevoelens. Wanneer Pieter van den Berg sy briewe aan Jaco skryf, wanneer presies Karel sy stukke geskryf het, en oor hoe 'n lang tydperk Faan sy kladboeke geskryf het, kan 'n mens glad nie vasstel nie. Hier het die roman dus 'n lae interpreteerbaarheidgraad.

2.7 Ruimte

Die ruimte in DIE VERLORE VADER is vaag. Daar is wel sprake van materiële objekte soos borde, 'n stoel, Faan se kladboek, 'n rewolwer, 'n bakkie, ensovoorts, en 'n mens kan aanneem dat sommige van die gebeure by die Van den Bergs se huis afspeel, maar 'n mens weet hoegenaamd nie hoe dit lyk nie. Normaalweg sou 'n mens sê dat die roman in hierdie opsig 'n lae interpreteerbaarheidgraad het, maar 'n mens moet jou allereers vergewis van die funksionaliteit en die noodsaaklikheid van 'n aspek. Die konkrete ruimte speel nie 'n groot rol in die gebeure nie (afgesien van entiteite soos die reeds genoemde) en is dus nie so belangrik nie. Dit verlaag dus nie die interpreteerbaarheidgraad nie.

Wat wel belangrik is, is die geestelike ruimte wat geskep word, naamlik die Angola-oorlog, apartheid, plakkerdorpe en integrasie.

Hierdie ruimte is belangrik omdat die gebeure hierom wentel. Hier het 'n mens dus 'n hoë interpreteerbaarheidgraad.

2.8 Samehang

Soos reeds vermeld, waarsku die voorwoord die leser reeds dat die stukke in "Weg van apartheid" nie 'n eenheid vorm nie: "Die onvoltooide 'Weg van apartheid' is dus 'n aantal episodes, soms sonder duidelike samehang, toesprake, gedagtes, verklarings van voorneme; geen sluitende geheel nie" (1). Karel se stukke toon ook nie 'n samehang nie — 'n mens wonder byvoorbeeld waar pas "Die hoogste liefde" in en waarom die inligting vir 'n mens gegee word. Faan se kladboek toon ook nie samehang nie. Waar pas "Götterdämmerung" byvoorbeeld in? Dit alles veroorsaak dat die leser se interpretasietaak bemoeilik word want hy moet antwoorde probeer vind op die funksionaliteitsvraag en, as alles nie 'n funksie het nie, hoort dit dan hoegenaamd in die roman?

Betreffende die samehang van die roman het 'n mens dus 'n lae interpreteerbaarheidgraad.

2.9 Moeilike inhoud

'n Verhaal wat inhoudelik moeilik is, lewer vir die leser ook interpretasieprobleme op omdat hy die moeilike gegewe eers moet verstaan voordat hy die betekenis daarvan vir die roman kan begryp. In die algemeen lewer DIE VERLORE VADER (dit wil sê die eerste deel daarvan) vir die persoon wat bekend is met die politieke opset in Suid-Afrika nie probleme op nie. Daar is egter 'n paar gevalle waar sommige lesers moeilikheid kan ondervind, byvoorbeeld die verwysing na Leonardo da Vinci, André Gide en Proust (p. 74), die verwysing na die I-TJING en die verwysing na Goethe en Frederick die Grote in Faan se kladboek. Vir die gemiddelde belese mens lewer dit egter min probleme op. 'n Mens kan dus beweer dat DIE VERLORE VADER inhoudelik 'n hoë interpreteerbaarheidgraad het.

2.10 Die interpreteerbaarheidgraad en leesbaarheid

Dit is nie so maklik om tot 'n slotsom omtrent die interpreteerbaarheidgraad van DIE VERLORE VADER te kom nie. In sommige aspekte het die roman 'n hoë interpreteerbaarheidgraad (die karakters, die ruimte), soms 'n gemiddelde interpreteerbaarheidgraad (perspektief, tyd, samehang). In sy geheel gesien het DIE VERLORE VADER 'n lae tot gemiddelde interpreteerbaarheidgraad omdat sommige aspekte van die roman — soos aangetoon — meer toeganklik is as ander.

Aangesien die roman 'n gemiddelde tot lae interpreteerbaarheidgraad het, het dit 'n hoë leesbaarheid omdat dit 'n stimulerende werk is en aan die leser 'n uitdaging bied.

BIBLIOGRAFIE

- Prince, G. 1982. *Narratology: the form and function of narrative*. Berlin: Mouton.
Steyn, J.C. 1985. *Die verlore vader: dokumente van die politikus Pieter van den Berg, versorg, in enkele gevalle vertaal en ingelei deur J.C. Steyn*. Kaapstad: Tafelberg.

Anne-Marié van Niekerk

Die spanningsekwilibrium tussen realiteit en ontvlugting in Jeanne Goosen se "Karoo"
(*'n Kat in die Sak*).

I

"Karoo" is 'n kortverhaal wat inhoudelik en struktureel berus op spanningspole wat mekaar wedersyds antagoniseer, maar ook as interondersteunend en komplementêrend funksioneer. Alhoewel nie deurentyd oppervlakkig herkenbaar nie, word die ondertoon van die verhaal ontrafel as 'n interafhanklike ekwilibrium tussen eksplisiete ekspressie en herleide implikasie, wat onvermydelik 'n ironiese basis veronderstel.¹

Die inbedding van die ironie binne die struktuur van die verhaal impliseer 'n strukturele ironie, soos gedefinieer deur M.H. Abrams: "Some literary works exhibit *structural irony*, in that they are persistently, or even totally ironic. In such works the author, instead of using an occasional verbal irony, introduces a structural feature which serves to sustain the duplicity of meaning." (1971: 81)

Die strukturele spanning van die verhaal berus origens ook op die basis van inkongruensie tussen die abstrakte outeur en sy organiserende verhaal-intensie, soos wat dit aan die leser duidelik word uit die volledige konteks van die verhaal, en die fiktiewe outeur se deels ontoeganklikheid tot hierdie intensie. Hierdie kenmerk van die verhaal is steeds ooreenkomstig met Abrams se definisie van strukturele ironie — "structural irony depends on a knowledge of the author's intention shared by the audience, but unknown to the speaker." (1971: 81)

Die breë spektrum van spanningspare wat die verhaalstruktuur bou, kan herlei word tot die spanningsekwilibrium tussen realiteit en die ontvlugting daaruit.

II

Ter noukeurige illustrasie van bogaande argumentasie word die inset van die verhaal geanaliseer:

"Moenie toelaat dat enigiemand julle intimideer nie, mense. Koop waar julle wil en gaan waarheen julle wil. Ons sal julle beskerm."

Die inset van die verhaal is besonder funksioneel in soverre dit die leser op 'n ekonomiese en gedissiplineerde wyse onmiddellik binne die raamwerk van die 1985-verbruikersboikot plaas, wat die breër sosio-politiese spanning in Suid-Afrika impliseer. Die konflikselement word dus reeds in die insetfase gesuggereer en die aanbiedingswyse daarvan ontmasker die ironiese inslag.

Die spanning verloop hier eksplisiet tussen afhanklike en voorsiener en meer spesifiek tussen swart verbruiker en wit winkeleienaar, maar implisiet tussen dit wat hierdie woorde voorgee om te beteken en die verdoeselde intensie daaragter.

Die eerste twee woorde "Moenie toelaat" is 'n bevelsvorm wat ook die refleksie is van 'n spesifieke gesagsverhouding wat hier uitgespeel word — dit impliseer een groep wat deur 'n ander groep beveel word om nie gehoor te gee aan ander se bevel wat veelseggend as "intimidasie" verwoord word. Die ironie van die bevel berus daarop dat dit voorgee om tot voordeel van die hoorders te strek en daarom die misleidende trooswoorde: "ons sal julle beskerm", wat gesien binne die sosio-politiese omstandighede juis 'n vorm van intimidasie impliseer. Die sin: "Koop waar julle wil en gaan waarheen julle wil" (p. 52), gee voor dat die aangesprokenes en dus die swartmense, hul eie wil binne die Suid-Afrikaanse gepolariseerde groepsverhoudingskonteks kan uitleef en dat beweging vrylik kan plaasvind. Ironies is die boikot juis 'n ekonomiese reaksie teen die sosiaal-politieke stelsel wat deur hierdie bevelende stem verteenwoordig word. Die dubbelsinnigheid van die bevel, in konteks van die totaliteit van die verhaal-gegewe, lewer ook implisiete kommentaar op die ware aard van die menigvuldige kwasi-gerusstellings, kenmerkend van die Suid-Afrikaanse situasie. Die spanning binne die inset onthul en prefigureer dus die interafhanklikheid tussen realiteit en ontvlugting soos wat dit in die res van die verhaal voorkom. In hierdie geval geskied dit deur middel van die voorstelling van 'n voorwendsel, wat minstens ironies dubbelsinnig gelees en meistens as vals ontmasker kan word.

III

'n Verdere struktuurasppek wat die ironiese aard van die verhaal onderskryf is die kompleksiteit van verwarringsaspekte. Die blote bestaan van verwarring by die ek-verteller oor haar omgewing en situasie wys heen na die inkongruensie tussen dit wat as realiteit voorgehou word en dit wat as realiteit ervaar word. Die leser kan egter deur die gegewens-oppervlak van die fiktiewe outeur die intensie van die abstrakte outeur herken.

Die eerste verwarringsinsident is waar die spreker die vliegtuig/helikopter en die boodskap wat uitgesaai word, oorweeg: "Maar hoe is dit dan dat jy dit oral op dieselfde tydstip kan sien en hoor?" (p. 53). Sy herinner haar ook aan "'n lang ry swart mans [...] Hulle was geboei en soldate met terroriste-klere en masjiengewere het hulle bewaak.// Wag nou. Wag nou 'n bietjie. Laat ek net duidelikheid kry. Ek het dit mos gesien, of het ek dit laas nag gedroom?" (p. 53). Die spreker ervaar hier 'n realiteit wat te skokkend is om toe te gee dat dit werklikheid is en sy neem haar toevlug tot die moontlikheid dat dit deel van 'n droom kon wees. Die realiteit vind dus ontvlugting in die verklaring daarvan as droom, maar ironies is selfs die nag ook nie meer die veilige toevlugsoord van 'n droomwêreld nie.²

'n Verdere aspek van verwarring is die konflik wat die gevolg is van 'n konfrontasie tussen die ontkenning van die "oorlogssituasie" en die ervaring van die realiteit daarvan: "Oorlog op hierdie godverlate stuk platteland. Van wanneer af het die lewe so verander? Of was dit maar altyd so dat ons dit net nie opgemerk het nie?" (p. 53). Die ironiese ondertoon is identifiseerbaar vanuit die fiktiewe outeur se naïewe onbewustheid van die oorsaaklike verbande met haar verwarring, veral gesuggereer in die woorde: "Maar van wanneer af het die dinge so ingewikkeld geraak? En niemand kon ons nou eintlik presies sê wat aanleiding tot die opstande gegee het nie" (p. 54) — 'n stelling wat duidelik die reproduksie is van 'n stelsel gekenmerk deur inligtingweerhouding en selektiewe of valse verklarings vir voorvalle. Die siniese houding jeens die media as bron van informasie bevestig hierdie aanname waaruit blyk dat die naïewe fiktiewe outeur onbewustelik die abstrakte outeur se antwoord op die oorsaak van verwarring ontmasker.³

IV

Parallel met die sosio-politiese verwarring verloop die verteller (as skrywer) se verwarring oor die sin van kreatiewe skepping: "Sal ek ooit weer kan skryf? En waarvoor moet ek skryf?" (p. 64). Die geleidelike ontplooiing van die spreker se sosiale bewussyn bring haar onder die besef dat kreatiwiteit deur die sosiale, ekonomiese en politieke milieu daarvan gevoed word en dat kreatiwiteit daarom of in diens of in opposisie van die status quo van hierdie milieu staan, daarom die vraag: "vir wie moet ek die planeet bewoonbaar maak?" (p. 57). Hierdie konflik verdiep in die verhaal — "skryf" kan dan in diens van die status quo staan deur die realiteit te ontken ("Ek het te gewillig geword, te gereed om ideologieë te dien, maar ek leef in 'n wêreld waar alles groter en wyser is as ek. Op my bandmasjien kla Berlioz my van hoogverraad aan. Jy kan twee here nie dien nie." — p. 57), òf dit opponeer en dan enersyds, òf hierdeur verontskuldigings probeer skep ("Was die skryfdaad tot dusver net 'n terapeutiese susmiddel, 'n belydenis, die aanhoudende goedpraat van niks?" — p. 57), òf andersyds die realiteit ontmasker.

Ekwivalent aan die spanning oor die funksionaliteit van kreatiwiteit en meer spesifiek, die skryfkuns, verloop die ambivalensie oor intellektualiteit, waar die intellek die potensiaal besit om verby die oppervlak te lees en die realiteit daaragter te ontgin, ook die potensiaal om te intellektualiseer en te rasionaliseer en dit as ontvlugtingsmedia te benut⁴ en die spreker beskou intellek en "skryf" as twee onskeibare begrippe.⁵ Soos wat gedistansieerde, emosielose feite 'n ontvlugting bied, so ook statistiese feite: "Ons word opgevat in die statistiek van die Oos-Kaapstreek: soveel dood, soveel beseer, soveel in hegtenis geneem en begrafnisse word gereël. [...] Alles is vaag en in hierdie afgesonderde landdeel vervreem ons van ons eie situasie". (p. 58); "En ek weet: ek leef nie net buite mense nie, maar buite die ganse Republiek." (p. 58).

'n Meer verdoeselde vlak van die tweeledige aard van skryf, is behalwe die reeds genoemde skryf as ontvlugting vir die blanke uit 'n situasie waarvoor hy nie skuld wil erken nie, ook sy manipulasie van die slagoffers van die sisteem om ook hier die skryfdaad as ontvlugting in te span, maar met 'n ander intensie voor oë: om 'n wêreld te skep waarin "swart" ideale "onskadelik uitgeleef" kan word. Hier word onder andere verwys na die opstelopdrag van die wit onderwyseres aan die swart kinders: "What I'd like to do when I leave school ..." (p. 56). Die kinders se reaksie op die opstelonderwerp suggereer 'n skreiende ironie, wat die leser agter die woorde moet uithaal ("Daar is iets belangriks wat ek agter woorde moet uithaal" — p. 57).⁶ Die onkundigheid van die blanke omtrent "swart" tale skep nie net (in diens van die apartheidsisteem) kommunikasieprobleme tussen wit en swart nie ("onmiskienbaar vryheidsliedere [...] al kon ek die vreemde woorde nie verstaan nie" — p. 54; "Die stemme het met die nag gemurmureer. As 'n mens net die woorde kon verstaan" — p. 55; "Hulle gesels in hulle eie taal" — p. 55), maar stel die blanke ook in staat om gemaklik onaangeraak binne die onaanvaarbare sisteem te beweeg ("As gevaar dreig, leef sy mikroskopies, ongeërg. Sy slaag die lewe met lof" — p. 62) — uiteraard 'n verdere instrument in die proses van ontvlugting, veral gesien binne die verhaalkonteks met sy aksentuering van woordwaarde.

Die taalprobleem bestendig die problematiek van kontak: "Ek kan nie uitreik nie, ek kan nie bereik nie." (p. 57) Die verwydering wat taalonkunde bewerkstellig, neem toe in omvang as selfs die kennis van taal nie magtig is om die volle implikasie daaragter te kan peil nie: "Daar is bronne agter taal wat verwyderd is van die kennis van taal" (p. 57). Behalwe vir taalgebruik, dra benamings ook by tot die distansiering: die spreker noem haar bediende 'n Afrikaanse naam (Maria) wat waarskynlik nie haar regte naam is nie; die bediende weer, spreek die spreker aan as "Missies" — 'n algemene verwydering en vervreemding wat berus op aanspreekvorme en benamings wat al so vanselfsprekend in Suid-Afrika geword het dat dit byna ongesiens verloop.

V

Die verhaal ontgin origens ook die religie as ontvlugtingsmedium. Die stem uit die helikopter/vliegtuig wat verteenwoordigend is van die regerende mag en sy polisie, word voorgestel as 'n godheid: die stem kom uit die lug ("Ons het opgekyk na waar die stem uit die lug kom" — p. 52); die stem besit die kwaliteit van 'n alomteenwoordigheid ("Maar hoe is dit dan dat jy dit oral op dieselfde tydstip kan sien en hoor?" — p. 53); dit is 'n stem wat "beskerming" waarborg as dit gehoorsaam word ("Ons sal julle beskerm" — p. 52); dit is ook 'n stem wat "vryheid" aanbied ("Koop waar julle wil en gaan waarheen julle wil" — p. 52); en 'n mag wat 'n "bose" mag teenstaan ("Moenie toelaat dat enigiemand julle intimideer nie" — p. 52). Die staatspolisie word voorgestel as 'n goddelike mag, wat in sigself intimidasie ver-

onderstel.

Aansluitend hierby, beroep die spreker haar voortdurend op God en Sy positiewe kenmerke om daardeur verontskuldiging te bewerkstellig of om die negatiwiteit van die realiteit te transponeer.⁷ Boonop word die wêreld en die Karoo in die klein self pastorale parodieë: "Buite wys die sipresse vinger hemel toe. Hulle leef in die brandende katedraal van die wêreld. Die Karoo is 'n ou wêreldse pastoraal." (p. 58). Hierdie duidelik gemanifesteerde behoefte aan religieuse verligting word tesame met die hoop op 'n nuwe politieke bestel (twee pole van 'n spanningspaar) deur die abstrakte outeur saamgetrek in 'n duele eenheid: "'n Nuwe koninkryk sal kom. In die hemel wapper 'n vlag" (p. 55).

Wanneer die spreker uit haar huis wegvlug om die ondraaglikheid van die swart kinders se teenwoordigheid te vermy, word 'n religieuse ritueel uitgespeel in terme van 'n besoek aan die haarkapper. Die haarkapper word 'n parodie op die Skepper: "Vorm my en maak my net soos u wil ..." (p. 61); "onderdanig aan die mag van die hoërhand" (p. 62). Die verligting wat die haarmassering bring word as 'n paradysbelewing verwoord⁸ en die uiteindelijke produk van die ritueel is 'n wedergeboorte, 'n totale miskennis van die werklikheid: "Ek stap uit in die skerp sonlig, hervorm en wedergebore, my hare 'n stralekrans, 'n oëverblinder, o salige lot." (p. 62)

Die tikster se kommentaar op die spreker se nuwe haarstyl is bevestigend van die verblindende gevaar van ontvlugtings en die invloed daarvan op die sosiale bewussyn: "Ek sê mos altyd, as jou hare gedoen is, dan kan die hele wêreld ook maar vergaan" (p. 63). Die triviale aard van hierdie "haardoen" wat uitgebou word in die triviale "[ge-]koer [van] 'n vrouegemeenskap [...]'n sieklike, oordrewe gekwetter" (p. 63), as reproduksie van tipies onverskillige praatjies, funksioneer nie net as realiteitsmiskennis nie, maar reflekteer ook die gevolg van invloede wat die mens indoktrineer tot ongevoeligheid en onverantwoordelikheid teenoor die samelewing, en hom van sy sosiale bewussyn ontnem. Die komieklike parallelisme tussen haarkapper en God illustreer die ironiese intensie van die abstrakte outeur deur middel van die aanbiedingswyse van die fiktiewe outeur: deur hierdie gekondenseerde voorval word die breër tragiek waarbinne dit afspeel deur middel van kontraswerking gereduseer.

Die verhaal eindig op 'n sterk ironiese toon wanneer die fiktiewe verteller as gegode middelklas blanke vrou die slagoffer van die strik word en haar gedagtes vassteek by haar eie onbenullige "probleme" in onversoenbare kontras met die breër sosio-politiese tragiek van die land: "Ek het so bliksems baie probleme. Byvoorbeeld: die kos is op".

VOETNOTE

- 1) "I.A. Richards defined irony as an equilibrium of oppositions (*Principles of Literary Criticism*, 1924, Chap. 32)". (Abrams: 83).

- 2) Die volgende teksverwysings toon duidelik dat ook die nag deurdring is van 'n verskriklike realiteit: "die dag wat net die-vader-weet nooit tot 'n einde kom nie" (p. 53); "die Casspirs is mos al geruime tyd hier [...] Jy kan hulle ook snags duidelik in die strate hoor sluip" (p. 53); "die gesingery snags in die swart woonbuurt" (p. 54); "die speiligte rondom die lokasie wat die plek in die nag so helder verlig dat jy dwarsdeur die barste en krake in die gehuggies kan sien" (p. 54); "Dis die vryheidsliedere snags wat my onrustig stem. Dis elke lieue nag vir wie weet hoe lank nou al. Snags in die koue kom dit aangedryf op die wind" (p. 54); "En so gaan dit al vandat ons terug is. Vanaf die heel eerste nag. Ek onthou daardie nag goed" (p. 54); "Die stemme het met die nag gemurmureer" (p. 55); "Daar is iets gerusstellends aan 'n pratende stem in die nag wanneer jy bang is" (p. 55); "die gesingery en nonsens wat dwarsdeur die vorige nag geduur het" (p. 56).
- 3) Tekstuele verwysings: "Die televisie lewer ook niks op nie [...] Woordvoerders ontleed die situasie. Hulle praat namens ons, hulle praat namens die gewondes, namens dooies, namens die in tronke, namens die wat ly. Alles is vaag en in hierdie afgesonderde landdele vervreem ons van ons eie situasie." (p. 58); "Uit skamele nuus plak ons ons eie vreesbeelde aanmekaar, vorm ons onsekere prentjies, soms so verwronge dat geen hond dit ooit sal durf bevestig nie." (p. 59); "Die koerant beteken niks. In Sonskynland klink die mense steeds glasies. Die burgemeester (stoute ou boudknyper!) knip die soveelste lint, onthul hoogdrawend, roep die Here aan en prys die sustersbrigade." (p. 58).
- 4) Tekstuele verwysings: "Jy moenie dat dit jou ontstel nie. Dit kan 'n mens gedaan maak as jy jou te veel daaraan steur. Dis ook 'n soort terreur, 'n soort sielkundige oorlogvoering" (p. 55); "Jy moet die koue in aanmerking neem [...] Dis 'n algemene feit dat opstande hul hoogtepunte in die koue bereik. Sodra dit warmer word, word almal weer rustiger" (p. 55).
- 5) Tekstuele verwysings: "Intellektuele vreugde verhef die siel. Die funksie van feite is om die mens weg uit die wêreld van sinne en korrupsie te lei — na die wêreld van die intellek en die ewige" (p. 57); "Is dit katarsis, reiniging? Lieflike vlugpad uit hierdie miserabele werklikheid ... Die kosmiese wonder en die estetiese vreugde kan helaas, nie van die rede geskei word nie ..." (p. 57).
- 6) Tekstuele verwysings: "Jirre, al die seuns wil prokureurs word, preachers, onderwysers en advokate. Leiers. Die dommes wil weer almal speedcops word, ye gods, met 'n motorbike, krag tussen die bene, 'n uniform, wit handskoene de lot, met 'n oop nasionale pad voor hulle wat tot in die horison strek. O ja, en almal is soccer stars. Die meisies wil weer of nurse wees of maatskaplike werkers en elkeen se opstel eindig: I want to do something for my people ..." (p. 56).
- 7) Tekstuele verwysings: "Teen tien is jy skoon moedeloos en taai gelewe aan die dag wat net *die-vader-weet* nooit tot 'n einde kom nie" (p. 53); "'n opgefokte wêreld wat die *here* weet niemand meer raad voor het nie" (p. 56); "*Jissis*, hulle het *god-weet* nie 'n kat se kans nie" (p. 56); "kla oor die miserabele fokken lewe wat die *here* weet net aanmekaar, sonder ophou, vuil trieks op hulle speel" (p. 59); "*God*, hier kom die wêreld alweer aan en ek kan nie my skuilplekke met my saamneem nie!" (p. 60); "Die *Here* weet, iets vreesliks is besig om te gebeur" (p. 61).
- 8) Tekstuele verwysings: "Die halsstarrigheid verlaat my. Die paradys is begroei met wit blomme. Die veld is geil en sentimenteel. Vrede op aarde! Die leeu en die lam lê binne-boud" (p. 61); "Daar is niks te vrees nie. My voet sal nie wankel nie. Ek kyk met my oë afgeslaan na die berge. Geen onheil sal my oorval nie." (p. 62).

BRONNELYS

Abrams, M.H. 1957. *A glossary of Literary Terms*. (Third Edition). New York, Holt, Rinehart and Winston.

Universiteit van Transkei

Johan Myburg

Tot sterwens toe bly almal mens:
lewe primordiaal as sterwer. In elkeen
se binnestehoek van die oog oornag slaap
snags as reste van droom.
Met bedroomde kneukels vryf mens slaap uit oë
tussen gekreukelde lakens. Suffer
vir die voorhande dag dra almal
aan ontbyttafel pienkerige pankreas.
Al leef daar goudgeel kanaries in jou keel
al tros jou vingers selfs piesangs diamante,
dan sluip sklerose 'n ou vrou met baie susters
en wink met krom vingers ieder na die kankerkorps —
word mond 'n grot vol vlerrige muise. Tot sterwens
toe bly almal mens. Tot die dun grens
deurgetrap word. Bid dan!
Besweer die dood. Bid vir herstel
dat jy opnuut weer dae kan tel;
in afgeleefde pantoffels weer kan droom
áán kan skuifel van son tot sonkol, met
bewerige kake witbroodkruim kan kou. En tog;
ondanks al die vroom gebede
om behoud van lewe, lok
ek snags met preweling en veldvaal muise
uile na my nok.

Vir my protestantse gemoed het die profeet
Jesaja die saak Ou-Testamenties opgeklaar: "Weet
jy dan nie, het jy dan nog nie gehoor nie?" Die saak
van beelde en ander artefakte was daarmee afgemaak.

Ek sou U deur die Gees leer ken.
U sou in my kom woon, my wen
vir U. Ek het nieu-
gebore geen trek in katolieke kerkmuise
in katedrale vol kanonieke kruise
of in 'n gesparde Jesus wat Rio
van 'n rots af seën

U het nie lus vir 'n klipikoon

maar wel vir my u kleinseun Joon

Lank-lê bring rus én bedsere.

En al die nadink oor baie kere

van verset bring berou

wat vreet soos sout in jou

wonde. Dit het u digter

Dawid ook al pynlik aangevoel en peins ligter

probeer maak in psalm en meer as een serenade. U terapie

wat sonder ortopedie

of kettings en katrolle of 'n konkoksie

vreemde pille my tot ortodoksie

bring; wat my krom rug

en twee krommer bene terug-

buig — sonder allerhande drade —

noop my tot lof op lof vir u genade

Annemarié van Niekerk Tweegesprek

Ons kniel oor die watervoor
as aanvangstrofe vir die ritueel
van waterlei,
om die vars arbeid van die dag
in die klewende voor te offer.
Die uur van leiding
is 'n koningskruik
in die bruin hande van die aarde.

Die tuintapisserie
weef dig die orkestrale vesels
van water en gewas
vanuit die lugtoppe
afwaarts na die spitsorige sade
in die swart grond.

Ons luister na die water van die dag
en sy profesie oor nuwe seisoene —
hurkende in die bedding,
wagtend op 'n ander watersang:
dié van 'n ou kleikruik.

Ekspedisie

Die bougainvillea in die blomtuin,
tuimel oor die heinings van ons helder dag
waar ons sit by 'n buitetafel. Met die oorbodigheid
van koffiekoppies praat ons saam
oor beddingplanne vir die somer.
Dan die verrassing in jou baard,
bonkig met die geur van lemoenskil
en die kleur van die oggendvoëls.
Later soos swawels, kantel dié rimpelhaartjies
van die baard.
Met elke omdraai

binne die heen en weer van die jaar daarna —
dié tafeltjie,
dié twee stoele,
dié klein stoep —
'n laatwintertuin-laboratorium van
borrelende pienk en songeellemoene.
En jy, my lief,
met jou growwe seisoenlose baard:
My eie klein ontdekkings-ekspedisie.

Maar waarom is alles so stil

Maar waarom is alles so stil
buite die mure van die stad?
Waar is die klank van kamoeflering
en die eentonige momentum van slotte
rinkelend aan die buitehekke?
Waar is die koggel
van die katlagter
en die regters?
Het die tyd oopgebreek
soos die aftelkroonblare
van liefdesrympies
al om en om en om die boodskap?
Die penregop styl en stempel
tril binne die laers van steriele stuifmeeldrade.
En die suikerbekkie roep droog en skor
na die kinders van die grond
om in die afwesigheid van die blommeel
te marsjeer vir die wasdom van die laaste basuin
wanneer die mure sal stort
en die boodskap
vir die eerste keer
sal opstu uit die aarde.
Maar waarom is alles nou so stil?

Vasudhevan Reddy
ātmā

For the soul there is never birth
nor death. Nor,
having once been,
does he ever cease to be.
He is unborn, eternal,
ever-existing, undying, and
primeval. He is not slain when
the body is slain.
(Bhagavad-gītā 2.20)

Rustig slaap sy op die brandstapel
bedek met roosblare en jasmynbloeisels
langs die heilige Jamoena —
die lomerige lug dans saggies deurtrek
met die akkoorde van Händel se Dodemars —
'n teken van afskeid.

Eers hang hy 'n kralesnoer om haar nek
dan 'n tikkie water van Moeder Ganges
op die lyk gespreinkel
verwyder hy die landsvlag
sy in 'n rooi sari
omsingel met die vleklose roosblare
'n weemoedige geur uitwasem
deur die lug.

Na samigri* loop hy sewe keer
om die lyk telkens buigend
by die koppenent —
met 'n fakkelt steek hy die
vuur aan —
'n eresaluut weerklink in die verte
bottervet help om die vlamme
tot 'n woedende inferno
te fabriseer.

Sandelhout wierook die lug
terwyl hulle staan en in die vlamme tuur

die siel van 'n leier krimp
tot 'n nuwe visie —
krimp
krimp
U karma⁺ word bevry.

SAMIGRI: 'n gegeurde mengsel van blare, blomme en kruie wat op die lyk gegooi word.
KARMA: die aktiwiteit in die materialistiese wêreld waar 'n mens altyd in konflik staan tussen goed en sleg.

Mercia Schoeman groen (Wildernis)

vir jou skryf ek
'n groen gedig
van bome wat
oor vlaktes breek
tot waar berggeboortes
in antieke profiele
verewig
en sonder dat ek dig
of selfs eens probeer
skep ek 'n sinvolheid
van dae in 'n ry
in die proes en skuim
van 'n vroeë oggend
tot waar die horison
in 'n tydsmosaïek
van donker en kleur
saampak
en die steeksheid van
'n laatmiddag
onder my vel vergader
so sal ek eindig
met 'n brandglasvertoning
die lug in afskeidsgroet
waar elke oomblik
'n laaste gedagte

kan koester en blom
tot die jonkheid van die nag
soos die nasmaak van
'n eerste gebed
oor ons groei

ek wil so graag
terwyl my lewe nog
'n kuns is
my versigtigheid oorspeel
ingroei en deel
tot ek saam met jou beweeg
my aarde my lug
my groen groen gedig

eggo's van angs

(as deel van 'n droë wit seisoen)

die oggend se stotterende skuldbelydenis
het uiteindelik
soos 'n vry-bloeiende granaat
in ons oopgegaan
die lam gekneusde vrugte
van 'n laat oes
en toe die bitterheid
tussen ons tande stol
pers ons ons lippe
om harde woorde saam
skep soos 'n selfgeskape god van liefde
die binnegoed van 'n nuwe seisoen
tog elke keer as ek probeer dig
kan ek vir jou 'n noodtoestand oopskryf
ek en my pen en my handskrif
wat selfs deur burokrasie
nie wou gaan lê nie

maar vanaand is ek te beknop met myself
om nog my land ook te akkommodeer
is selfs die gewig van vyf vingers per hand
'n las om iets mee te doen

dalk 'n sinvolle gaping onder my neus inkneus?
jy sal dit moeilik glo
maar ook deur my grein
trinkel die gemors van 'n leeftyd
ook ek is vrot van die pyn en die vrees
die vrees van net om nou hier te wees
verder weet jy ook
my gewete was maar altyd
in die plooië en pupille
van my gesig
en as eerlike opinies nog uitgedink mag word
wil ek net sê
ek is ook swart gebrand deur my land
of dalk net deur tyd uitgebrand
met oogkaste waaruit rook bollerig kruip
net nog 'n nuttelose eggo
van angs

Jan van Wyk Sonsak

Die skroef
Al vaster hier in my maag
Wil met my na die bloekoms langs die pad
Met die rooi stof wat so opdraai
Teen die laat-rooi son —
En ou Fanie se Ford so pas verby;
Koelte om die turksvy-beentjies, kaal tone,
Kraakdroog bleek koe-koeie
En tussen kakiebroek en vaal-maer wintervel
Laat weet: dis huis toe nou —

En nooit weer — dink mens — kan een weet
Van die vertraging van die brein
Soos ingedagte katstreef
Met kol-op-die-maag verskriklike wete —
Die dag is verby.

Lamplig in die venster sê
Daar is nog ander lewe;

Myne lê maar in die leeggelate kolle
Onbruikbaar-verklaarde
Onbereikbare anderkant-hier
Waar ruimte is
Waar ander nie beset;
Agter daardie lig,
'n Afstand-doen van self
Toewyding aan die stil slaaf daarbuite
Verby vereers.

En daarbo raas hul nog —
Halstarrige muisvoël of katlagter
Vir wie die nes ook wag;
Die aand kom lê hier teen die grond,
Die bulte vir oulaas 'n ver wye venster
En dit draai vas hierbinne, want nou is dit leeg.
Behalwe vir die ligte, wyd
Waar dinge maar gewoon is
En naby — en klein
En van waar die leegte daarbuite
Maar sluimer en wag
Tot die son weer more
Laag-laag hang.

Ian F. Voges Leë Restaurante

Dae in leë Restaurante
word soos seek vir stene
potensiële kleime wat tydloos
uiting gee aan opgeboude emosie
sonder om terug te gee
wat verwag word.
Delwers wat arm wag
gesetel glo aan produksie;

maar die gevoel sink soms harte
diep weg in trôe, vol verlore moed
Eendag sal alles weer bergwater word.

Dit is die agtermiddaguur gevoel
in leë restaurante
Terwyl gevoelens hiberneer
vir die anderkant van môre, winter en middag ...

Rated best to succeed

Hulle vat hom toe na die steriele plek
Vry van vlieë en goeters wat kom met die invloed
Hulle vat hom toe.

En dink al klaar aan wat daarna
Hulle dop sy lobbe af
Eers regs en dan ook maar links
Hulle gee hom nuwe vleis
Goeie, dom vleis
Hulle ruk hom uit sy roede uit
maar sit dit weer in hom op, op hul manier
Sy geslag is nou net niks as mos en weekdier
dalk nog vrug.
Hul strip oor tyd sy alles behalwe sy moer
Nou is hy half rated best to succeed
Die vlieë beloer die vensters
Daar is skubbe op hul rûe
Naels aan hul pote
Aangepas om drek te soek en sit
Nes hul die vlieë gewaar slaan hul die
se mens tot 'n bruin kolletjie in die dak
wat later as hul veranderings doen op hul koppe begin drup

En toe hy uitkom was hy stralend
te simpel om te sien steriele plekke is nie
soos geleer buite plekke

Hy verkrimp toe en dor soos 'n hittige plaasdambodem
(met 'n glimlag)
Hulle kry hom toe met vlieë op hom,
een vlieg vir baie.

Hans Moolman

Nuttige Reseppe

(vir Barbara Masakela)

Fer Hoofpyn

neem die gerustes onmiddedadelik
— moet net nie meer as 50 sluk
sonder om eers die shrink te sien —
'n volwasse dosis kodus met kodein

Fer Tant pyn

is Oupa se poeiers al goed beproef
maar 'n sessie op die dok se stoel
deeglik buite bereik van kinders gehou
laat haar ook al baie beter voel

Ferkoues en griep

strawwe sinuspyn en ok piep
neem 2 X elke 4 uur senutab
— die perasietamol sal kan lol
so bly nou weg van alkohol

Fer Frees

die luukse wat uit skuld ontstaan
fan aasfool ruik 'n folle duim
die kraai fan 'n hoenderhaan
en een skulpat syn fersuim

Naskrif (voorskrif): fer slaapeloosheid

het gebede pleeg slaap se pil geword
God die teddie of moerstiet inkarnaat

marthinus p. beukes
voyeur

homage to the golden section
— bettie cilliers-barnard

watter homage vrou
kan ek aan jou bring wat teen die verval
in lyne gemeet
die pyn verbreid teken
van die heilige vrou ingetralie
agter die swart van die beminde afstand
diep uit die groot vlak
wit oneindig akrobaat

helaas die lyf verswyg

wanneer ek opklim sien dit is afgrond
wat jou metabousel van die perfekte gesig laat praat
dat die geraamde kyk
ook met wie bekyk bemindes bly
van ons vlak kontinente
afstand uiteen staan

Literêr-aktueel

W.A. Hofmeyr-prys aan Ernst van Heerden

Prof. Réna Pretorius van die Universiteit van Pretoria het die volgende motivering gelewer:

Amulet teen die vuur, Ernst van Heerden se keurige en netjies saamgevoegde vyftiende digbundel is eenparig aangewys as wenner van die gesogte W.A. Hofmeyrprys.

In die titel *Amulet teen die vuur* staan vuur as 'n parallel vir lewe — die lewe met sy slopende en bese kragte, eensaamheid en honger, verskrikking en terreur, bloed en oorlog. Maar vuur word gaandeweg ook geassosieer met stroping en suiwing; met gepuurde essensie en nuwe groei. In die 53 gedigte, georden in vier afdelings, word gesoek na 'n amulet — 'n afweermiddel teen die bedreiging van die mens en sy wêreld.

Die uiteenlopende assosiasies wat die bundeltitel oproep, word in die eerste afdeling "Volgende asseblief" in 'n opeenvolgende reeks aan die orde gestel — 'n hele sekvensie van "those evils that we most righteously have deserved" (vgl. motto), word opgeroep.

Die tweede afdeling "Kannelure" (d.w.s. oorlangs geutvormige groei in 'n suil) bevat elf tekste waarin Ernst van Heerden se "deep earnest thinking" oor die aktualiteit vergestalt word in onthutsende visioene van 'n toekomstige Suid-Afrika waarin tradisionele waardes en sekerhede tot niet gegaan het. Hy maak voorspooksele van "Karoo-opstalle / in murasies toegesooi" (p. 29), van staatsgrepe (p. 34) en revolusies:

'n Menigte word hongerder
en nie vir vis of brood maar vuur —
hul fakkels smeul soos sonneblomme ...

Hy sien gesigte van 'n bedreigde bestaan in 'n donker land van tirannie waarin die Christelike godsdiens uitgewis is (p. 37); waarin Langenhoven se "Die stem" (p. 33) na 'n verledetydsleutel getransponeer is; ons moedertaal (as minderheidstaal) minagend verkleineer is tot "The taal" (p. 38), en ons wag

om met ingehoue asem
eendag vestings van die tirannie
met Baskiese geweld
rooi in blinde knalle te laat spring.

Die groep gedigte in die derde afdeling "Insidenteel" handel op die oog af

oor terloopse, onbenullige insidente wat met kleinburgerlike aktiwiteite en belewenisse te make het. Dit staan dus in skerp kontras met die brandend-aktuele dinge in die vorige afdeling.

Die ervarings waaroor in hierdie afdeling gedig word, is egter 'n noodsaaklike déél van die mens se lewe — dis ervarings wat as gemene deler het: emosionele ontroering.

Die gedigte in die slotafdeling is byeengebring onder die subtitel "Die korridor". Met die presiese bepaling word hierdie verbindingsgang as 'n bekende, bepaalde deurgang aangedui. In hierdie verse — en ook in die lig van Van Heerden se vroeëre poësie — sou 'n mens kon sê: dis die korridor tussen lewe en lewe, met ander woorde: die dood.

Ernst van Heerden se taalmeesterskap, sy argitektoniese vermoë, sy fyn stelery uit oerbronne en by ryk, verbeeldingskragtige kunstenaars soos Shakespeare, Opperman, N.P. van Wyk Louw — maar veral Dante — is van die merkwaardigste aspekte van hierdie diggeweefde bundel.

Die intertekstuele gesprek met Dante se gedig DIVINA COMMEDIA verryk die religieuse grondtoon van *Amulet teen die vuur* op 'n besondere wyse.

"Die digter as sterrewiggelaar" wéét:
alle woorde (word) net 'n soek na God.

Hierdie uitreik na God, maar ook die pynlike twyfel óf God hom hoor, word in die manjifieke vers "Die wroegende" op aangrypende wyse verwoord:

Groot Stem
uit donkerte, uit stiltes, uit die ruim,
praat met my
sodat ek u ritselinge in die biesiepol kan hoor,
u aromas in die tiemiebos kan ruik,
die sout van u blink bloed kan proe,
en met u klippies
se uitrimpelende rimpels
oor al die wêreldwaters dein ...

Maar net die barmhartige reën
val sag
tussen die swart rose.

Die drang na suiwerheid en waarheid by die mens op reis na God word in die indrukwekkende slotgedig "The truth of Masks" op konkreet-beeldende wyse voorgestel. Die maskers van die landloper, die heler, die towenaar, die woekeraar, en uiteindelik: die kersemaker, hou verband met die groei wat hom voltrek in die proses van suiwering en die kom tot selfkennis:

Maar
daar was ook die kersemaker,
uitdager van die donkertes,

wat van 'n vlam 'n lied wou maak —
om die liggende lewe lief te hê,
dit deur alle brand steeds te verduur.

So met die pantomime
al flukser aan die voortspeel,
die kyktribunes vol beset,

kom die bede:
gee my begrip
wanneer die laaste masker val.

Amulet teen die vuur is 'n bundel "wat ligte wonders binne-hou" en verdien om bekroon te word met die W.A. Hofmeyr-prys.

M.E.R.-prys vir Kinderlektuur aan Jenny Seed

Vir die eerste keer sedert hierdie prys in 1984 ingestel is, is dit vanjaar aan 'n Engelse boek toegeken. Dit is trouens die eerste keer dat Jenny Seed, 'n baanbreker op die gebied van die Engelse kinderboek, bekroon word. Hier volg die aanbeveling van Alba Bouwer:

Hierdie boek van Jenny Seed gaan oor 'n kind, maar is beslis ook vir kinders geskryf. Deur die skerp oë van die dertienjarige Johnny Ramsden met sy gevoeligheid en ontvanklike gemoed, kry die leser 'n intieme beeld van 'n episode in die Anglo-Boere-oorlog nl. die beleg en uiteindelijke ontsetting van Mafikeng. Dit word 'n boeiende en ook roerende verhaal met genoeg spanning en aksie vir 'n tiener wat soek na avontuur en opwinding. Al sal die hele milieu en die tydperk vir hom outyds en vreemd kon voorkom, sal dit hom nie pla nie want ek glo 'n jong leser sal meegevoer word deur die verhaal en die gebeure om Johnny.

Ten spyte daarvan dat dit geen eietydse verhaal is nie, is dit tog 'n boek met groot betrokkenheid omdat dit die hele kwessie van "rasse"-vooroordeel en -spanning so uitstekend goed aanraak en behandel, 'n spanning wat in ons land groot werklikheid was en in 'n mate steeds is met die gevoel tussen Boer en Brit. Die skryfster hanteer dit egter baie goed omdat sy daarin slaag om sonder partydigheid of vooroordeel die konflik en die twyfel en hartseer aan albei kante te teken.

Dis 'n historiese verhaal, maar dis nie in die eerste plek toegespits op historiese feite nie, veel eerder op mense en die reaksies van mense wat onder druk en spanning moet leef, met die fokus op die gevoelige, effens verwarde tiener: hy is deel van 'n Engelse gesin, sy vader veg saam met die Engelse om die dorp te verdedig en hy self is lid van Baden Powell se kadetkorps. Sy selfversekerde ouma wat by hulle inwoon, is nie suinig met haar blyke van afkeer van die "wretched Dutchmen" nie. Johnny se sagsinnige

moeder, daarenteen, is 'n Boeremeisie met 'n broer wat saam met die Boere op kommando is. Hierdie feit is deel van die kern van die verhaal en rede vir die konflik in Johnny se gemoed, eintlik nadat hy 'n gesprek tussen twee Engelse tantes gehoor het wat hom laat vermoed dat sy moeder in verbinding is met die oom op kommando en positief 'n verraaiersrol speel. Dié vermoede word versterk deur 'n geheimsinnige swart boodskapper wat in die nag 'n briefie na sy moeder bring.

Die hele verhaal wentel om die Ramsden-gesin wat teen die agtergrond van die Oorlog en besetting allerhande ervarings het. Hierdie agtergrond en die geskiedenis is klaarblyklik deeglik nagevors en met juistheid weergegee. Wat opval, is die knap wyse waarop historiese feit en fiktiewe gebeure geïntegreer word sodat dit 'n oortuigende, meevoerende verhaal word en nooit die indruk van 'n versuikerde geskiedenispluim vir kinders skep nie.

Hoofsaak is by die skryfster die mense, verhoudinge tussen mense en interaksie tussen mense en veral die gemoedslewe van die hooffiguur met die vertwyfeling en vreugdes van 'n jong seun, sy stryd om homself en die mense die naaste aan hom te begryp en die onmiskenbare groei en ontwikkeling van begrip en insig wat op allerlei vreemde maniere in hom moontlik word. Dit is die beste deel van hierdie lesenswaardige jeugboek wat sonder twyfel ook met plesier deur volwassenes gelees sal word.

Die skryfster het ook 'n fyn aanvoeling vir stemming en slaag daarin om dit deurgaans goed te skep: die skroeiende somerhitte wat voelbaar word, die somber stilte by die begrafnis waarmee die verhaal begin, die spanning en kameraderie in die skemerdonker loopgraaf — vir Johnny 'n oase ná sy dae in die huis tussen lastige vrouens. Dit maak alles vir die leser oortuigende werklikheid.

Die skryfster het ook die slag om goed van detail gebruik te maak sonder om te oordryf: "Johnny sat down on the chair beside the bed. It was still warm because Mother had been sitting there."

"He blew out the candle. The smell of the quenched wick was strong on the still air."

Jammer dat die uitgewer nie hier en daar gesnoei het aan 'n paar clichés nie, soos bv. "A shocked silence." "The orange of the sunset fades ...". A scarlet blush of shame."

En die woonplek van 'n groep swartmense is tog 'n *stat* en nie 'n *stad* nie! Hierdie verhaal is van die gehalte wat die M.E.R.-toekening verdien.

Prof. A.P. Grové by die toekening van die *Gustav Prellerprys vir Literatuurwetenskap en kritiek* aan dr. J.C. Kannemeyer, 24 Junie 1988:

By die toekening van die Gustav Prellerprys vir literatuurwetenskap en kritiek is daar een of twee prinsipiële sake waarmee daar rekening gehou moet

word.

Eerstens is daar die feit dat dié prys slegs een maal aan 'n bepaalde individu toegeken kan word. Hieruit volg byna outomaties dat die ontvanger daarvan iemand sal wees wat deur sy publikasies en literêre bydrae in die algemeen oor jare heen 'n eie plek en 'n erkende status in die literêre wêreld verower het.

Tweedens is dit so dat die prys onder sy Preller-naam betreklik jonk is. Maar as ons in aanmerking neem dat wetenskaplike literatuur-kritiese werk sedert 1947 onder die vaandel van die Stalsprys bekroon is, is die prys eintlik al meer as veertig jaar oud, en in dié veertig jaar is die prys aan letterkundiges toegeken wat hulle op 'n wye verskeidenheid gebiede van literêre besinning onderskei het: die opstel van bibliografieë en bronnegidse, die wetenskaplike versorging van skaars tekste, literêre geskiedskrywing, teksontledings en eksegeese, letterkundige opstelle en monografieë, literêre handleidings, ens. Die begrip literatuurwetenskap is in die verlede dus ruim opgevat, en so is dit vandag nog, ten spyte van die feit dat daar in die jongste tyd deur baie vakkundiges 'n veel enger betekenis aan die begrip (algemene) literatuurwetenskap gegee word.

Dr. Kannemeyer, wat vir vanjaar se toekenning aangewys is, het sy bydrae op 'n breë front gelewer. Naas sy proefskrif, 'n teoretiese studie getiteld *Die stem in die literêre kunswerk* (1965) en 'n handleiding by die lees en waardering van prosa getiteld *Prosakuns* (1965), het dr. Kannemeyer twee bundels opstelle gepubliseer, nl. *Opstelle oor die Afrikaanse drama* (1970) en *Konfrontasies* (1977). Dan ook verskillende monografieë, onder meer 'n studie oor *Sewe dae by die Silbersteins: Op weg na Welgevonden* (1970) en 'n baie bruikbare studie oor die werk van Opperman: *Kroniek van klip en ster* (1979).

Kannemeyer se belangstelling in redaksionele werk blyk, afgesien van sy jarelange verbintenis met *Standpunte*, onder andere uit sy nougesette redaksie van *Die galeie van Jorik* (1979) en sy versorging van Leipoldt se *Versamelde gedigte* (1980), sy literêr-historiese arbeid vind neerslag in sy omvattende *Geskiedenis van die Afrikaanse literatuur* waarvan twee dele reeds verskyn het. En onlangs, in 1986, verskyn daar van hom 'n biografie van D.J. Opperman, die vrug van jare se geduldige navraag en navorsing. Op grond van dié publikasies — en nou laat ek bloemlesings en tydskrifwerk onvermeld — het die Akademiesraad op aanbeveling van die Letterkundige kommissie besluit om die Gustav Preller-prys vir 1988 aan dr. J.C. Kannemeyer toe te ken, en ek versoek u nou om die prys aan hom te oorhandig.

Antwoord van dr. J.C. Kannemeyer:

Die Gustav Prellerprys vir Literêre Kritiek is 'n instelling van betreklik resente datum, en daar is weinig of geen van die ander pryse op die gebied van die

literatuur waarvoor iemand vir sy aandeel aan die literatuurwetenskaplike erkenning kan ontvang nie. Natuurlik is dit so dat die kritiek 'n sekondêre plek teenoor die literêre kunstwerk inneem en sonder die skeppende aktiwiteite van die woordkunstenaar geen bestaansreg het nie. As uiting van die menslike gees wat alles wil deurgrond en vir homself verslag wil doen van alles wat hy ervaar, is die literêre kritiek egter net so 'n geldige aktiwiteit as dié waarmee die skeppende kunstenaar hom besig hou.

Deur die feit dat daar in die verlede nie in dieselfde mate bekroningsmoontlikhede vir die literatuurwetenskaplike as vir die skeppende kunstenaar was nie, het dit gebeur dat belangrike bydraes nooit op dié wyse bekroon is nie. Ek dink hier aan H.A. Mulder, daardie fyn kommentator op die werk van die Dertigers, wat nooit — deur watter instansie ook al — vir sy werk erkenning ontvang het nie, terwyl dit by D.J. Opperman te laat raakgesien is, Rik Antonissen op postume erkenning moes wag en Ernst van Heerden en André P. Brink se insiggewende studies tot dusver nog nie bekroningswaardig geag is nie.

Daarom, Meneer die Voorsitter, stel ek dit besonder op prys dat die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns my in 'n betreklik vroeë stadium — in vergelyking met die ander bekreunde literatore — met dié toekenning verkeer. Ten slotte my hartlike dank teenoor prof. A.P. Grové vir die vriendelike woorde wat hier vanaand oor my werk gesê is.

Prof. Elize Botha, by die oorhandiging van die *Eugene Marais-prys* vir 1987 aan P.C. Haarhoff, 24 Junie 1988:

P.C. Haarhoff het in 1955 op Rustenburg gematrikuleer en na 'n meestersgraad in fisika het hy doktorsgrade in fisiese chemie en in meganiese ingenieurswese verwerf. Hy was tot 1976 op Pelindaba behulpsaam met die ontwikkeling van die uraanverrykingsproses en is sedertdien verbonde aan die Universiteit van Pretoria. Hy is tans hoof van die departement Meganiese Ingenieurswese en uitvoerende direkteur vir Meganiese Ingenieurswese in die Laboratorium vir Gevorderde Ingenieurswese. Die Havengaprys vir Fisika word in 1979 aan hom toegeken, asook die Jaarprys van die S.A. Spoorweë en Hawens, saam met dr. J.F. Kemp, en in 1984 ontvang hy, saam met dr. W.L. Grant, die Merietetoekenning van die S.A. Instituut van Chemiese Ingenieurs.

Gedurende 1979 het hierdie gevierde wetenskaplike van sy verhale voorgelê aan die redaksie van die *Tydskrif vir Letterkunde*, en hy debuteer in die *Tydskrif* van Augustus 1979 met die verhaal "Die miljardplaatjies". Dr. Carien Ungerer, inmiddels oorlede, was indertyd besig met haar proefskrif *Sciencefiction: Problematiek en Perspektief* aan die UOVS (D. Litt., Junie 1983) en het as spesialis dadelik in Pierre Haarhoff 'n besondere eksponent van die genre herken. Van sy verhale is ook in hierdie proefskrif vermeld. In

1987 is die eerste bundeling van 12 van Haarhoff se verhale deur Human en Rousseau uitgegee onder die titel *Uit 'n ander wêreld*.

Hierdie tekste toon Haarhoff se verbluffende kennis en intellektualiteit: dit sou die leser kon verwag. Maar hierdie wetenskap word oorgedra in 'n vloeiende, natuurlike verteltrant, en dit is die heerlike verrassing daarvan. Haarhoff se verbeelding lei die leser inderdaad in ander wêreldes in; hy laat flikker allerlei moontlikhede rondom die sogenaamde alledaagse werklikhede. Eintlik kry die woorde "wêreld" en "werklikheid" in Haarhoff se verhale 'n gans on - gewone status, al herken sy leserstydgenote soveel vertroude dinge daarin. Want Haarhoff is geen afgesonderde studeerkameren-laboratorium-geleerde nie. Inteendeel: hy deel in die roesemoes van eietydse rock en jazz, in die TV-, film- en video-treffers van "Star Treks" en "Creatures from Outer Space" — en hy hanteer dié inhoud net so kundig as die feite in verband met lig, parapsigologie, die parasimpatiese sensustelsel, die genetika, rekenaarwetenskap, teenswaartekrag, die organiese chemie. Want Haarhoff is boweal as skrywer nie net met die oordrag van kennis gemoeid nie, maar met die o! so menslike aktiwiteit van: die vertel van 'n storie, deur een mens wat iets wonderliks weet, aan 'n ander vir wie hy graag daarmee plesier wil verskaf. Hy doen dit met humor, met mensekennis en met onmiskenbare mensliewendheid. Hy is geen grimmige sprokiesmaker nie, en tog bereik hy meermale die gehalte van die klassieke sprokie in hierdie merkwaardige, genotvolle debuut. Die Eugène Maraisprys word toegeken "vir die eerste of vroeë belletristiese publikasie in Afrikaans". Met sy verhalebundel *Uit 'n ander wêreld* het Pierre Haarhoff 'n opsienbare nuwe koers vir sy uitnemende skeppende vermoëns gevind, en die Afrikaanse letterkunde en geesteslewe op 'n besondere manier verryk.

Antwoord van Pierre Haarhoff:

Die Bybel sê, in Prediker 3:22, "So het ek dan gesien dat daar niks beters is as dat die mens hom verheug in sy werke nie, want dit is sy deel"; terwyl een van die ou Indiese geskrifte sê, "Want jy het net die reg om te werk, maar geen reg op die vrugte daarvan nie; werk dus nie vir 'n beloning nie, maar moet nooit ophou werk nie."

Hierdie toekenning beteken vir my meer as ander toekennings wat ek ontvang het, nie ter wille van die eer nie, maar omdat dit aan my sê dat hierdie bepaalde werk wat ek begin doen het, dalk die moeite werd is, en dat ek dit moet voortsit. In my ander wêreld is daar deurgaans genoeg uitsprake waarteen mens die nut van jou werk kan toets, maar hier het ek meestal alleen gewerk, en is die aanmoediging baie werd.

Die werk wat ek hier aangepak het, sien ek as 'n voortsetting, op 'n beskeie wyse, van fasette van die werk van Eugène Marais, wat in die eerste jare van Afrikaans reeds 'n brug tussen die letterkunde en die wetenskap begin

slaan het, en terselfdertyd na vrede gesoek het.

Die voortsetting van hierdie werk is my erns, en ek hoop dat die tyd daarvoor my gegun sal word.

Ek het gesê ek het meestal alleen gewerk, maar die hulp wat ek wel van andere gekry het, was onontbeerlik, en benewens die Akademie, vir die toekenning, wil ek hulle ook graag bedank.

Reg in die begin het Henriette Grove en Elize Botha op grond van die heel eerste stukkie werk besluit dat dit die moeite werd is en my sterk aangemoedig om voort te gaan. Dit, gekoppel met die plasing van die eerste paar verhare in *Tydskrif vir Letterkunde*, was lewensnoodsaaklike water waarsonder die plantjie seker sou verdor en vergaan het. Baie dankie hiervoor. Ek was gelukkig om 'n goeie redakteur raak te loop in Ampie van Straten van Human en Rousseau.

Die atmosfeer in my werkkring, by die Universiteit van Pretoria en die Laboratorium vir Gevorderde Ingenieurswese, waar eksentrieke ingenieurs nie net verdra word nie maar aktief aangemoedig word om nuwe dinge aan te pak, het ook vir my baie beteken.

En dan ten slotte was daar die aanmoediging van my gesin, aan wie die bundel opgedra is.

Persvrystelling opgestel deur prof. Elize Botha, konvenor van die Afrikaanse beoordelaarspaneel, by geleentheid van die aankondiging van die Afrikaanse kortlys, 13 Junie 1988, vir die CNA-prys vir Letterkunde. Ernst van Heerden, vir sy bundel *Amulet teen die vuur*, is op 28 Julie 1988 as die wenner aangewys. Die ander beoordelaars was prof. Rouston Gilfillan van die Universiteit van Natal (Durban) en mnr. Johan van Rooyen, redakteur van *De Kat*.

Lucas Malan kan sekerlik, wat ouderdom en oeuvre betref, beskou word as 'n jong digter. Hy is 'n digter van die tagtigerjare: sy eerste bundel *'n Bark vir die ontheemdes* het in 1981 verskyn; sy tweede, *Tydspoor*, in 1985. *Edenboom* van 1987 is dus sy derde bundel; onlangs het prof. Ernst van Heerden in 'n artikel oor die digterskap van Lucas Malan gepraat van die tematiese vindingrykheid van die poësie in *Edenboom*, van die digter se fyn beheer oor die klankaanbod, van sy taalvernuf, van sy gedigte as gedissiplineerde en deurgekomponeerde kunswerke. Maar *Edenboom* is daarby leespoësie; al is dit diepsinnig, is dit geen duister poësie nie, omdat die poësie so ryk is aan menslikheid en aardsheid.

Wilma Stockenström, gevierde digteres wat vir haar poësie reeds die Hertzogprys en die Louis Luyt-prys ontvang het, het sedert 1976, met die verskyning van haar eerste roman *Uitdraai* toenemend die aandag op haar as prosaïes gevestig. Haar derde roman *Die kremetartekspedisie* van 1981 het ver buite ons grense feitlik wêreldwyd bekendheid verwerf — onlangs is

die Italiaanse vertaling daarvan bekroon. *Kaapse rekwisiete*, haar roman van 1987, laat sien die talente van hierdie veelsydige skryfster (wat ook dramaturg is!) in al die rypheid en rykdom daarvan. Sy openbaar 'n verbluffende vindingrykheid in woordspel en verwysings, sy laat beweeg haar vertelling op menigvuldige vlakke, maar sy voer terselfdertyd die eeue-oue opdrag vir die storieverteller uit: sy skep raaisels en spanning, wat op éclatante ontknopings uitloop, en sy skep 'n karakter wat inlewing en meegevoel van leserskant verseker.

Amulet teen die vuur is Ernst van Heerden se vyftiende digbundel, en deur vele kommentators word dit beskou as 'n hoogtepunt in die omvangryke oeuvre van die 72-jarige digter, prosaïes, literêre essayis, wat oor meer dan 40 jaar 'n ryk bydrae tot die Afrikaanse literatuur gelewer het. *Amulet teen die vuur* toon die fyn-ontwikkelde vakmanskap van 'n gedeë versemaker: die gedigte is elkeen tot 'n voldrae artefak afgerond. Maar nie net tegniese meesterskap is hier ter sprake nie: dit is ook die lewenshouding en lewensvisie — daardie kwaliteite wat so dikwels bepalend is vir die grootheid van 'n kunstenaar — wat in hierdie poësie aangryp, en dit is 'n houding en 'n visie *vir ons tyd*. Die verskrikkinge wat ons samelewing teister, die kleiner teisteringe van aldagsewe, die mens se ten gronde gaan aan aftakeling en dood — maar ook die mens as metafisiese wese, die digter wat "wéét: / "alle woorde (word) net 'n soek na God": dit alles maak deel uit van die groot boodskap van *Amulet teen die vuur*.

Nuwe Afrikaanse Boeke: Januarie — Maart 1988

Opgestel deur die Afrikaanse Letterkundige Museum en Navorsingsentrum,
Musiek en Toneel (NALN), Privaatsak X20543, BLOEMFONTEIN, 9300

Romans

BEUKES, Dricky. Kamberg se kinders. Van der Walt.	R11,75
BIERMAN, Ettie. Strand van die stormwinde. Klub Saffier.	R9,50
BOUWER, Alba. Die afdraand van die pad. Tafelberg.	
BRIDGES, Isabel. Kinders van Akkerstraat. Treffer-Boekklub.	R11,75
BROWN, Tinus. Wat jy saai sal jy maai. Klub 707.	R9,50
CALITZ, Hulda. Ter wille van 'n beter lewens. Grootdrukkuitg. Daan Retief.	R19,75
DU PISANIE, Sarah. Prins van die duine. Van der Walt.	R11,75
DU PLESSIS, Em. Ver pad na more. President.	R11,75
FOLSCHER, Johan. Vlug na vryheid deur Johan Huishaman soos vertel deur Johan Folscher. Perskor.	R9,50
GOUWS, Danie. Die verloorder. Klub 707.	R9,50
GOUWS, Etheresia. Die nuwe Adam. Klub Dagbreek.	R11,75
GRIESSEL, Nita. Vredeslied van Kavango. Van der Walt.	R9,50
GROBLER, Marianne. 'n Man soos Markus. Klub Dagbreek.	R9,50
HEINE, Mike. Ewig soos die sandsteenkrans. Klub 707.	
JACOBS, Derick. Nag van vergelding. Klub 707.	R9,50
KOTZE, Hetta. Die heerser van Curitiba. Klub Dagbreek.	R9,50
LAMPRECHT, I.D. Blindemol. Klub 707.	R9,50
LETOIT, André. Suidpunt-Jazz. HAUM.	R9,50
LOUW, Pieter. 'n Swaard vir sy viool. Klub Saffier.	R9,50
MARITZ, Empie. Net die prik van 'n naald. Klub Dagbreek.	
MARTIN, Wille. Meisie van Edelweiss. Grootdrukkuitg. Daan Retief.	R19,75
— Sabeldans. Treffer-Boekklub.	R11,95
MORGAN, Annelize. Lied van die woestynwind. Klub Dagbreek.	R9,50
PAUW, Nanda. As die wit duive vlieg. President.	R9,50
PIETERSE, Annemarie J. Liefde is 'n klagstaat. President.	R11,75
STEYN, Ilse. Brande van die hart. Treffer-Boekklub.	R11,75
— Meisie aan 'n tou. Van der Walt.	R11,75
STRYDOM, M. Die kruis van vooroordeel. President.	R11,75
— Meester van die spel. Klub Saffier.	R9,50
SWART, Lize. Impulsiewe harte. Van der Walt.	R11,75
VAN DER MERWE, Christo. Elvira van Aberdeed. Van der Walt.	R11,95
VAN NIEUWENHUIZEN, Jackie. Vir jou wens ek ... Treffer Boekklub.	R11,75
VAN ZYL, Babs. Dokter Rocco en die vlinder. Klub Saffier.	R9,50
VERMAAK, Frances. Uit die oog. Klub Dagbreek.	R9,50
WARDECK, Anne. Die ligdraer. President.	R11,75

Kortverhale, essays, briewe, ens.

AUCAMP, Hennie. Brandglas: 'n keuse uit sy verhale saamgestel deur Charles Fryer. Tafelberg.	R13,50
Die MIDDERNAGFEES en ander verhale; saamgestel deur Johan Anker. Tafelberg.	R12,50
RAUTENBACH, Fanus. Mot deur mot. Unibook.	R12,50
VAN PLETZEN, Johan. Hoe gaan dit met Ma? Van der Walt. (Briewe van Kleinjan)	R9,75

Dramas

DE VILLIERS, Louis. Johanna, o Johannes: 'n komiese eenbedryf. DALRO.	R3,30
-----------------------------------------------------------------------	-------

- Die ROOI duiwel se as en ander eenbedrywe. R6,95
- Poësie**
- AANKOMS uit die skemer. Patrick Petersen-uitgewers. R15,99
- DURAND, F.I. U lewende teenwoordigheid. Evangelie Uitgewers.
- Vertaalde poësie**
- OLYFWOESTYN. Perskor. R16,50
- Letterkundige studies en kritiek**
- BOSMAN, Martjie. Die beplanning van onderrig in die Suid-Afrikaanse letterkunde. RGN.
- Die hoërskoolleerling as leser. RGN.
- COLLEGE OF CAREERS. Aantekeninge oor My mense. College of Careers. R4,95
- KAAP DIE GOEIE HOOP. Biblioteekdiens. Literêre toekennings. Kaaplandse Provinsiale Biblioteekdiens.
- VAN DER WALT, P.D. Goeie leesgewoontes: toegespits op volwassenes en die jeug. P.U. vir C.H.O.
- Kinder- en jeugverhale**
- BARNARD, Chris. Voetpad na Vergelegen. Tafelberg. R13,50
- CILLIERS, Annemari. Sem se bosvoël. Van der Walt. R14,50
- DRURY, Liesel. Die aartsbiskop en ander verhale. MSCU. R5,95
- Die alleenlopende kat en ander verhale. MSCU. R5,95
- Die goue aanraking en ander verhale. MSCU. R5,95
- Die klein bruin muisie en ander verhale. MSCU. R5,95
- Mevrou Simkin se bad en ander verhale. MSCU. R5,95
- DU PLESSIS, Anita C. Nonna in kaneel. Perskor. R12,95
- GROBBELAAR, Pieter W. Die huis met die sewe deure. Daan Retief. R12,50
- Moesan Muis. Daan Retief.
- KOLLER, Tess. Vasië se nag. Daan Retief.
- KOTZE, Claudien. Die kalbasdraertjie. Tafelberg. R12,50
- KRUGER, Cornelia. Hy lag oor die vrees. Perskor. R11,95
- LERM, Mariana. Amfi. Timmins. R6,95
- Slakkie. Timmins. R6,95
- Woepel. Timmins. R6,95
- Wriemel. Timmins. R6,95
- POTGIETER, Lea-Lynn. Vasbyt Elmie! Daan Retief.
- SMIT, Nina. Pierewiet kom weer. Waterkant.
- VAN VUUREN, Helen. My eerste Kersfees. Daan Retief. R6,50
- VICTOR, E.B. Die nag van die wolf. Daan Retief.
- Vertaalde kinder- en jeugverhale**
- ALTHEA. Jana word aangeneem; vert. deur Francois Hugo. Century Hutchinson. R14,95
- AMERY, Heather. My eerste duisend woorde: 'n prentewoordeboek; vert. deur Nonna de Villiers. Tafelberg. R8,50
- ELLIOT, Michele. Hou kop en sê nee; vert. deur Elsabe Steenberg. Tafelberg. R13,95
- ESNOUF, Kay. Gary se wilge-avontuur; vert. deur Aletje Bosman. Daan Retief.
- KIRBY, Sue. Die oranjiesnel; vert. deur Dorothea Krige. Daan Retief.
- LESLIE, F. Riets se meesterstuk; vert. deur Estelle Platzoeder. Daan Retief.
- MUIR, Frank. Bollie-Blaps se ontbyt; vert. deur H. Leibbrandt. Daan Retief.
- MY eerste tweetalige woordeboek. H & R R19,95
- MURRIE, Jean. Stilbly, Karin; vert. deur H.S. Coetzee. Daan Retief.
- SEED, Jenny. Lappies en die skoene; vert. deur H.J.M. Retief. Daan Retief. R12,50

STAMPS, John. Mark en die diamantroof; vert. deur Dorothea Krige. Daan Retief.	R7,50
WOLF, T. Ontmoet die woudvolk. Timmins.	R14,95
— Die woudvolk ontmoet die feëttjies. Timmins.	R14,95

Verseboeke vir kinders

KRAAINES: 'n Keuse uit hedendaagse digters tussen twee seë; redakteur J.C. Kanne-meyer. Academica.	R9,95
PAUW, Nanda. Hoor, hoor wat sê die skulp se oor. Daan Retief.	R12,50
VAN ZYL, Johan. Treetjies na die toekoms. Daan Retief.	R12,50

Studies oor afsonderlike skrywers

SNYMAN, Henning. Teodoliet. Dias-Uitgewers.	R27,00
---------------------------------------------	--------

Ander werke van belang

STEYN, Jaap. Trouwe Afrikaners: aspekte van Afrikanernasionalisme en S.A. taalpolitiek 1875–1938. Tafelberg.	R25,00
--------------------------------------------------------------------------------------------------------------	--------

Heruitgawes

Bekker, Johann. 'n Tradisie van die Vermeulens en ander verhale. 2de uitg. H & R.	R7,50
BLIGNAUT, Toek. Die bergwind fluister. Grootdrukkuitg. Makro-Boeke.	R20,50
— Eiland in die son. 2de uitg. Van der Walt.	R11,75
— Onbekende erfenis. Grootdrukkuitg. Makro-Boeke.	R20,50
COMBRINK, Jan. Vrou van die stormnag. Grootdrukkuitg.	R26,50
DU PLESSIS, Hannah. Die geheim van Brunntal. 2de uitg. Van der Walt.	R11,75
IMMELMAN, Doc. Blits. 3de uitg. H & R.	
JACOBS, Derick. Jy ook, Lize? 2de uitg. Klub 707.	R9,50
KENNIS: die eerste Afrikaanse ensiklopedie in kleur. D1. 1–17 4de hersiene uitg. H & R.	
KIELBLOCK, Karl. Guillam Woudberg. Grootdrukkuitg.	R27,00
KRUGER, Cornelia. Rylopers. 2de uitg. Klub Saffier.	
LAMPRECHT, I.D. Die blinde horlosie. HAUM.	R5,50
LE ROUX, Marlene. Die vonds. Grootdrukkuitg. Makro-Boeke.	R22,50
LINGUA, Susanna M. Soos 'n silwer droom. 2de uitg. Van der Walt.	
LOUW, Cecily. Spraakopleiding en opvoedkundige drama. 4de uitg. [d.i. 2de sagtebanduitg.] Van Schaik.	R25,00
MURRAY, Ena. Diena van die eike. Grootdrukkuitg. Daan Retief.	R19,75
MURRAY, Ena. Die pad terug huis toe. 2de uitg. Van der Walt.	R11,75
PAUW, Nanda. As die suiderland roep. Grootdrukkuitg. Daan Retief.	
PIENAAR, T.C. Die onsterflike Eva. Grootdrukkuitg. Makro-Boeke.	
— Twee paaie. Grootdrukkuitg. Makro-Boeke.	
PRINSLOO, Mara. Skone daeraad. Grootdrukkuitg. Daan Retief.	
SCHULER, Rena. Miskien was dit Marnelle. 2de uitg. H & R.	
SNYMAN, Annelize. Arka. 2de hersiene uitg. H & R.	R8,95
VAN DER MESCHT, Ella. Jy erf die blomtyd. 2de uitg. Van der Walt.	R11,75
VAN DER POST, Henk. Mens sonder siel. 2de uitg. Klub 707.	R9,50
VAN HEERDEN, Etienne. Toorberg. Sagtebanduitg. Tafelberg.	R16,50
VAN NIEKERK, Dolf. Die son struikel. 4de Sagtebanduitg. Perskor.	
VAN SCHALKWYK, Nickey. Geheim van die windvalk. Grootdrukkuitg. Makro-Boeke.	
— Die Kriges van Sewe Eike. Sagteband. Tafelberg.	R11,50
— Wraak dra 'n masker. Grootdrukkuitg.	R21,00
VAN WYK, At. Kniel, krygsman: 'n oorlogsroman. Saayman & Weber.	

Voorgeskrewe boeke vir Matriek

Inhoud

Die pluimsaad waai ver
(N.P. van Wyk Louw) 105

Dias
(N.P. van Wyk Louw) 118

Die keiser
(Bartho Smit) 129

Germanicus
(N.P. van Wyk Louw) 136

Ia van Zyl
(Die Windhoekse Onderwyskollege)

Jackie Meyer
(OKVO, Pretoria)

M.E. Smith
(NALN, Bloemfontein)

Henning Pieterse
(Hoërskool Overkruin)

la van Zyl

Die pluimsaad waai ver (N.P. van Wyk Louw)

1. Die skrywer

N.P. van Wyk Louw is naas dramaturg ook digter, literêre kritikus en essayis. Hy word beskou as die leidende figuur onder die sg. Dertigerdigters, wat verantwoordelik was vir 'n belangrike vernuwing in die Afrikaanse poësie. Sy digterskap ontwikkel in verskillende fases. Tot die eerste fase behoort *Alleenspraak* (1935), *Die halwe kring* (1937), *Die dieper reg* (1938), *Raka* (1941) en *Gestaltes en diere* (1942). Grové (in Nienaber (red.) 1982: 401) wys daarop dat hierdie fase eindig op 'n daadkragtige noot. In die volgende fase, wat begin met die versdrama *Dias* (1952), klink volgens Grové (*loc. cit.*) 'n toon van deemoed. Teenoor die "besetenheid en daadkrag" van vroeër vind Grové hier "'n gevoel van nederigheid, mildheid en oorgawe", wat voortgesit word in die gees van *Nuwe verse* (1954). In die versdrama *Germanicus* (1956) word die "nuwe mens" vergestalt in die figuur van Germanicus, wat geweld en heerserskap afsweer en wat vir homself geen vaste waarhede wil toe-eien nie. Die menslikheid met sy beperktheid staan hier op die voorgrond. Later digbundels is *Gedigte* (1960) met 'n keur uit gepubliseerde werk, sowel as 'n klompie ongepubliseerde gedigte, en *Tristia* (1962). Lg. is met die C.N.A.- en die Hertzogprys bekroon. *Asterion* (1965) is 'n radiofoniese opera.

Van Wyk Louw se prosadramas sluit in *Koning-Eenoog of nie vir geleerdes* (1960), *Kruger breek die pad oop* (1964), *Lewenslyn* (1962), *Dagboek van 'n soldaat* (1961), *Die held* (1962), *Berei in die woestyn* (1968), *Die pluimsaad waai ver* (in 1966 opgevoer en in 1972 gepubliseer), *Blomme vir die winter* (1974) en *Die val van 'n regvaardige man* (1976). Heelwat van hierdie dramas is in die vorm van hoorspele.

2. Agtergrond by *Die pluimsaad waai ver*

Die pluimsaad waai ver is 'n geleentheidstuk, geskryf in opdrag van TRUK en opgevoer tydens die eerste Republiekfees in Pretoria in 1966. Hierdie opvoering het sterk protes uitgelok. Selfs die destydse Eerste Minister, dr. H.F. Verwoerd, het skerp gereageer. Kannemeyer (1978: 435) skryf hieroor soos volg: "Ná die eerste opvoering van *Die pluimsaad waai ver* lewer H.F. Verwoerd, indertyd Eerste Minister, op 31 Mei 1966 'n toespraak by die Republiekfees in Pretoria waarin hy die versugting uitspreek "dat daar vir ons ook, soos by ander volke in hulle wonderuur, die skrywers en die digters mag ontstaan wat kan en sal wil besing die heldedade van hul eie geslag. O, kon dit vir ons gegee word, soos dit in die uur van roem van groot volke in die verlede was, dat daar diegene kon opstaan wat nie weifelend vra: wat is 'n volk nie, maar wat sal uitjubel: dit is my volk, só is my volk, só

kan hy ook wondere verrig: só is hy as skepper van 'n eie toekoms (...). Hierdie uitspraak van Verwoerd was 'n duidelike toespeling op *Die pluimsaad waai ver*, wat met die woorde 'Wat is 'n volk?' begin."

Hierop reageer Louw, volgens Kannemeyer (1978: 436), soos volg: "As iemand sê ek is 'n vrot skrywer, haal ek my skouers op — wie is ek om te oordeel! Maar as my Afrikanerskap in twyfel getrek word, kan dit nog seer maak, bitter seer."

Kannemeyer (1983: 265) wys daarop dat Louw teen hierdie aanvalle verdedig is deur o.m. D.J. Opperman, F.I.J. van Rensburg en Chris Barnard. Grondslag vir die besware teen die stuk was volgens Grové (in Nienaber (red.) 1982: 409) dat daar gevoel is (en Grové meen "met reg") "dat die negatiewe element in die geskiedenis te swaar en te eensydig beklemtoon is; Paardeberg en nie Magersfontein nie, Cronjé en nie De La Rey nie, die koppigheid en verraad en nie die heroïek nie".

As 'n mens *Pluimsaad*¹ vergelyk met *Die dieper reg*, wat verskyn het 28 jaar voor die eerste opvoering van *Pluimsaad*, is die wending wat in die tweede fase van Louw se werk ingetree het, duidelik waarneembaar. In e.g., wat as sub-titel het "'n Spel van die oordeel oor 'n volk'" — wat dit tematies met *Pluimsaad* verbind — word die Voortrekkers van alle skuld onthef op grond van die suiwerheid van die daad. In lg. egter word daar krities gekyk na die daad.

Dit is ook interessant om te let op die verband tussen Louw se opstelle (soos gebundel in o.m. *Berigte te velde* (1938), *Lojale verset* (1939) en *Deurskouende verband* — radiopraatjies en toesprake (1977)) en sy letterkundige werk. In die opstel "Aristokratiese kuns en die volk" uit *Berigte te velde* sê Louw nog dat by 'n klein volk soos ons dit die kuns is, "en veral die literatuur (...) wat draer van die nasionale idee moet wees". Dis die werk van groot enkelinge soos Kruger en De Wet, sê hy, "waarop ons volkstrou berus" (Louw 1939: 18). Hy beklemtoon die rol van die skrywer as geestelike leier: "Die taal onderskei ons en bind ons saam. Sy hoogtepunt — die groot literatuur — sal vir ons geestelike leierskap moet verskaf." (*loc. cit.*). In dieselfde opstel sê Louw ook reeds (profeties t.o.v. sy eie ontwikkeling?): "En dikwels is die groot kuns die eerste aanduiding van groei en verandering in die gemeenskap waarvan die mense hulle nog nie bewus is nie" (*op cit.*: 19).

Hoe die kloof tussen botsende standpunte in die samelewing ook in die letterkunde weerspieël kan word, blyk uit die opstel getitel "Die literatuur in die kryt" uit dieselfde opstelbundel. Met verwysing na die Kommunistiese standpunt van Herman Gorter en die godsdienstige standpunt van Guido Gezelle in Nederland, sê Louw: "Is redeneer of onderlinge waardering nog tussen twee sulke standpunte moontlik, of net stryd tot die bitter einde toe? Hier is twee geskeie wêrelde. / Die burgerlike wêreld wat nou doodgaan, het nie gemeen dat die stryd tot in die hart van die kuns kon ingaan nie omdat hy die kuns eintlik altyd 'n bietjie verag het, en gemeen het (...) die

digter bedoel darem nou nie so ernstig alles wat hy sê nie ... (...) / Vandag begryp die staat dat dit wél saak maak (...) (*op cit.*: 58). Let daarop dat ook hierdie uitspraak profeties was t.o.v. die latere botsing tussen Louw en Verwoerd.

Die gees van wik en weeg, van onsekerheid t.o.v. die absolute waarheid, t.o.v. die geldigheid van 'n enkele standpunt, wat blyk uit *Germanicus* en uit *Pluimsaad*, die ironiese gees met sy milde siening van die onoplosbare lewensteenstrydighede, blyk ook uit 'n opstel getitel "Wat van ons letterkunde?" uit die bundel *Deurskouende verband*. Hierin sê Louw (1977: 100): "En van die grootste vyande van ons volk is dié soort mens wat in 'n geestelike eenrigtingverkeer lewe, en wat aan die volk sy eie klein visie op tyd en ewigheid wil opdring ... wat deur een slotjie of voortjie wil laat vloei iets wat deur God so wyd soos die see gemaak is." In "Die ontwikkeling van 'n Suid-Afrikaanse nasionale karakter" kom die begrip "volk", wat 'n belangrike motief (tema) in *Die dieper reg* en *Pluimsaad* is, ter sprake. Hier stel Louw dit as sy basiese probleem dat hy nie glo aan die bestaan "van wat gewoonlik 'n nasionale of volkskarakter genoem word nie" (*ibid.*: 109). Hy praat ook in hierdie opstel van "die chaotiese gemaal van groepshaat" (*ibid.*: 114). 'n Mens moet egter in gedagte hou dat Louw, anders as wat vandag die geval in baie kringe is, "volk" en "nasie" as sinonieme begrippe hanteer.

3. *Pluimsaad* as ideëdrama

In *Pluimsaad* gaan dit oor die oproep van 'n stuk geskiedenis om 'n bepaalde idee te illustreer: die idee dat 'n volk geen homogene groep met duidelik vasstelbare eienskappe is nie, maar dat 'n volk bestaan uit alle soorte: dapperes, lafhartiges, koppiges, verstandiges, voorstanders van 'n bepaalde idee en teëstanders van dieselfde idee. Reeds die motto uit Esra 3 en die titel van die drama is duidelike tekens in hierdie verband. Uit die motto, wat handel oor die heropbou van die tempel ná Israel se terugkeer uit ballingskap, blyk dit dat lede van dieselfde groep *verskillend* gereageer het op dieselfde gebeurtenis. Sommige — die oueres wat die eerste tempel nog geken het — het gehuil, terwyl die jongeres — wat net na die toekoms gekyk het — gejubel het.

Ook die dubbele titel: *Die pluimsaad waai ver* of *Bitter begin* kan miskien op hierdie wyse vertolk word. Die eerste deel van die titel verwys na die woorde van die Ou vrou op p. 66: "Goed, ons was 'n vluggende republiek, ja./ Maar: waar Steyn en De Wet was, het die republiek gelêef! Bestaan! Geleef! 'n Pluimsaad wat gewaai is om te groei." Hierin is 'n sterk positiewe noot en 'n toekomsgerigheid te bespeur. Die tweede deel van die titel beklemtoon eerder die negatiewe, en hoewel die woord "begin" ook 'n voortgang impliseer, eis dit tog die aandag in die eerste plek op vir die verlede, eerder as die toekoms.

Die proloog begin met die woorde: "Wat is 'n volk?" Dit stel onmiddellik die

grondidee van die drama. Die handeling in die drama is grotendeels daarop gemik om hierdie idee te illustreer. Dit gaan dus nie in die eerste plek om die vertel van 'n bepaalde verhaal — wat in elk geval aan ons almal bekend is nie — maar om die *idee* wat in die loop van die vertelling na vore kom. Van Zyl (1981: 3) praat ook van die analitiese drama (wat met die ideëdrama sou ooreenstem), in teenstelling met die progressiewe drama (wat 'n mens ook 'n ontwikkelingsdrama sou kon noem). Sy wys daarop dat die handeling in die analitiese drama wil onthul of verklaar en dat hierdie soort drama grotendeels uit eksposisie bestaan. As 'n mens daarop let dat *Pluimsaad* in sy geheel bestaan uit die oproep van 'n stuk handeling uit die verlede, kan 'n mens met hierdie stelling saamstem.

Dit is nie die verhaal van die rebel Pieter, wat eindelijk doodgeskiet word, of van Jan Visser, wat eindelijk joiner word, of van generaal Cronjé se verlies van Paardeberg wat hier vertel word nie. Al hierdie gebeure dien bloot as agtergrondinligting, as illustrasie van die feit dat daar binne die Afrikaner-volk in die jare van die Tweede Vryheidsoorlog 'n verskeidenheid van denkrigtings was.

Smuts (in Cloete e.a. 1980: 44) sluit aan by hierdie idee as hy sê: “Die uiterlike botsing tussen Boer en Brit is nie (...) die sentrale handelingsmoment in die drama nie. Die primêre funksie daarvan is om die verskillende elemente van die volk tydens die proses van sifting en loutering na vore te laat kom. Argumente oor die begrip ‘volk’ word 'n belangrike bindende motief wat deur verskillende sprekers in die loop van die werk beklemtoon word. Hierby sluit aan die *idee* van die nuwe Afrikaner wat aan die ontwikkel is (my kursivering — l.v.z.).

4. Basiese verhaal

Juis omdat dit nie in die eerste plek gaan om die vertel van 'n verhaal wat tot 'n klimaks ontwikkel nie, kan 'n mens die basiese verhaal baie kortliks weergee: Die gesin Visser van Bloemfontein word deur die driejarige oorlog gebreek. Die vader en die moeder, die vader en die seun, verskil van mekaar t.o.v. deelname aan die oorlog. Die vader (in die drama Grootvader genoem omdat die grootmoeder die verhaal aan haar kleinseun vertel) glo dat pres. Marthinus Theunis Steyn die land in die verderf gaan stort deur teen Engeland te wil veg. Die seun Jan sluit egter by genl. De la Rey se kommando aan om die Transvalers teen die Engelse te help veg. Visser vorder vinnig tot kommandant, maar word geleidelik ontnugter deur die tweespalt wat tussen Vrystaters, Transvalers en Kaapse rebelle heers, en deur die koppigheid van die generaals wat onder mekaar twis, en hy word ten slotte 'n joiner. Die Visser-dogter, Anna, is verlief op 'n Koloniale, Pieter. Hy sluit ook by die Boeremagte aan, maar ná hy gevang en as rebel doodgeskiet is, word Anna 'n verbitterde mens.

President Steyn, die Vrystaatse president, moet probeer om sy dwarstrekkerige generaals bymekaar te hou. Omdat Cronjé nie sy opdragte wil uitvoer

nie, verloor die Boere Paardeberg nadat die Transvaalse hoofmag hier tot oorgawe gedwing word. Hierná kom daar 'n skeuring in die volk. Daar is diegene wat wil oorgee om die oorlog — wat hulle as 'n sinlose vernietiging van menseleuens beskou — te laat endkry, terwyl die ander groep tot die bitter einde wil veg. Die Grootvader is 'n verteenwoordiger van die eerste groep, terwyl Steyn die tweede groep se standpunt verteenwoordig. Die Grootvader stig die Boer Peace Committee, wat hulle beywer vir die beëindiging van die oorlog. Hy word deur sy eie mense gevange geneem, voor 'n krygsraad gedaag en tereggestel.

Ná Paardeberg verloor die Boere moed. Baie van hulle slaan op die vlug. Steyn moet, as gevolg van die verraad van sy eie mense, self vlug en op die vlug bly om uit die Engelse se hande te probeer bly. Hy ontvang berigte van hoe die Boeregeneraals gedwing word om terug te val, dat Jan Visser hanskakie geword het en dat Pieter as rebel doodgeskiet is. 'n Transvaalse generaal besoek hom met die nuus dat die twee republikeinse regerings vir lord Kitchener wil nader om oor vrede te onderhandel. Steyn weier egter tot die einde om oor die verlies van onafhanklikheid te praat. In 'n finale besluit om nie sag te word nie, bekragtig hy die doodvonnis van Visser, hoewel sy vrou om genade vir hom kom pleit. 'n Beroerte-aanval verlam ten slotte sy linkerhand en sy hele lyf.

5. Dramatiese vergestaltung

5.1 Fases

Die basiese verhaal word vergestalt in vier fases wat onderskeidelik Proloog, Eerste gedeelte, Tweede gedeelte en Derde gedeelte genoem word. Die feit dat hier van gedeeltes en nie van bedrywe of tonele nie — soos gewoonlik die geval is — gepraat word, sluit aan by die aard van die analitiese drama. Die verlede word nl. stuk-stuk onthul. In die Proloog word die Ou vrou, wat in die hede van die drama as verteller sal optree, bekendgestel. Ook haar eksplisiete toehoorder, die jong man Marthinus, word hier aan die gehoor/leser voorgestel. Hoewel die gehoor/leser hom nooit sien nie, is hulle deurentyd bewus van sy teenwoordigheid. In die drie Gedeeltes wat op die Proloog volg, tree die Ou Vrou soms op as verteller en soms as 'n personasie in die drama. 'n Mens kan dus hier onderskei tussen 'n vertellende ek en 'n belewende ek. Dit kom hierop neer: wanneer die Ou Vrou as verteller optree, vertel sy oor die lotgevalle van haarself en ander in die verlede.

Die Eerste gedeelte vergestalt die basiese verhaal tot ná die neerlaag by Paardeberg. Die Tweede gedeelte vergestalt die botsing tussen president Steyn en die Grootvader — wat teen die Vrystaat se deelname aan die Tweede Vryheidsoorlog — die groeiende innerlike stryd by die President, dwarstrekking tussen die Boeregeneraals, Jan Visser se ontnugtering met die oorlogspoging en Vermaas se verraad, wat veroorsaak dat die President

moet vlug.

In die Derde gedeelte verneem die gehoor/leser uit die mond van die Ou Vrou as verteller en van die burgers in die veld dat die Grootvader, wat 'n Boer Peace Committee gestig het, deur sy eie mense gevang en van verraad aangekla is en dat die Engelse vir Pieter as rebel gevang het. Dit spruit uit die aard van die drama as analitiese drama dat hierdie gebeurtenisse nie op die verhoog self vergestalt word nie, maar dat hulle bloot as eksposisionele inligting verskaf word (vgl. pp. 66 en 68).

As vlugteling in die veld kry president Steyn botsende berigte van die Boeregeneraals. Smuts laat weet dat sy plan om die goudmyne te vernietig, misluk het. Die eksposisionele inligting word deur De Wet en 'n rapportryer verskaf dat die plan misluk het weens die teenkating van die Transvalers (vgl. p. 70). Hierteenoor laat De la Rey weet dat hy en Smuts en Beyers die vyand by Nootgedacht verslaan het (vgl. p. 71). Dat dit nie in die eerste plek gaan om hierdie oorlogsgebeure as dramatiese handeling nie, blyk uit die feit dat die inligting daaromtrent telkens by wyse van vertelling — in hierdie geval deur rapportryers — verskaf word. Hierdie inligting dien in die eerste plek die tema — die verbrokkeling van 'n volk a.g.v. dwarstrektery en verraad, tesame met die feit dat 'n volk geen uniforme eienskappe besit nie.

In hierdie gedeelte val die klem ook op bitterheid as belangrike motief. Dit is belangrik om te let op die rol wat die President se Kleurling-agterryer, Ruiters, in hierdie gedeelte speel. Hy is by wanneer De Wet — weer slegs by wyse van inligting — die nuus uit 'n koerant voorlees dat die Engelse Pieter as rebel doodgeskiet het. En hy is die enigste wat merk dat die President by die aanhoor van dié nuus tekens van 'n fisieke swakheid toon. Hy is ook die enigste wat simpatie met hierdie swakheid wys as hy sê: "Oubaas, sit tog 'n bietjie, my Oubaas" (p. 74). Hy spreek ook die President aan as "(m)y vader" (p. 74).

Die klimaks in hierdie gedeelte kom wanneer die President besoek kry van 'n Transvaalse generaal wat die boodskap van die vredesonderhandelinge bring. Daar volg 'n kwaai woordewisseling tussen De Wet en die Transvaalse generaal, en De Wet beskuldig die Transvalers van verraad. Die President is ontsteld oor die stryery tussen die generaals en gee bevel dat die stryery moet ophou (vgl. p. 77). Sy boodskap aan die Transvaalse president is dat hy in geen omstandighede 'n vredesverdrag sal onderteken nie, selfs al staan hy ten slotte alleen: "Hulle sal my soos 'n gevrekte skaap moet wegsleep" (p. 78).

'n Mens sou die President se optrede hier kon vertolk as koppigheid. Die Ou Vrou se besoek aan die President in hierdie gedeelte om om genade vir haar man te pleit, word ook illustrasie van die tema dat 'n volk uit allerlei soorte bestaan. Die Ou Vrou verpersoonlik die vergewende liefde. Hoewel sy nie met haar man se standpunt saamstem nie, is sy bereid om vir hom te pleit. Die President word 'n sinnebeeld van sinnelose en koppige "dapperheid".

Hoewel hy simpatie met die Ou Vrou het, en hoewel hy besef dat daar geen sin meer is in die teregstelling van die Grootvader nie (vgl. p. 78), gee hy tog die bevel dat die doodsvonnis bekragtig moet word, omdat hy vasbeslote is dat hy nie soos die ander generaals sag sal word nie.

Al die personasies verlaat in hierdie stadium die verhoog, en wanneer die President die beroerte-aanval kry — waarskynlik as gevolg van sy ontnugtering met sy volk — is dit Ruiter wat ingehardloop kom om hom te help. By hom is daar geen bitterheid of begeerte om te stry nie. Hy is die ene simpatie: "My oubaas, ai, my oubaas" (p. 82).

Die President se voorspelling van vroeër (vgl. p. 78) dat hulle hom soos 'n gevrekte skaap sal moet wegsleep, word hier ironies voltrek. Wanneer hy dié profetiese woorde ten slotte herhaal (p. 82), het hulle dubbel waar geword. Die President se verlamming kan as 'n simboliese klimaks gesien word wat die magteloosheid beklemtoon van 'n president wat vertroue in sy volk verloor het. Dit is egter belangrik om daarop te let dat sy regterhand die verlamming gespaar bly. Hy sou nog die vredesverdrag kon teken as hy wou. Om dít te weier, bly tot aan die einde sy eie (koppige?) verantwoordelikheid.

5.2 Tydruimte

In die proloog word die indruk gewek dat die vertelling geskied vanuit die Suid-Afrika van vandag. Tussen hierdie gegewe — en die tydruimte soos vergestalt in die drie gedeeltes van die dramatiese handeling self — is daar 'n botsing. Dit is wel moontlik dat die Ou Vrou die Suid-Afrika van die Tweede Vryheidsoorlog in die herinnering kan roep, maar dat sy ál die ruimtes sou kon oproep wat in die drama vergestalt word, is onoortuigend. Sy sou byvoorbeeld nie kon teenwoordig wees wanneer gesprekke in die veld gevoer is nie, en daar was ook niemand wat hierdie gesprekke aan haar sou oorvertel het sodat sy nou — in die hede van die drama — in staat is om hulle oor te vertel nie.

Die tydruimte wat in die vertelling opgeroep word, wissel gedurig tussen die hede en verskillende momente en plekke uit die Suid-Afrika van die Tweede Vryheidsoorlog. In die proloog bevind die Ou-Vrou-as-vertellende-ek haar in 'n vertrek — waarskynlik die sitkamer — van 'n huis in die hede. Midde-Afrika as ruimte word opgeroep deur die projeksie van 'n koerantberig (vgl. p. 11), wat die eksposisionele inligting verskaf dat die jong man, Marthinus Visser — aan wie die Ou Vrou haar verhaal met behulp van die familiealbum gaan vertel — pas terug is uit Midde-Afrika en dat hy nou vir die eerste keer sy vaderland sien. In die eerste deel van haar vertelling verskaf die Ou Vrou verdere eksposisionele inligting omtrent die tydruimte. Ná die driejarige oorlog (d.w.s. die Tweede Vryheidsoorlog) het Marthinus se vader — die Jan Visser wat joiner geword het — uitgewyk na "Duits-Wes", maar toe Botha en Smuts ook daarheen gekom het, het hy na die Kongo gegaan, waar hy gesterf het en nou begrawe lê. Die seun Marthinus het nou

na Suid-Afrika teruggekom.

Deur middel van verskillende projeksies word die verlede opgeroep om die Suid-Afrika van 1900 — d.w.s. kort ná die uitbreek van die Tweede Vryheidsoorlog — te toon. Die familie-milieu is Bloemfontein, soos blyk uit die Ou Vrou se vertelling tydens die projeksie van 'n familiefoto uit hierdie tydperk. Die geprojekteerde foto's is dié wat deur die Ou Vrou in die familie-album aan Marthinus uitgewys word. In hierdie ruimte was die Vissers "(r)yk en gerekende mense" (vgl. p. 12).

Engeland as wêreldmag wat die twee Boererepublieke bedreig het, word opgeroep deur die projeksie van 'n foto van lord Milner. Van hom het daar, volgens die Ou Vrou se vertelling, in die Suid-Afrika van vandag slegs 'n paar straatname, 'n dorpsnaam en 'n volgeboude park oorgebly.

'n Projeksie van 'n foto van Marthinus Theunis Steyn, laaste president van die republieke, gee aan die Ou Vrou as verteller die geleentheid om die Bloemfontein van daardie jare op te roep as konkrete ruimte.

Die abstrakte ruimte wat deur die Ou Vrou se vertelling opgeroep word, is dié van 'n land waar haat teen Engeland hoogty vier.

Reeds vroeg in die Eerste Gedeelte begin 'n spel met die tydruimte waardeur die abstrakte ruimte van die Ou Vrou se vertelling telkens as konkrete ruimte op die verhoog vergestalt word (vgl. p. 14, waar die Ou Vrou se woorde: "Dié aand onthou ek: dis Bloemfontein se strate", gevolg deur die konkrete vergestaltung van dié tydruimte uit die verlede. Ook binne hierdie ruimte vind daar spronge plaas. So verskuif die toneel sonder oorgang van 'n straat in Bloemfontein na die voorkamer van die familie Visser in dié stad (vgl. p. 14).

In die res van die drama word deurlopend van hierdie tegniek van ruimte-wisseling by wyse van terugblikke deur die verteller gebruik gemaak om, sonder 'n onderbreking in die voortgang van die handeling, heen en weer te beweeg tussen hede en verlede. Konkrete ruimtes wat deur hierdie tegniek opgeroep word, sluit in die President se kamer, van waar hy eers die Volksraad, daarna die gehoor en dan die ganse wêreld toespreek (vgl. p. 16); die woonkamer van die Vissers (p. 18 e.v. en p. 23 e.v.); die veld waar die Boere hul krygsplanne bespreek (p. 19 e.v.), Paardeberg, waar teen die agtergrond van oorlogstonele, die President gesprekke voer met die Boerevroue en die burgers — almal vasgekeer deur die Britse mag wat hulle by Paardeberg verslaan het (p. 32 e.v.), die Vrystaatse vlakte, waar die President, nadat die vyand Bloemfontein ingeneem het, teenstrydige berigte van die Boeregeneraals ontvang (p. 46 e.v.), ens.

Daar moet steeds in gedagte gehou word dat die primêre ruimte die huis van die Grootmoeder (die Ou Vrou) in die hede is van waar die res van die drama "vertel" word. Alle ander ruimtes kan as sekondêr beskou word in die sin dat hulle deur die Ou-Vrou-as-verteller opgeroep word. 'n Mens sou ook van tersiêre ruimtes kon praat waar personasies wat deur die Ou Vrou se vertelling opgeroep is, weer deur hulle woorde verdere ruimtes oproep.

Voorbeelde hiervan is waar die President vanuit sy kamer afbeweeg na die hoofspeelvlak, van waar die Volksraad, die gehoor self, die ganse Suid-Afrika en uiteindelik die hele wêreld die ruimte van die drama binnedring (p. 16), en waar genl. Cronjé d.m.v. teichoskopie of toringblik (die vertelling van dinge wat van die verhoog af plaasvind) die oorlogstoneel self die drama binnedring deur sy direkte en onmiddellike rapportering daarvan (p. 37).

Die abstrakte ruimte sluit in die konflikerende sienings van personasies binne Boeregeledere (hieroor later meer), die houding van Boer teenoor Brit — wat wissel van haat tot geleidelike aanvaarding by afsonderlike personasies — en die gees van kritieklose lojaliteit van die Kleurling-agterryer Ruiters teenoor die Vrystaatse president. 'n Interessante geval van 'n abstrakte ruimte wat gekonkretiseer word, is die toneel wat in Steyn se gewete afspeel (p. 51 e.v.). Nog 'n voorbeeld van konkretisering van 'n abstrakte ruimte is die "gesprek van dooie siele" (p. 66), waar die neweteks aandui dat hoewel dit 'n "abstrakte gesprek" is wat plaasvind, die Grootvader en die Ou Vrou ook fisies waarneembaar is. Tog word daar gesê dat die Grootvader "styf" speel, "nie realities nie — asof hy reeds dood is", en dat die Ou Vrou soms "lewendige vrou is, soms tragiese vertelster". Hier is 'n interessante spel met ruimte en tyd, beweging heen en weer tussen die konkrete en die abstrakte, die hede en die toekoms.

'n Mens moet natuurlik ook in gedagte hou dat die hele drama soos in die drie Gedeeltes vergestalt, eintlik 'n sekondêre ruimte is waarin die abstrakte ruimte van die Ou Vrou se vertelling konkreet voorgestel word.

5.3 Tydshantering

Wat die tydshantering in die drama betref, kan 'n mens daarop wys dat die totale aanbod a-chronologies is. Die Proloog begin in die hede. In die drie Gedeeltes — wat basies uit een lang, maar onderbroke — terugblik bestaan, dus a-chronologies geskied, verteenwoordig die gedeeltes waar die Ou Vrou op die rostrum verskyn, telkens 'n terugkeer na die hede. (Hierdie gedeeltes word ook van die res van die Ou Vrou se vertelling onderskei deur die versvorm.) Binne die a-chronologiese totaalaanbod geskied die gedramatiseerde vertelling egter chronologies. Daar word bv. nie begin met die President se verlamming en daarna oorgeslaan na die begin van die oorlog nie. Binne die oorlogsvertelling self, word beweeg van 'n punt in die verlede (kort ná die begin van die oorlog) na 'n punt nader aan die hede (kort voor die ondertekening van die Vrede van Vereeniging).

5.4 Personasies

5.4.1 Aktansiële rolle

Personasies word soms geklassifiseer volgens hul aktansiële rolle, d.w.s. volgens 'n gemeenskaplike doel of strewe. In *Pluimsaad* sou 'n mens twee

aktansiële rolle kon onderskei — dié ten gunste van die oorlogspoging en dié daarteen. Die President is die belangrikste verteenwoordiger van die eerste groep en die Grootvader die belangrikste verteenwoordiger van die opponerende groep. Die ander personasies skakel in by een van die twee groepe, beklee tussenposisies tussen die twee, of beweeg in die loop van die drama van die een na die ander groep.

5.4.2 Karakterisering

'n Dramaturg kan òf van eksplisiete karakterisering, òf van implisiete karakterisering gebruik maak. In die eerste geval gee die neweteks duidelike voorskrifte t.o.v. die voorkoms van 'n bepaalde personasie (vgl. p. 59 waar Ruiter soos volg gekarakteriseer word: "Hy's 'n Karooman en spreek uit soos die Karoomense — miskien al met effense Vrystaatse klank), of personasies gee karakteriserende beskrywings van mekaar. Daar is min van hierdie soort karakterisering in *Pluimsaad*. Hier word meesal gebruik gemaak van implisiete karakterisering, d.w.s. personasies word gekarakteriseer deur wat hulle doen en sê.

5.4.2.1 Protagonis

'n Mens kan die Vrystaatse president, Marthinus Theunis Steyn, as die protagonis van die drama beskou. Smuts (in Cloete 1980: 43) wys daarop dat die stuk "grootliks 'n studie van president Steyn se lotgevalle en aard" word. Ek gee ook die res van Smuts se goeie karakterisering van Steyn: "Hy is 'n sentrale persoon wat konsekwent bly tot aan die einde (hy sal nooit 'n vrede onderteken wat die Vrystaat se onafhanklikheid beëindig nie), maar daardeur word hy nie 'n enkellynige figuur nie, want hy toon ook sy kompleksiteit: hy is lojaal aan die saak, maar nie blindelings nie, want hy ken ook die twyfel, ook die twyfel aan eie suiwerheid; hy is intellektueel, maar ook menslik; hy het groter insig as die ander, maar is ook sterk bewus van sy onvermoë om dinge te deurgrond. Die stuk word ook rondom Steyn afgerond: dit voer tot met sy verlamming, 'n uiterlike voltrekking aan hom van wat hy in die loop van die drama gestel het, nl. dat hy nooit sal teken nie."

Smuts (*ibid.*: 44) wys ook daarop dat aan die individu Steyn die lot van die hele volk gedemonstreer word, dat die leed en stryd van sy mense in hom geteleskopeer word. Ek meen dit was ook die intensie van die geïmpliseerde skrywer om te toon hoe dit ten slotte die tweespalt in Afrikanergeledere was wat tot die geestelike verlamming van die volk gelei het, soos dit ook regstreeks tot die President se fisieke verlamming gelei het. Die eerste tekens van sy verlamming tree in feitlik onmiddellik nadat die rapportryers hul teenstrydige berigte gebring het (vgl. p. 69 e.v.). Nadat hy gehoor het dat Pieter doodgeskiet is as rebel, terwyl Jan Visser "hanskakie" geword het, sê hy aan Ruiter: "Ruiter, dis dié soort ding wat vir my aan't doodmaak is" (p. 73). Hierop antwoord Ruiter: "Toe maar, mv Vader. Onder ons Bruin-

mense is daar ook slegte mense." (Sou die geïmpliseerde skrywer hier die feit wou suggereer dat ook die Bruinmense nie as "volk" van die blanke Afrikaners te onderskei is nie? Dat die begrip "volk" eintlik 'n onhoudbare begrip is?).

As protagonis het die President ook 'n bindende funksie. In die loop van die drama kom hy met al die ander personasies in aanraking en reageer hy op die een of ander wyse op hulle.

5.4.2.2 Antagonis

Die Grootvader is Steyn se belangrikste antagonis. Reeds tydens die projeksie van die Grootvader in die Proloog sê die Ou Vrou dat hy "'n Fraser-man" was. Hy is gekant teen die oorlogspoging. Dit bring hom in botsing nie alleen met sy vrou, sy seun en sy dogter nie (vgl. p. 18), maar ook met die President en met almal wat soos hy dink. Sy opvatting van volkwees speel ook hierin 'n rol. Hy stel sy standpunt soos volg op p. 18: "Wie kan vir Engeland oorwin? Gee vir die keiser, sê ek. Ons is nie die keiser nie, Steyn is nie, ou Paul is nie. Julle praat van 'volk'. Ons is geen volk nie ... ons mense sal uitgeroei word!"

Wanneer Pieter, wat na die Grootvader se dogter Anna vry, sy besluit bekendmaak om as Koloniale aan die kant van die Boeremagte te veg, lei dit tot konflik tussen hom en die Grootvader. Lg. beskuldig Pieter van verraad en belet hom sy huis (vgl. p. 26).

Ná die val van Paardeberg gaan die Grootvader na die Boerekamp waar die President hom nou bevind. In die konfrontasie tussen die twee (vgl. p. 47 e.v.) blyk dit dat die basiese konflik ook rondom die begrip "volk" sentreer. Steyn wil die oorlog voortsit hoofsaaklik omdat hy meen dat die Afrikaners nie as "volk" sal kan voortbestaan onder Engelse bewind nie. Hierteenoor is die Grootvader van mening dat selfs al vat die Engelse die land, die volk nog soos voorheen sal kan funksioneer: "As die Engelse hierdie land vat, sal ek nog 'n boer op my plaas wees. Jy sal kan advokaat wees, of regter" (p. 48). Teenoor die President se argument dat die Boere moet veg om hul siel te red, bring die Grootvader die argument dat hulle juis nié hul siel daardeur sal red nie. Hulle veg uit haat, terwyl die Bybelse gebod dié van die liefde is (vgl. p. 48). Die onversoenlike standpunte word saamgevat in die Grootvader se opmerkings omtrent die begrip "volk": "Julle praat altyd van volk, Theunis. Ek praat van ons mense elkeen apart; van jou en my, van ons vrouens, ons kinders, van elke boer, ryk of arm, apart. / Wat is 'n volk? Ons kan ook 'n deel van die Engelse volk wees. Ons praat tog al baie Engels. En hoe gaan ons die vólk red as ons mense uitgeroei word? Ek sê vir jou: ons sondig teen die Here as ons hierdie onheilige oorlog voortsit" (p. 48).

Smuts (*op cit.*: 44) praat van "die idee van die nuwe Afrikaner wat aan die ontwikkel is". Ek meen dit is die intensie van die geïmpliseerde skrywer om die Grootvader te toon as prototipe van hierdie "nuwe Afrikaner", die Afrikaner vir wie die *mens* belangriker is as die *volk*, die Afrikaner wat glo dat as

volkwees beteken konfrontasie met en haat teenoor ander groepe, dit 'n selfvernietigende mag kan wees.

Soos Steyn, is die Grootvader bereid om te sterf vir sy opvattinge. Hy word dan ook eindelijk deur sy eie mense gevange geneem, voor 'n krygsraad gedaag en tereggestel.

5.4.2.3 Tritagonis

In die sin dat sy tussen die Grootvader en die President staan, kan die grootmoeder (mevrou Visser, die vertelster) as tritagonis beskou word.

Smuts (*loc. cit.*) beskou haar in 'n sin as die "vroulike eweknie" van die President, "veral weens die tydperke wat sy oorspan deur enersyds vertelster te wees en andersyds aan die dramatiese handeling deel te neem". Terwyl hy Steyn sien as "oervader (wat) oor sy volk se belange waak", sien hy haar as "oermoeder". Deur haar oorkoepelende liefde word die botsende standpunte van die ander personasies in haar versoen. Selfs hierdie liefde is egter nie in staat om die skeuring in die volk te verhoed of om haar man te red nie.

5.4.2.4 Ander personasies

Die Koloniale Pieter ondersteun deurentyd die oorlogspoging en sterf dan ook ten slotte daarvoor wanneer hy gevang en as rebel tereggestel word. Jan Visser ondersteun aanvanklik die oorlogspoging, maar gaan later oor na die ander groep omdat hy ontnugter is in sy eie volk. Wanneer De Wet hom meedeel dat die Boerevegters besig is om te dros en dat hy hulle selfs met die sambok nie gekeer kry nie (vgl. p. 55), kom Jan tot hierdie ontnugterde gevolgtrekking: "Dan is ons mos geen volk nie. 'n Hoop los sand wat deur jou vingers loop! Met so 'n volk, 'n gepeupel wil ek niks ..." En: "Ons is g'n volk nie. Ons was nooit g'n volk nie" (p. 56).

Hy sluit hom ten slotte by die Engelse aan (vgl. Ruiters se mededeling op p. 73), nie omdat hy sy vader se oortuiging in dié verband deel nie, maar omdat hy walg van sy eie volk, wat "uitmekaar-loop, (...) verbrokkel soos donkies wat los wei" (p. 57).

Generaal Cronjé is prototipe van die koppige Afrikaner wat net sy eie standpunt as die geldige beskou en vir geen oortuiging vatbaar is nie. Hoewel hy eindelijk "getem" word (vgl. p. 45), bly hy deurgaans ten gunste van die oorlogspoging.

Die generaals De Wet en De la Rey bly deurgaans ten gunste van die oorlogspoging; die Transvaalse generaal wat die boodskap van die komende vredesonderhandeling bring, meen dat vrede die enigste manier is om te red wat nog van die volk oorgebly het (vgl. p. 77).

Willem Vermaas is prototipe van die lafhartige Afrikaner wat bereid is om uit pure lafhartigheid sy volk te verrai.

6. Samevattend

Pluimsaad is waarskynlik geskryf vanuit 'n bepaalde standpunt. Wat die

standpunt van die geïmpliseerde skrywer is, is egter nie sonder meer duidelik nie. Daar is m.i. verskillende moontlikhede. Daar is eerstens die moontlikheid dat die drama geskryf is vanuit 'n standpunt wat simpatiseer met die Grootvader se siening. President Steyn se volgehoue weiering om vrede-sonderhandelinge te oorweeg, sou dan as blote koppigheid gesien kon word. Jan Visser se gevolgtrekking dat die volk soos 'n klomp donkies is wat los wei — dus geen homogene eenheid het vir die behoud waarvan dit die moeite werd sou wees om tot die dood toe te veg nie, sou dan die geldige wees.

Die ander standpunt sou een van lojale verset kon wees — 'n oproep deur die geïmpliseerde skrywer aan die Afrikanervolk om hul onderlinge gekibbel te staak sodat hulle 'n homogene volk kan word, vir die behoud waarvan dit wel die moeite werd sal wees om tot die dood toe te veg.

Die uiteenlopende reaksies op die stuk is waarskynlik ook ideologies bepaald, d.w.s. hoe 'n bepaalde leser/toehoorder op die stuk reageer, sou deur die ideologiese siening van daardie leser/toehoorder bepaal word.

'n Objektiewe leser/toehoorder, d.w.s. een wat nie 'n bepaalde ideologie vooropstel by die resepsie van die drama nie, sou kon oordeel dat dit juis die intensie van die geïmpliseerde skrywer is om die einde oop te laat, om die vraag "Wat is 'n volk?" onbeantwoord te laat, en bloot deur die stel van die vraag en die aanduiding van die bestaande situasie die leser/toehoorder aan te spoor tot aktiewe nadenke oor hierdie vraag.

7. Gedifferensieerde opdragte

7.1 Makliker opdragte

7.1.1 Drama bestaan uit handeling en handeling in die drama lei dikwels tot konflik of spruit voort uit konflikterende standpunte. Bespreek hierdie stelling deur aan te toon watter personasie met mekaar in konflik kom en wat die botsende standpunte is waaruit hierdie konflik voortspruit.

7.1.2 Gaan alle verwysings na die Kleurling-agterryer, Ruiter, in die drama na en toon aan watter rol hy speel.

7.1.3 Gaan die rol van die President en van die Grootvader na en toon aan watter bindende rol albei in die drama speel.

7.2 Moeiliker opdragte

7.2.1 Gaan alle verwysings na "volk" in die drama na. Toon aan hoe die idee van volk en "volkwees" as belangrikste motief 'n bindende funksie in die drama het. Tot watter gevolgtrekking — indien enige — sou u sê kom die geïmpliseerde skrywer in hierdie verband?

7.2.2 Bespreek die aktualiteitswaarde wat hierdie drama oor die Tweede Vryheidsoorlog vir 'n hedendaagse gehoor kan hê.

7.2.3 N.P. van Wyk Louw is kwalik geneem oor die ontluisterende wyse waarop hy in hierdie drama oor die Afrikanervolk geskryf het. Gaan na hoe daar in die drama van ontluistering as tegniek gebruik gemaak word en bespreek die moontlike funksie daarvan.

7.2.4 Gaan die verwysings na "bitterheid" in die drama na en dui aan hoe hierdie motief skakel met die alternatiewe titel *Bitter begin*.

8. Bronne

- Grové, A.P. 1982. N.P. van Wyk Louw 1906 — 1970. In: Nienaber, P.J. (red.). Johannesburg: Perskor.
- Kannemeyer, J.C. 1978. *Geskiedenis van die Afrikaanse literatuur, Band 1*. Kaapstad: Academica.
- 1983. *Geskiedenis van die Afrikaanse literatuur, Band 2*. Kaapstad: Academica.
- Louw, N.P. van Wyk. 1971. Derde druk. *Berigte te velde*. Kaapstad: Tafelberg.
- 1977. *Deurskouende verband*. Kaapstad: Human en Rousseau.
- 1981. Tweede druk. *Die pluimsaad waai ver*. Kaapstad: Human en Rousseau.
- Smuts, J.P. 1980. N.P. van Wyk Louw. In Cloete, T.T. e.a. *Die Afrikaanse literatuur sedert Sestig*. Kaapstad: Nasou.
- Van Zyl, Dorothea. 1981. *Die markplein* (Reuseblokboek 13). Kaapstad: Academica.

Jackie Meyer *Dias* (N.P. van Wyk Louw)

1. INLEIDING

Die grondmotief in *Dias* is die strewe van die enkeling om iets heel besonders en buitengewoon te bereik. Omdat hierdie strewe van die mens allesoorheersend in sy lewe kan word, gaan dit dikwels met oormoed — selfs hoogmoed — gepaard en is egoïsme 'n eienskap wat ons by die strewer kan aantref. Die mens wat voel dat hy deur God geroep is om 'n groot daad te verrig, trap so maklik in die slagyster dat hy en hy alleen dié werk van God kan voltooi. Dit is egter nie só eenvoudig nie.

In die verloop van die drama word *Dias* van alle onsuiverheid gestroop. Eers in sy sterwensuur besef hy wat die Almagtige se plan met hom was en dán eers kan hy waarlik bid; kan hy God dank vir sy eindbestemming.

2. DIAS AS MENS

Dat *Dias* 'n uitsonderlike man is, kan ons aflei uit die feit dat hy in 1488 in

opdrag van die Portugese koning, Johan II 'n belangrike ekspedisie onderneem het.

Dias se opdrag was drieledig van aard. In die eerste plek moes hy voortgaan met die kartering van die kus van Afrika wat op daardie stadium tot by Kaap Kruis aan die kus van die teenswoordige Namibië gestrek het. Dias se tweede opdrag was om 'n seeweg om die suidpunt van Afrika na Indië te probeer vind. Derdens moes hy 'n verbond sluit met die priesterkoning Jan, wat êrens in Ethiopië moes heers. Hierdie opdrag was kenmerkend van die laat 15de eeu (vroeë Renaissance) toe moderne denke en Middeleeuse voorstellings mekaar nog oorvleuel het. Daar is geglo dat priester Jan 'n vors van 'n magtige Christenryk iewers in Asië was en daar is gehoop dat die priesterkoning 'n magtige bondgenoot teen die Mohammedaanse vyand sou wees.

Dias was bekwaam en toegerus om as leier van hierdie ekspedisie op te tree. Hy het gestam uit 'n geslag van seevaarders. Ook het hy alle moontlike kaarte en dokumente geraadpleeg. Jare lank koester hy die droom om nuwe wêreld te ontdek. En nou het dit wat in sy tuisland net name en gedagtes was, 'n bereikbare mikpunt geword:

Dias: Nou's dit nie net meer boeke, boeke, Pedro ...
kaarte, portolani. Dáár kon ek kyk
nagte en nagte, maande, jare, jare!
na elke vlek: 'n ryk! 'n vasteland!

.....

en nou ons vaart

in hierdie nag
..... elke stad gloei in my oog
van agter uit die brein, en áls is blink
en ongekaart

(p. 10)

Ook het Dias reeds togte onderneem, maar gevoel soos 'n tor "met 'n draadjie aan die poot" (p. 10) omdat hy nie tevore opperbevelvoerder was nie, en daar nie ver die onbekende in gewaag is nie. Ook geniet hy die agting, ondersteuning en vriendskap van 'n uiters bekwame stuurman soos Pedro. Pedro is 'n man van die daad, miskien ietwat onverskillig, maar nie harteloos, blind en sonder verantwoordelikheid en leierskap nie. Ook is dit duidelik dat Pedro verhewe was bo die bygelowe van sy tyd. Vergelyk sy opmerking aan die matrose:

Ek dag julle glo nie meer dié dom ou stories:
dis Arabiere en More se vertelsels
om ons weg te hou!

(p. 18)

En selfs Dias se sterkste opponent, Don Infante, erken Dias se leierskap:

Infante: Soos jy ons aangevoer het, kon geen ander.
Ons moed was klein soms. Maar jy was stuur en mas,

en wind agter ons kleingelowigheid;
jy't ons gelei tot waar ons nooit sou kón nie

(p. 26)

Dias is ook 'n mens van die daad, wat uit die beperktheid van die Middel-eeue wil uitvaar om "die aarde en die eeue oop (te sluit)" (p. 24). Dias is 'n mens wat sy tyd ver vooruit was en nuwe vergesigte het. Ook wil hy sy bemanning dwing tot 'n sprong waarvoor hulle nog nie ryp is nie. Daarom bely hy teenoor Pedro:

O, Pedro! mens sterwe
wanneer jy groot wil waag en magteloos is
en jou geduld moet sluk
terwyl jy op die wêreld wag

(p. 10)

Dias beskik oor die nodige entoesiasme om hierdie tog aan te pak. Wanneer ons die eerste keer met Dias kennis maak, staan hy aan boord van sy skip, die Sint Christoforus, vol opwinding en afwagting omdat die skip so vinnig wegvaar uit die bekende om "eerste in die nuwe see (te) wees" (p. 7). Meer nog: Dias is besiel deur 'n grootse ideaal en het 'n onwrikbare wil om sy doel te bereik. Hy is diep onder die besef dat hierdie vaart van groot historiese belang is; dat hy op die drumpel van 'n nuwe tyd staan en daarom is dit sy verhewe strewe om die "verstes aan mekaar (te) verbind en hierdie aarde één (te) maak" (p. 9). Hy word aangevuur deur die irrasionele drif van die strewende mens wat die onbekende wil oopbreek en die gevaarlike — selfs die onmoontlike — wil aandurf. Dias erken dan ook dat hy irrasioneel, onredelik is:

Jy's redelik,

Infante. Weet ek nie goed, hoe redelik.
lets anders vind geen venster oop by jou nie.
En ek die is onredelik, redeloos dalk.

(p. 28)

En verder:

Pedro, ek weet nie

ek weet nie watter kragte het 'n mens.
Hét vir 'n mens.

(p. 29)

Daarom is Dias bereid om alles op die spel te plaas vir hierdie sending: sy lewe asook dié van sy bemanning:

En Sint Gregorius,

die sal ek plant daar waar ons tog sy end kry
of ons ons s'n.

(p. 12)

Dias sien homself as ontdekkingsreisiger in diens van God. Sy boot heet die Sint Christoforus wat verwys na die Heilige Christoforus wat volgens legende die Christuskind oor die water van 'n stroom sou gedra het. Dias

sien hierdie opdrag as 'n goddelike taak, waarvoor hy die uitverkorene is. Met ander woorde: dit wat hy doen is nie net in opdrag van 'n aardse koning nie, maar is hom van God opgelê. Daarom sê hy:

ek dra Sy kruise na die verste land
wat God wou hê.

(p. 12)

Maar by al hierdie wonderlike hoedanighede van Dias is daar swakplekke in sy mondering. As gevolg van die verhewendheid van sy vaart, merk ons by Dias 'n sterk ek-gerigtheid, 'n selfverhewendheid op. Uit sy idealisme word 'n trots, 'n hoogmoed gebore. Dit merk ons reeds heel aan die begin op wanneer Dias vir Pedro, sy bekwame stuurman aanmoedig om die roer só te vat "dat ons hom klop" en dat "ons eerste" kan ry (p. 8). Daar is by hom voortdurend die drang om voor te loop en eerste te wees.

By Dias gaan dit nie suiwer om die ontdekkingsvaart nie, maar dit gaan vir hom oor die verwerping van onsterflikheid. Ja, hy wil suksesvol wees in sy opdrag om die "verstes aan mekaar" te bind, maar sy sug na roem en eer oorskadu sy verhewe ideaal. Vergelyk in hierdie verband Dias se volgende opmerkings:

- | | | |
|-------|----------------------------------------------------------------------------------------------------------|----------|
| (i) | En my naam | |
| | sal dan nie sterf | (p. 9); |
| (ii) | Hoe straal die see | |
| | onder die dagster wat daar in die ooste
opklim uit Afrika, opklim uit my land
wat ek verower | (p. 11); |
| (iii) | Ek dra my kruise: tussen elke kruis
sal daar groot lande lê | (p. 11). |

Hierdie sug na erkenning verraai Dias se vrees dat hy maar net soos 'n gewone mens, wie se naam gou in die vergetelheid wegraak, sal sterwe. Hierdie ondertoon van vrees vir die verganklikheid openbaar Dias as ook maar klein-menslik en ydel, en vorm die keersy vir sy oordrewe selfvertroue en hoogmoed.

Hierdie oordrewe egoïsme en hoogmoed (hubris) laat ons ook twyfel aan Dias se geloof in God. Alhoewel Dias hom verwant voel aan die Heilige Christoforus en hy bely dat hy die vaart in die naam van Christus onderneem, staan die "ek" vir Dias voorop en is die belydenis dat hy dit vir God doen, eintlik 'n na-gedagte.

Dias se verhewe dunk van homself bring eintlik mee dat hy die mense om hom as minderwaardig beskou en daarom moet hy "dwars inslaan teen wat dom of laf/en minderwaardig is" (p. 11). Om hierdie rede kan Dias nie werklik met sy bemanning, en selfs met Johan Infante, in bevel van die tweede skip, kommunikeer en hulle maklik wen vir sy saak nie.

Dat Dias 'n gekompliseerde mens is, is nie te betwyfel nie. 'n Mens maak moeilik die onderskeid tussen wat ambisie en wat idealisme in hom was; wat selfvertroue en wat angs en vrees. Een ding staan egter vas, en dit is dat hy 'n groot gees vir sy tyd was; 'n mens met vergesigte, met die mate-lose wil en drang tot die groot betekenisvolle daad.

3. DIE TYDRUIMTE WAARIN DIAS HOM BEVIND

Volgens Antonissen is *Dias* "die drama van een groot man op 'n kentering van die eeue, tussen die laat Middeleeuse en die Nuwe Tyd" (Nienaber, 1966: 265). Dias is die gangmaker van 'n nuwe glorietyd, alhoewel die groot ontdekkingstogte waarvan hy gedroom het, deur andere gedoen is.

Ten spyte van die Portugese ontdekkingstogte onder leiding van prins Hendrik die Seevaarder, en later van koning Johan II met die doel om ryke en rykdomme van die Ooste te vind, het die gewone Europese mens van die laat veertiende eeu bittermin geweet van die wêreld buitekant Europa, Oos-Asië en Noord-Afrika. Die res van die wêreld met sy lande en seë was vir hulle 'n duistere onbekendheid. Onkunde en bygeloof gaan hand aan hand en slegs enkeles van destyds het nie aan 'n plat wêreld en 'n kokende see met monsters ver suid geloë nie:

Eerste matroos: Heilige Christoffor, dit is jou skip,
dit is jou naam wat oor die afgrond dryf

en verder: Hierdie water is gruwelik: swart en deurskyn
na onder asof daar iets onder gloei

(p. 15)

Middeleeuse vrese en bygelowe het veral by die matrose 'n belangrike rol gespeel. Dit is dan ook geen wonder dat die matrose ten spyte van hulle Katolieke geloof (die aanroep van heiliges en hulle gebedsvorm) vir Dias as 'n bonatuurlike wese sien nie:

Vierde matroos: Maar hierdie mens bo ons, met sy swart oë,
hy kyk na ons asof hy niemand sien nie,
asof die wind deur sy oogholtes waai.
Hy is besete. Hy praat altyd alleen,
of wát, wát laat sy lippe roer?
Hy hou beraad met die gedoemde Magte.

(p. 18)

Teenoor Dias staan die matrose wat nog vasgevang is in die gees van die Middeleeue, en met uitsondering van Pedro, geen begrip het van of Dias se ideaal of die belangrikheid van dié tog nie.

Dias voel aan dat 'n nuwe wêreld en tyd aan die kom is, maar hy word deur die onkunde en ongevoeligheid van die mense van sy tyd weerhou om sy ideale te verwesenlik. Daarom merk hy tereg op:

wederstrewigheid en selfs 'n vyandige muiersgees. Ook word hulle vrees dat hulle sal omkom en hulle bygeloof geopenbaar. Nou dat hulle gees en liggaam tot die uiterste beproef word, styg die bygeloof en kleingeloof na bo en word dit by hulle 'n ernstige oortuiging dat daar teen Godswil gesondig word.

Die feit dat Dias na die storm verder wil vaar, is vir die bygelowige matrose 'n teken dat Dias met die Bose vervul is:

Tweede matroos: Dis waansin, waansin, Pedro!
Die Bose het julle hart gevang — sy hart

(p. 17)

Dat hulle óm die suidpunt van Afrika gevaar het en dus verder geëksploreer het as enigiemand voor hulle, het vir hulle geen betekenis nie.

Dias is op sy beurt so ingenome met die deurbraak wat gemaak is dat hy onbewus is van die geestesingesteldheid van die matrose, en hom doof hou vir Pedro se vermaning om sy woorde voor die matrose te tel. "By die matrose oorheers die irrasionele op daardie oomblik — ten spyte van die blye gesig van die land" (Coetser, 1987: 101). So sê die tweede matroos:

Ons sal nog strand en vrek op hierdie kus

(p. 20)

Dit is dus 'n goeie sielkundige oomblik vir die verskyning van Johan Infante (p. 26).

Maar let op die ommekeer wat by die matrose plaasvind wanneer hulle hoor van 'n moontlike wonderteken. Hulle is in opstand en geen woordkrag of dwangbevele sou hulle oorreed om verder te vaar nie (p. 35), maar die noem van 'n wonderteken laat hulle geesdrif opvlam om verder te gaan. Dis openbarend van die gees van die tyd, waarin bygeloof so 'n groot rol gespeel het. Maar dit is ook tiperend van 'n groot onderlaag van mense van alle tye: die onstandvastigheid, die onbestendigheid van gees en oortuigings.

4.4 Don Infante

Volgens die vierde matroos is Infante 'n persoon met 'n nugter oordeel, dit wil sê, 'n rasionele persoon, iemand wat sy werk ken en sy plig doen (p. 17). Dias en Johan Infante sien nie die vaart in dieselfde lig nie. Alhoewel dit eintlik al uiterlike botsing in die dramá is, kom dit neer op 'n konflik tussen idees, en volgens Kannemeyer is die spanning "tussen rasionalisme en irrasionalisme, wat deur Infante en Dias onderskeidelik verteenwoordig word" (Kannemeyer, 1978: 412).

Infante se optrede word deur die matrose aanvaar. Hy is 'n sterk man, konserwatief, en iemand wat alles sorgvuldig beredeneer. Dat hy in botsing met Dias, wat deur die irrasionele drif voortgedryf word, sal kom, is vanselfsprekend want hierdie twee tipes mense leef in gans ander wêreldes. Tereg merk Kotze (1973: 53) op: "Die waaghals, die idealis, die strewer na onbekende

horisonne en onontdekte seë, kan nooit langs een vuur sit met die versigtige berekenaar van voor en teen nie.”

Dias erken dat Infante verstandig sal optree:

Hy sal ook wéét, al is hy so verstandig

(p. 23)

Dit is kenmerkend van Infante: verstandig, nugter, om prakties te handel volgens die dwang van omstandighede, en om sy plig te doen. Infante is dan ook die enigste een wat by sy oortuiging bly staan en hom nie laat beïnvloed deur die moontlike teken of wonder wat Dias voorhou nie.

5. DIAS SE INNERLIKE KONFLIK

Al die genoemde faktore is eintlik maar net ter intensifisering van die innerlike konflik wat in Dias plaasvind. Omdat Dias oor sekere kwaliteite beskik, en as gevolg van sy verhewe strewes, kom hy in botsing met 'n reeks magte buite hom, sowel as in homself. Die botsing (konflik) in Dias is nie geleë in 'n konfrontasie tussen hom en sy antagonist as sodanig nie, maar vloei voort uit sy innerlike.

Volgens die aard van die hoorspel is dit eintlik noodwendig dat die klem eerder op innerlike as op uiterlike handeling sal val. En in Dias vind die hoofbotsing plaas “in die hoofkarakter se binneste. Hy bots wel met Infante, met die matrose, maar die belangrikste konflik vind binne in Dias self plaas” (Prins, 1984: 55).

Dias se stryd gaan nie om twyfel in eie vermoëns wat die vaart betref nie, maar sy stryd lê in die aanvaarding van sy onvermydelike mislukking, en in die berusting dat hý nie die deur-God-uitverkorene is nie.

Laasgenoemde dui daarop dat Dias se stryd in wese eintlik gaan om die aanvaarding van God se wil in sy lewe. Hy is dus eintlik in konflik met God, en dit is hierdie botsing wat die kern is van die konflik in die drama: Dias se stryd om hom te versoen met God se wil en beskikking.

6. DIE VERLOOP VAN DIE INNERLIKE KONFLIK

Aanvanklik is Dias daarvan oortuig dat hy gehoorsaam is aan die wil van God: “ek dra Sy kruise na die verste land/wat God wou hê” (p. 12). Maar daar is reeds daarop gewys dat hierdie opdrag laer op Dias se prioriteitslys staan as sy ontdekking van die seeweg (vergelyk Dias as mens, p. 4). Tog skemer daar 'n mate van twyfel deur in die gebruik van die woord “wou”. Hierdie twyfel kom weer ter sprake wanneer hulle om die suidpunt van Afrika gevaar het. Let op Dias se woorde na die storm:

Wees my genadig God, vergeef my sonde
dat ek kon dink, dat ek kon dink dat U
my nie

(p. 22)

Tog keer sy vertrouwe en oormoedigheid terug as hy sien dat die kuslyn noordoos loop:

..... die kus was sterk, en ons nee, God
het ons laat wen

(p. 22)

Die eerste gedagte is weer aan die eie "ek" (geïmpliseer deur die "ons") want verder sê Dias ook:

Ek sal nie sterwe voor my dag nie

(p. 22)

Hierdie gebed van Dias impliseer ook dat Dias daarvan oortuig is dat daar harmonie is tussen sy wilslewe en die wil van God. Oënskynlik lyk dit asof Dias hom voor God verootmoedig, maar eintlik bly Dias self die middelpunt: die klem val nog steeds op die "ek" en die "my" want hier waar Christus se naam onbekend is, "is die land waar ek dalk onthou word". (p. 23)

Nou wil Dias met alle mag voort met die vaart, en hy erken dat hy voortgedryf word deur die irrasionele drif:

En ek die is onredelik, redeloos dalk.

(p. 28)

Die konflik tussen Dias en Infante, tussen die irrasionele en die redelikheid bereik nou 'n hoogtepunt, en Dias vind dit moeilik om te aanvaar dat hy ander mense nodig het om sy ideaal te bereik:

O kon ek breek en maak
met ander krag, soos geeste, en vorm gee
kon ek net werk alleen

(p. 31)

Hy probeer verskillende maniere om die bemanning te oorreed: hy pleit, hy dreig en wil selfs 'n eed sweer, maar tevergeefs. Selts Pedro, sy getroue ondersteuner, begin nou twyfel aan die suiwerheid van Dias se strewe. Daarom vra hy aan Dias:

..... Is, wat hy wil,
nie net die trots nie, die ergste van die sondes?

(p. 32)

en voel hy dat daar "onheilige dinge" in Dias se dink is. (p. 32)

Tydelik kom Dias nou tot inkeer en hy bely: "vergeef die trots/ waarmee ek my verhef het" (p. 32). Dit wil ook voorkom asof hy berus het dat hierdie tog sy einde bereik het, en hy hom oorgee aan die wil van God:

Hy sal besluit of weer Sy heilige Bloed
hier sal gepleng word.

(p. 33)

Maar wat inderwaarheid gebeur, is dat Dias hom direk teenoor die wil van

God stel. Wanneer hy vra dat hulle drie dae verder moet vaar, en 'n wonder-teken aan die matrose voorhou, belowe hy iets wat slegs God kan doen. Daardeur verhef hy hom eintlik tot die status van 'n God. Alhoewel hy sê dat die teken of wonder sal bevestig dat hy besig is met die uitvoering van God se wil, is hierdie daad van hom eintlik die toppunt van sy egoïsme. Met slim taktiek buit Dias die bygeloof van die matrose uit en gee hy voor dat dit nie gaan om sy wil nie, maar om God se wil:

Wát sal ons sien? Dit sal Hy self besluit. (p. 35)

Die drie dae lewer egter niks op nie. Die gevolge is vir Pedro en Infante ont-nugterend, maar nie vernietigend nie. Vir Dias is die gevolge ramspoedig. Pedro is bewus van die stryd waarin Dias in die drie dae moes verkeer het. Hy besef dat die einde van die tog vir Dias gebreek het. Daarom is hy met twyfel vervul of hulle die regte ding doen deur om te draai:

Ek het 'n man sien doodgaan voor my oë
drie dae lank; (p. 38)

en: Don Infante,
weet ons dit in ons hart ons moet nie verder? (p. 39)

Infante stel egter plig bo roeping en daarom verwyt hy Dias dat hy 'n teken afgedwing het. Teenoor die pligsmens staan Dias, die wilsmens. Hy besef egter nou dat hy te ver 'gewil' het, dat hy fouteer het:

..... ek het gelieg,
— dit mag ek nie gedoen het nie —
van tekens, ek het gespeel met julle,
ons lewens op 'n worp gestel (p. 40)

Tog worstel hy nog met die sin van sy 'wil'. Soos Pheiffer dit stel: "Hy moet nog altyd weet waarom; hy wil nie aanvaar dat dit sinloos is nie. Binne sy gedagte-wêreld en in terme van sý denke wil hy 'n antwoord kry" (1971: 14). En dan kom die insig: hy was nie vir hierdie vaart bestem nie, en daarom was God se teken om te swyg.

"Hy wou God dwing om hóm te kies en al die tyd wou God van hom nie die werk hê nie" (Pheiffer, 1971: 14). Daarom sê Dias nou:

Hy was nie stil, nie niks, nie dadeloos nie,
maar toornig — of Hy het Sy eie tyd:
van my, van my wou hy die werk nie hê nie (p. 41)

Die onsekerheid, die twyfel en vrees vir verganklikheid word met hierdie besef uit die weg geruim, en daarom wyk ook die bitterheid in Dias:

"Glo jy dat ek nog bitter sal kon dink,/ nou dat ek sekerheid gekry het? (p.

41) sê hy aan Infante. Daarom kan Dias hom nou versoen met die gedagte dat die taak volbring sal word deur andere wat ná hom sal kom:

Want ek was niks.
Ons sal hom na die storms noem. Of na die hoop
van dié wat ná ons kom.

(p. 42)

Alhoewel Dias nou daarin berus dat hy nie deur God uitverkies was om die seeweg na Indië te vind nie, het daar by hom nog nie insig gekom waarom hy geweeg en te lig gevind is vir hierdie taak nie.

7. DIAS SE INSIG

Tot hierdie insig sou Dias eers twaalf jaar later kom wanneer hy as kaptein van 'n skip onderweg is na Brazilië. Nou is hy nie meer 'n wilsmens nie, maar dank hy God dat Hy sy hart "sy sin geweier het tot op sy sterwensuur" (p. 49). Nou beseft hy dat sy ambisie verhoed het dat hy God se wil ken. Hy het nie sy opdrag as eerste prioriteit gestel nie, maar wel die vervulling van sy eie begeerte. In hierdie laaste sterwensoomblikke beseft Dias dat sy strewe onsuiver was; dat hy sy eie ek, sy wil eerste gestel het. Sy wil het nie rekening gehou met die wil van God nie. Selfs sy gebed, erken hy nou, was op homself gerig:

..... En hoe onmatig
eers tog, was ek in begeerte; onmatig
in hoon vir dié wat minder kon of wou.
Tót selfs my bid was tot my hart gerig
en tot my krag.

(p. 46)

En "dit is die hubris (hoogmoed), wat hom onvermydelik met die wette van God in botsing moes bring. Die mens wat te hoog wil strewe, sy medemens vergeet, en God se plan volgens eie begeerte interpreteer, dié gaan sy vernedering, so nie ondergang nie, tegemoet" (Pfeiffer, 1971: 15). Daarom kom Dias nou tot dié insig:

..... Ek was 'n klip;
ek was nie bouheer nie

(p. 46)

Behalwe dat Dias tot insig kom aangaande God se wil, sien hy ook nou die groot Raadsplan van God raak:

Vir elke daad is daar 'n tyd:
streef jy
alleen, dan breek jy. Heersend, stil en heerlik
trap bo-oor jou jou eeu, al haat jy hom

(p. 46)

Wanneer die dood in die vorm van 'n demoniese brander op Dias en sy skip

afstort, word die groot oomblik van singewing en vólmaking deur God in Dias bewerkstellig. Nou weet hy met absolute sekerheid dat God hom nie verwerp het nie; dat wat gebeur het God se wil met die mensekind Dias was; dat Hy hom uit die kern ryp gemaak het. Nou kan Dias transendeer bo eie "ek", bo tyd en ruimte, en in alle ootmoed en deemoed tot God bid:

..... Nou kan ek bid. God, hou
in hierdie laaste oomblik my gebed
gesuiwer soos dit nooit was in my dae

.....
leer U my bid; bid, bid U self in my,
en laat my dank dat U my vasgekeer
het en gevang, dat U my hart sy sin
geweier het tot op sy sterwensuur;
dat U tot op die laaste onervul
en onvoltooi gelaat het, God, dié hart
wat ek wou vul

(p. 49)

BRONNELYS

- Coetser, Johan 1987. Botsing in Dias van N.P. van Wyk Louw. *Klasgids*, jg. 22:3, Oktober.
- Kotze, J.M.W. 1973. Dias — nader beskou. *Klasgids*, jg. 8:2, Augustus.
- Kotze, J.M.W. 1973. Dias — elemente van botsing. *Klasgids*, 8:3, November.
- Kannemeyer, J.C. 1978. *Geskiedenis van die Afrikaanse literatuur*, band 1. Pretoria: Academica.
- Louw, N.P. van Wyk 1964. *Dias*. Vyfde druk. Kaapstad: Nasionale Boekhandel.
- Nienaber, P.J. 1966. *Beeld van 'n digter*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel.
- Ohlhoff, C.H.F. 1983. Dias (N.P. van Wyk Louw). *Tydskrif vir Letterkunde*, jg. XXI:3, Augustus.
- Pheiffer, R.H. 1971. *Dias en ander hoorspele*. Blokboek 6. Kaapstad: Academica.
- Prins, M.J. 1978. Dias as hoorspel oor die Wil van God. *Tydskrif vir Letterkunde*, jg. XVI:3, Augustus.
- Prins, M.J. 1984. Dias as hoorspel. *Klasgids*, jg. 19:3, Augustus.

M.E. Smith *Die Keiser* (Bartho Smit)

1. Bartho Smit se debuutdrama, *Moeder Hanna*, verskyn omstreeks 1958 en die dramaturg ontwikkel in die jare daarna as die mees produktiewe Sestigjarige om in hierdie genre te spesialiseer. In 1978 ontvang hy die Hertzogprys vir drama en 'n jaar later word die Perskorprys aan hom toegeken vir sy laaste drama, *Die Keiser*. Bartho Smit se dood in Desember 1986 laat 'n baie groot leemte in literêre- en teaterkringe.

2. Die ou-ou sprokie van Hans Christian Andersen oor die ydel keiser en sy beheptheid met 'n pragkostuum wat hy wou dra in die optog voor sy volk, vorm die elementêre verhaalgewewe waarom Bartho Smit se drama ontwikkel. Die dramaturg vertel in *Dolos* ('n literêre blad van die departement Afrikaans en Nederlands aan die UOVS) dat sy grootste probleem by die skryf van *Die Keiser* was "om 'n balans te vind tussen die sprokie, die fantastiese aan die een kant en die werklikheid aan die ander kant, met ander woorde om 'n wêreld te vind waarin klerebedrog ens. aanvaarbaar en geloofwaardig sou wees ... Die Wewers sou logies aanvaarbare verklarings moes kon gee vir elke wonderwerking van daardie kostuum" (1, 1980: 17, 18). Die stuk het egter self ook "saamgepraat" en die uiteindelige oplossing was 'n wonderwerwer uit ('n) Utopia wat boonop wetenskaplike en magiër (dromuitlêer/towenaar) is. Almal sou die geleerde wetenskaplike uitlegte glo, nie omdat hulle die verklaring begryp nie, maar "omdat die wetenskap die toorkuns van ons tyd is, het die Keiser en sy hof geen ander keuse as om minstens aan die móóntlikheid daarvan te glo nie" (Bartho Smit in 'n brief aan W.F. van Rooyen — kyk 7 in Bibliografie).

3. Die leser/gehoor kan nagaan hoe ook hierdie drama van Smit die kwessie van die "universele leuen" opneem; 'n kerninsig wat deur sy hele oeuvre loop (1, 1980: 17). In *Die Keiser* verkry die universele leuen egter nog groter prominensie omdat soveel werklikhede (wêrelde) betrek word: die sprokiesagtig-romantiese 17de euse tydperk aan 'n Franse hof, sowel as die moderne 20ste euse aktualiteite in Afrika. Sonder om te blik of te bloos, speel al die karakters buiten die Hofnar in die klerebedrogspel en sweer almal saam teen die Keiser. Maar ook kom die selfbedrog van die Keiser aan die lig — deur die waarheid word hy van sy naakte menswees bewus, gestroop van alle ydelheid en valse trots verwerf hy die insig wat in hierdie drama tematies met die verhaal van die sondeval in verband gebring is — kyk Tekst p. 54. Uiteindelik lei die fiktiewe wêreld hier opgeroep die leser/toeskouer tot die besef dat alle valse voorgee tevergeefs is, want slegs die waarheid tel: Ontdaan van alle windsels en uiterlike vertoon staan die mens, binne werklikheid én fiksie, uiteindelik naak voor sy eie gewete; uitgelewer aan die oordeel van diegene wat verantwoording van hom kan eis — "KEISER: Dit is nie dít nie. Dis nie wat die mense van mí sal dink of sê nie ... Ek mag hulle nie in hulle Kéiser teleurstel nie" (p. 54). Deur die ontmaskering en selfs die dood van die leuenaars word 'n ganse heersersklas met hul valse waardesisteme aan die kaak gestel. Daarom tref hierdie drama die leser/toeskouer eintlik as 'n satire op die méns (water rang of stand hy ook mag beklee) wat in bedrogspel verstrik raak om die skyn te bewaar. Elkeen vertolk die bedrieërsrol meesterlik bloot om sy ambisies te bevredig — vgl. as voorbeeld in hierdie verband die Wewer wat as leier van die opstand ontpop. Indirek word ook die sosio-politiese wanpraktyke, wat deur die eeue heen aanwesig gebly het, gekritiseer, nl. die

idee van die honger, armoedige massa (gepeupel) wat gebuk gaan onder die maghebbers se sug na die materiële rykdomme en aansien binne 'n uitgesoekte elitegroep wat net so in selfbedrog en korrupsie lewe:

('n Oomblik gebeur daar niks. Dan kom Kim en nog 'n soldaat binne met Kultuur en die Maarskalk se koppe op swaardpunte, gevolg deur Diplomaat. Die Keiserin gil en word flou op haar troon. Die Keiser en die Nar staar verslae na die koppe.)

KEISER: Iemand moet my wakker maak. Ek het 'n verskriklike droom. Nar ...
WEWER: Dis nie 'n droom nie, U Majesteit. Dis die werklikheid.
KEISER: Wie het dit gedoen?
TIENGELIENG: Die volk, o Keiser.

* * * * *

WEWER: Hulle het hoogverraad gepleeg, U Majesteit.
KEISER: Dit gló ek nie.
TIENGELIENG: Dis die heilige waarheid, o Keiser.
WEWER: Hulle het U Majesteit se kop aangebied vir hulle eie vryheid.

* * * * *

KEISERIN: Sy Majesteit het net verlede week nog besluit dat hy sélf wil gaan kyk wat aangaan in sy land.
KEISER: Ja.
WEWER: Ons wéét, U Majesteit. Maar daardie twee (*hy wys na die koppe*) sou u nie laat gaan het nie.
TIENGELIENG: Daar was te veel wat hulle vir u moes wegsteek.
KEISER: Wat?
WEWER: (*loop na die venster*): As u hier deur die venster kom kyk, U Majesteit, na die volk wat gekom het om aan u hulde te bring — dan sal u sien.
KEISER: (*ongelowig*): Jy sê — dis my vólk daardie?
TIENGELIENG: Ja, o Keiser.
KEISER: (*kan sy oë nie glo nie*): Ek het opdrag gegee dat die volk gekleed en gevoed moet word soos óns hier aan die Hof.
TIENGELIENG: Ons weet, o Keiser.
KEISER: Maar dáárdie mense is in vodde geklee — hulle is káál!
WEWER: Daar was nie geld om vir hulle klere te gee nie.
TIENGELIENG: Of kos nie.
WEWER: Wat dink U Majesteit het dit gekos om hierdie Hof en stad die beskaafste plek op aarde te maak? Om vir één enkele week se feesvierings daardie Paleisstad te bou, met al sy replikas van goue paleise? En al die goue standbeelde, en die goue monumente, en daardie twee goue trone?
KEISERIN: Hulle het vir ons gesê die goud en goed kom alles uit ons myne uit — en daar's genoeg.
WEWER: Dit kóm uit ons myne uit, Majesteit. Daardie mense het dit vir hulle daar uitgehaal. Maar dis die goud en die geld waarmee daar vir die volk kos en klere gekoop moes word.

4. Deur die kardinaal belangrike rol van die Hofnar sorg die dramaturg dat *Die Keiser* tot 'n breë verwysingsveld uitkring — ooreenkomstig met dra-

mas van Shakespeare en die universeel geldende sprokie met die tema van leuen teenoor waarheid bring kenmerke van die moraliteitspel en die tragi-komedie tuis in die Afrikaanse dramarepetoire.

Die groot vertolker van die universele waarheid word as Hofnar gekamoe-fleer. Weens sy eerlikheid word hy opgesluit en gemartel, maar kom uitein-delik tot sy reg; veral ook in 'n verpersoonliking van die onvernietigbare kunstenaar wat nie onder die vooraanstaandes van 'n staat gereken word nie, maar die begaafde is wat almal moet vermaak sonder om nóg vir hom-self nóg vir ander te lieg. Die sentrale insigte en waardes word subtiel oor-gebring met behulp van betekenisryke en spitsvondig-poëtiese dialoog wat die Hofnar kwytraak. Met hierdie en ander dramatiese kwaliteite word die sprokie uitgebou om kommentaar te lewer op die dubbele standaarde wat feitlik oral en altyd as toelaatbaar beskou is, "in die VVO en die wêreldpoli-tiek" en volgens die dramaturg ook "in die verval wat al die afgelope 75 jaar blyk t.o.v. ons sedelike en Christelike norme omdat die waarheid geen rol meer speel nie" (9).

4.1 *Die Keiser* dra verder die eienskappe van die boereklug, maar die doel en middele tot die doel is soortgelyk aan dié van die tragi-komedie, nl. die uitbeelding van innerlike handeling en konflik op 'n satiriese of lughartig-spottende wyse ten einde bepaalde lewenswysshede of 'n lering oor te dra. Vgl. weer die funksionaliteit van die Hofnar wat in allegoriese sin simbool is van onskuld en waarheid, maar ook vermaak en teregwysing kombineer — alles in baie goeie gees. Die Keiser, as ander belangrikste figuur, word gekonfronteer met die morele kwessie van waarheid/leuen, sowel as met die haglike maatskaplike toestande waarin die volk verkeer. Hy word dus gedwing om 'n keuse te maak en hieruit spruit sy innerlike konflik en hande-ling. (Dié feite verklaar ook die sorg wat die dramaturg dra om hom so volle-dig en gemotiveerd as moontlik te karakteriseer).

In aansluiting by Martie Muller se bespreking van die "gestalterol" van die *dramatis personae* in *Die Keiser* (kyk 6 in die bibliografie) word opgemerk dat daar van sommige tradisioneel aanvaarbare wesenstrekke van die ouer dramasoorte afgewyk is: nie al die hooffigure in *Die Keiser* kry as ronde (vol-ledig menslike) karakters gestalte nie; hulle verteenwoordig die bepaalde tipes wat in 'n keiserlike hof aangetref is. Die Keiser as protagonis en die Hofnar as tritagonis ontwikkel egter tot meer as blote tipes. Deur die verloop van die drama groei hulle tot geloofbare eg menslike persone wat worstel met die waarheidsproblematiek en lewenswaardes — waarmee mense deur al die eeue heen gekonfronteer is — om dieper insigte en rypheid tot lering van ander te openbaar.

Voorts word die situasie en gebeure ook nie soos gebruiklik weergegee as aan 'n vaste tyd en plek verbonde nie (hier word die plek- en tydsaanduiding eintlik verskaf om aan te dui hoe universeel die kerninsigte toegepas kan word): die gebeure word voltrek in 'n eietydse maar fiktiewe Afrikastaat,

dog die agtergrondsinkleding en kleredrag dra die stempel van die laat sewentiende eeu in Frankryk.

4.2 *Die Keiser* toon ook trekke van die meer moderne eksperimentele teaterstuk, maar vir die doel van hierdie aantekeninge sal gekonsentreer word op die meer algemeen aanvaarde struktuurprinsipe en fases.

Met die begin en uiteensetting (eksposisionele fase) word die opset, intriges en verloop gesuggereer en/of in die dialoog tussen die karakters duidelik geopenbaar, vgl. veral in bedryf 1 die tonele tussen Kultuur, Veldmaarskalk, die Diplomaat en die Hofnar. Hier vind die leser/gehoor twee feitlik ewe belangrike (gelykwaardige) intriges; die een m.b.t. die Keiser en sy kostuum en die ander wat handel oor die versetbeweging. "Die dramaturg sorg egter vir handelingseenheid en 'n knap vereniging van twee verhaallyne wanneer die Wewer die Keiser se rol wil oorneem, juis deur die gesagsimbool van sy werklike kostuum aan te trek" (5, 1980: 13).

4.3 Die verwikkeling en/of ontwikkelingsfases impliseer ook dat die intriges en konflik aangroei. Gevolglik verhewig die spanning en die dramatiese handeling word verder gevoer. Uiterlike handeling vind plaas in die vorm van sigbare spel: Die leuens word duidelik uitgedruk in die mimiek van die Wewers én die ander karakters se deelname en verbeeldingryke liegtery wat die klugspel tot 'n uiterste voer — Lees weer die volgende teksgedeelte ter illustrasie:

- DIPLOMAAT: Die materiaal, die snit, daardie knope ... (*Kultuur en die Maarskalk se oë rek wyd as hulle besef dat hulle net 'n kaal pop sien. Wanneer hulle net hierna die onsigbare klere begin sien — ook die Keiser en Keiserin later — is daar iets wanhopigs in hul toneelspel. Slegs Diplomaat is op sy gemak, omdat hy weet waaroor alles gaan.*) Dis ongelóóflik ...
- KULTUUR: Jongman, ek het nie woorde nie.
- MAARSKALK: Presies.
- KULTUUR: Dit was 'n wyse besluit om Sy Majesteit se styl te behou; 'n wyse besluit.
- MAARSKALK: Beslis.
- KULTUUR: Sy Majesteit verafsku die klerelose modes van ons dekadente eeu. Daardie onderbaadjie is 'n pragstuk.
- MAARSKALK: Dis nou sommer wragtig mooi.

* * * * *

- KULTUUR: En dit knoop toe van bo tot onder — die onderbaadjie, bedoel ek?
- KULTUUR: Met diamante vir knope — of misgis ek my?
- WEWER: Bloudiamante.
- HOFNAR: Die symste diamante wat u Ydele vir hulle gegé het vir die knope.
- DIPLOMAAT: Ek wou mos sê hulle lyk vir my soos bloudiamante.
- MAARSKALK: Hulle lyk vir my 'n bietjie groot vir bloudiamante.
- KULTUUR: (*ondersoek die knope deur sy monokel*): Dis inderdaad bloudiamante.
- WEWER: Drie vir elke knoop.
- TIENGELIENG: Ja, u Edeles, elke knoop bestaan uit drie diamante — soos u sal sien

- as u mooi kyk.
- MAARSKALK: Drie?!
- TIENGELIENG: Ja, Maarskalk.
- MAARSKALK: Nou lêg jy mos, Vroumens!
- TIENGELIENG: Maarskalk?
- MAARSKALK: Ek sien net één diamant in elke knoop.
- DIPLOMAAT: Om die waarheid te sê — ek ook. Maar ek weet ook nie so mooi nie. Hulle is te groot vir een.
- KULTUUR: (*bekyk die knope deur sy vergrootglas*): Een ... twee ... Daar's inderdaad drie.
- MAARSKALK: Laat ek sien. (*Hy neem Kultuur se vergrootglas en kyk.*) Slaat my dood. Dis wragtig drie.
- DIPLOMAAT: Ongelooflik.
- MAARSKALK: (*gee Kultuur se vergrootglas terug*): Ek sou gesweer het dis een.

Veral word ook handeling herlei vanuit innerlike motivering ná of tydens konfliktsituasies. In hierdie drama spruit dit uit die botsende ambisies en teenstrydige sosio-politiese waardesisteme van die karakters, vgl. die optrede en uitlatings van die een téén die ander ten einde 'n portefeulje vir eie gewin te bevorder. Die tweestryd in die Keiser se gemoed sorg ook vir spanning wat die handeling gemotiveerd laat ontwikkel en vir sy uiteindelijke kragdadige optrede — al is dit dan eers nádat die uiterlike konflik van die dreigende volksofstand en die versetbeweging onder leiding van die Groen Tier as uiteindelijke dryfveer dien.

So funksioneer (figureer) konflik en handeling ook in diens van karakterontwikkeling en -openbaring, let op die reaksie van die Hofnar en die Keiser wanneer hulle die naakte waarheid in die gesig staar en hulle inherente eerlikheid en goeie bedoelings aan die lig kom.

4.4 Alles stuur uiteindelik af op die krisis in die vierde bedryf met die ingrypende binnekoms van die soldate met die koppe van Kultuur en die Maarskalk op swaardpunte. "In die vierde bedryf is daar 'n sterk dramatiese wending wat eers na 'n teenstrydigheid lyk, maar tog uiteindelik die logiese gevolgtrekking is van die tema soos dit aan die begin gestel word" (10). Dié sentrale insig lees ons af, nl. dat op die pad van die waarheid geestelike grootheid verseker is; al bring dit stryd en lyding mee, 'n hele oormag of volk sal uiteindelik voor die waarheid buig. En die Hofnar se optrede dui daarop dat dit te alle tye 'n gerusstellende wete is dat al is die waarheid "kaal", dit eerder as "piekfyn", "mooi" en veredelend vertolk kan word. Lees gerus weer die dialoog van die Hofnar aan die einde van die derde bedryf.

En na die klimaksoomblik dat die Keiser uit die floute opstaan en in die optog sy oordeel tegemoet loop, volg die ommekeer met die aanbidding deur die volk in plaas van die gevreesde verguising en verwerping. Daarop sorg die emosionele reaksie van die Hofnar vir die slot as relatief gelukkige einde van 'n "sprokie(s)"drama.

5. Saam met die bogenoemde (gebruiklike) aspekte van die drama sorg die onontbeerlike dramatiese ironie (en die reeds genoemde satiriese inslag) vir 'n betekenisryke — meerdimensionele — geheel waarin verskeie wêreld, tydperke of tye en ook ander bekende tekste betrek word: "deurentyd is die ironie (wat wissel van die ligste spel tot onthutsende erns; van amper klug tot amper tragedie) primêr ingestel op die medium van die teater self. Dus alles is hier spel (selfs skou-spel) en tot voorstelling ... 'n spel van ironiese spanninge" (2).

Hierdie drama van Smit bied vir beide leser en gehoor 'n boeiende en vermaaklike ervaring. Verskeie opvoerings het reeds bewys dat *Die Keiser* nie slegs as uitmuntende literêre werk kwalifiseer nie; die komiese trekke sorg vir 'n aanslag wat 'n gehoor van wyd uiteenlopende smake betrokke hou en ongemerk vind 'n verdieping plaas — met immer aktuele insigte in dramatiese vorm behandel — om 'n onvergeetlike indruk te laat.

Moontlike vrae

LEES DIE DRAMA WEER 'N KEER OF WAT DEUR EN BEANTWOORD DAN DIE ONDERSTAANDE VRAE IN U EIE WOORDE, MAAR AAN DIE HAND VAN DIE TEKS ËN DALK OOK DIE GEDAGTES IN DIE BOSTAANDE GEDEELTE —

1. Omskryf die sentrale insig (tema) van *Die Keiser* in u eie woorde en in nie meer as drie reëls nie.
2. Verduidelik op watter effektiewe wyse(s), eie aan die dramatiese karakter van 'n toneelstuk, word die leser/gehoor aan die begin van *Die Keiser* op die hoogte van sake gebring? Antwoord in nagenoeg vyf reëls.
3. Sê kortliks (in nie meer as drie reëls nie) hoe daar soos die drama vorder, te werk gegaan is om noodsaaklike inligting in verband met karakters, tydsverloop en verdere verwickelinge tuis te bring.
4. Verduidelik volledig in nagenoeg vyf tot sewe reëls watter plek milieu-beelding en verhooginkleding in die drama as geheel inneem.
5. Bevredig die laaste handelingsgeheel u as die noodwendige afsluiting van die intrige(s)? Sê volledig in ongeveer vyf reëls waarom u so dink. Motiveer gerus ook maar u antwoord aan die hand van die teks.
6. Sê kortliks en in u eie woorde waarin die botsing (konflik) in *Die Keiser* geleë is?
7. Van watter metodes (tegnieke eie aan 'n literêre werk) maak die dramaturg gebruik om die karakters uit te beeld en hul karakterverandering (-ontwikkeling) te suggereer? Antwoord in nagenoeg vier tot vyf reëls.
8. Lewer kortliks kommentaar oor die rol van die Hofnar met betrekking tot (1) die sentrale insig, (2) as universele vertolker van erns en luim. Motiveer u antwoord gerus aan die hand van voorbeelde (en of aanha-

lings) uit die teks. Antwoord in vyf tot sewe reëls.

Lys van geraadpleegde bronne

1. Bartho Smit oor *Die Keiser* in *Dolos* 3(2). 1980. Bloemfontein: Universiteit van die OVS.
2. Brink, André P. 1978. "Keiser" allig Smit se gaafste drama in *Rapport*, 29 Januarie.
3. Conradie, P.J. 1976. *Hoe om 'n drama te ontleed*. Pretoria: Academica.
4. Johl, R. 1978. Sprokie word drama in *Die Volksblad*, 10 Mei.
5. Malan, Charles. 1980. "Die Keiser" — 'n Analise Studia-reeks nr. 1.
6. Muller, Martie. 1987. "Die Keiser" in *Tydskrif vir Letterkunde*, Mei.
7. *Sestigters in woord en beeld*: Bartho Smit met 'n kritiese waardering deur Charles Malan 1984 Johannesburg: Perskor.
8. Smit, Bartho. 1982. *Die Keiser*. Johannesburg: Perskor.
9. Van Rooyen, A. 1978. Lewenswyse wat 'n leuen geword het. *Oosterlig*.
10. "X se dagboek bly 'n non-entiteit". 1978. *Oggendblad* 30 Junie.

Henning Pieterse *Germanicus* (N.P. van Wyk Louw)

1 Inleiding

Germanicus word allerweë as voorbeeld van Jesus Christus gesien. Net soos Dias die wegberaier van 'n nuwe era in die mens-geskiedenis markeer, verteenwoordig Germanicus die inleier van die Christendom waar menslikheid en liefde die botoon voer.

Met 'n teenspeler soos Piso wat die wil om te heers en die trotsheid van die Ryk uitbeeld, word die menslikheid van Germanicus geaksentueer en sodoende kom twee wêreld teenoor mekaar te staan, naamlik die heidenendom en die Christendom. Germanicus is juis van mening dat hy weens sy menslike beperktheid nie in staat sou wees om van die dom gepeupel weer mense te kan maak nie. Die sterk hand van 'n god sou hiervoor nodig wees. Reeds hierin lê die suggestie dat daar 'n nuwe bedeling in die vooruitsig gestel word.

2 Die subtiele voorbereiding van die nuwe in die teks

Dit is nie slegs die slottoneel wat die leser bewus maak van die "ryp waansin" nie. Reeds van die eerste toneel ontstaan die vermoede dat iets nuuts verwag word. Alle groepe glo dat dinge moet verander. Almal sien Germanicus as die verlosser, maar elkeen sien die eindwerklikheid ooreenkomstig die strewe van sy groep.

Die Eerste Soldaat se openingswoorde lê onmiddellik 'n verwagting vir die toekoms bloot: "Almal mor en kook vannag. Dit kom/ Ek voel dit" (p. 1). Die onpersoonlike verwysing na iets wat gaan gebeur, laat ruimte vir meer as een interpretasie. Die onmiddellike beduidenis daarvan raak die toene-

mende onrus in die Ryk en die daarmee gepaardgaande hoop op verbetering. Indirek verwys dit na die nuwe waarvoor Germanicus eindelijk sou sterf.

Met die aankondiging van Augustus se dood, klink die Derde Soldaat se woorde op: "Vannag, nou, slaan ons uur!" (p. 7).

Die tipies Bybelse verwysing na die aanbreek van iets groots, vestig die aandag op die gedetermineerdheid van die soldate om na Rome op te ruk en die ongewilde en wrede Tiberius wat tans die rol van keiser speel, van die troon te verwilder.

Germanicus wat nie met sy manne praat terwyl hulle opgesweep is nie, sê: "Gaan na jul vure,/ gaan tente toe en rus. En môre ..." (p. 11). Hierdie onvoltooide belofte word ontevrede afgemaak as goedkoop stories. Hulle glo dat Germanicus te maklik aarsel. As die belofte dan kom, las die soldate soos dit hul pas die res by. Germanicus wil niks belowe nie en daarom sê hy niks van die tog Rome toe nie. Uit vrees dat die soldate meer daarin sal sien, wat dan toe ook so was, sê hy: "Gaan na julle tente. Môre trek ons uit./ Eers noord!" (p. 15). Direk hierna waarsku Piso Germanicus met die woorde: "Hulle glo dat iets beloof is" (p. 16).

In toneel 2 is Lucius vas oortuig dat Germanicus hulle nie in die steek sal laat nie. Ook hy glo dat daar iets beters aan die kom is. Hy sê aan Piso dat Germanicus die Ryk sal lei: "na die vryheid waar die Romeinse ras/weer bo die aarde soos 'n den sal staan" (p. 18). Die den is nie net bekend vir sy hoë groei nie, maar ook vir sy groen naalde wat kan steek (verdedig?). Die groen kleur van die den sluit by die slottoneel se *donkergroen valleï* (my kursivering) aan, wat simbool van onsterflikheid word.

In die vierde toneel waar die sekretaris met sy skryfwerk besig is, vertel 'n opgewonde offisier aan hom: "Toe sien Germanicus *agt arende*/ draai bo ons, koers-vat na die woud./ Volg die Romeinse voëls soos ek hul volg!" (p. 35). Die arend is volgens Evans (1983: 372) binne Romeinse konteks die voël van Jupiter ("and was borne on their military standards"). Hiervolgens kry die arend 'n militêre konnotasie. Jupiter was die beheerder van die gang van die menslike lotgevalle. Evans beweer op dieselfde bladsy dat die arend die simbool van *onsterflikheid* is (my kursivering). Die teken van die arende is in die lig van bogenoemde 'n positiewe teken en reeds hier al word onsterflikheid; iets wat werklikheid word in die slottoneel, gesuggereer.

Ook Segestes is ontevrede met die huidige situasie en vra rus en vrede: "Laat ons, die swakkes/ wat tussen die twee stene van die meul/ in hierdie tyd beland het, êrens rus kry/ in die groot Ryk" (p. 44).

Germanicus weet dat hy as mens nie die wêreld kan verbeter nie en gebruik dit as verskoning om nie die mag te gryp nie: "Een sou kon kom wat daarvan mense maak,/ weer mense maak, — hy sou 'n god moet wees,/ of anders sou hy ..." (p. 56).

Waar Germanicus en Piso in die voorlaaste toneel, na die feesmaal in Petra in gesprek verkeer, begin die toekomsverwagting helder gestalte kry. Ger-

manicus laat hom uit oor sy betrokkenheid by ander godsdienste en beweer dat elke godsdiens sy sin en doel het; nie slegs Romein-wees is dit wat tel nie: "is dit net waansin, prut van warm wasems/ ondergang en eindelose verrotting?/ of warm teelgrond, geil van stank en stoom/ vir nuwe werklikheid wat ons nie ken?" (p. 98).

Die volgende woorde van Germanicus aan Piso laat 'n mens dink aan die toekomsverwagting wat in Gesang 177 uitgespreek word: "Ek voel-voel na iets in die gemors .../ ek sien iets nuuts, iets mensliks êrens skemer .../ dalk is "Romein" ook nie die laaste woord" (p. 98).

Christus, die vleesgeworde Woord, is die alfa en die omega, die eerste en die laaste. Aan die einde net voordat Piso finaal afskeid van Germanicus neem, sê hy: "Jy was vir my die eerste en laaste woord" (p. 112). Hier is 'n subtiele heenwysing na die Christendom wat wel ook die "eerste" en die "laaste" Woord is (vgl. Joh. 1:1: "In die begin was die Woord daar, en die Woord was by God, en die Woord was self God").

3 Die rol van die hooftoneelaanwysing in die slottoneel

Die doel van die toneelaanwysing aan die begin van die slottoneel is nie slegs om die gebeure binne 'n bepaalde ruimte en 'n bepaalde tyd te plaas nie, maar het iets te sê oor die strekking van die toneel:

"'n maand of wat later. Teen sonsondergang. Voor die tempel van Apollo by Daphne, vier myl van Antiochië aan die Orontes, hoofstad van die Ooste. Soldaat staan op wag. Ou offisier kom op."

Die sonsondergang dui op Germanicus se dood, maar sinspeel ook op die daarmee gepaardgaande ondergang van die Ryk wat in die sand doodloop. Die donker kan ook op die tydelikheid van die menslike bestaan dui. Die feit dat Germanicus se sterwenstoneel voor 'n tempel afspeel, is betekenisvol, aangesien hy self 'n offer word. In hierdie opsig kan sy sterwe met Christus se dood in verband gebring word, aangesien nóg Germanicus, nóg Christus menslik gesproke die dood verdien het. Germanicus se dood is 'n offer in diens van 'n nuwe bedeling van reg en geregtigheid.

Dat Germanicus 'n tragiese figuur is, blyk duidelik uit die feit dat hy juis voor die tempel van Apollo sterf. Volgens Evans (1983: 42), is Apollo die god van musiek, poësie, profesie en gesondmakende krag. Apollo is ook die beeld van manlike skoonheid. In plaas daarvan dat Germanicus, wat volgens die dokter 'n liggaamlike mooi mens is, deur die mag van Apollo se gesondmakende krag genees, sterf hy. Die feit dat Apollo met profesie te doen het, sluit nou aan by die profetiese trek wat die drama openbaar, veral in die slottoneel.

Antiochië het in die vroeë Christendom 'n belangrike rol by die verkondiging van die Woord gespeel. Paulus se eerste twee sendingreise het in Antiochië begin. Volgens Gispén (1977, deel 1: 44) is Antiochië ook die stad waar die dissipels vir die eerste keer Christene genoem is.

Daphne is 'n voorstad van Antiochië, geleë aan die Orontesrivier. Dit is 'n

pragtige landskap, 'n natuurparadys, en word deur talle heiligdomme omring (Gispen, 1977, deel 1: 152). Die olyfboom is in die gebied 'n bekende gesig, vandaar die woorde van 'n ander stem: "Daar kom die voorste glans reeds deur die boorde" (p. 106). Die olyfboom is volgens Gispen (1977, deel 2: 485) 'n immergroen boom, plus minus tien meter hoog wat veral voorkom in die Middellandse See-gebiede. Die olyf is die simbool van onsterflikheid en staan ook as die embleem van Apollo bekend (Cooper, 1984: 122). 'n Verdere bewys dat die olyf op lewe en onsterflikheid dui, is die eenvoudige voorbeeld van die duif uit die Ou Testament wat toe die vloedwaters besig was om te sak, 'n olyfblaar as bewys van die nuwe lewe vir Noag gebring het. Die slottoneel se hooftoneelaanwysing plaas die leser of hoorder midde in die sfeer van die nuwe wat aan die kom is en dit is betekenisvol dat Germanicus juis in die omgewing sterf.

4 iets van die "ryp waansin"

Op p. 104 sê die offisier vir die soldaat: "In hierdie stad, in hierdie hele Ooste/ is daar iets van die ryp waansin,/ iets wat ek vrees, want ek is maar Romein;" Hierdie ryp waansin dui op die tyd wat ryp geword het vir die komende Christendom. Dieselfde offisier het vir Germanicus 'n scarabeus van die Oosterlinge gebring. Hierop het Germanicus die volgende te sê gehad: "en als/ is vrugbaar soos 'n vloer vol koel blou mis" (p. 109). Die scarabeus word in verband met vrugbaarheid en ewige voortbestaan gebring (vgl. ook die fakkels, die arende en die olyf).

As Germanicus dan ondersteun word om vars lug te kry, sê hy: "Hoe heerlik lê die aand/ in hierdie donkergroen vallei, dis als/ olyf — en kyk, tot aan my vingerpunte/ groen" (p. 105). Dit is asof die nuwe of ewige lewe tasbaar (voelbaar) vir hom word. Hy reik daarna uit, maar is nog self nie deel daarvan nie. Dit herinner aan Moses wat voor sy dood die beloofde land kon sien, maar self nooit die voorreg gehad het om dit te kon bewoon nie.

Die Oosterlinge wat al hoe nader kom met die brandende fakkels, laat 'n mens dink aan die volgende woorde in die hooftoneelaanwysing van die begintoneel: "Die gloed van ander vure is sigbaar". Dit sluit aan by die gloed wat van die pelgrims se fakkels afkomstig is, in hul opmars om Germanicus te aanbid. Die offisier sê: "en iets, 'n stil gebed/ het tussen al die fakkels uitgeflikker" (p. 108) Die Oosterlinge wil sien dat hul verlosser leef! Maar Germanicus vertrou dit nie aangesien hy ook die klank van oorlogsopmars herken. Daarom laat hy wagte opstel. Die opstand in toneel een, 'n opstand teen die Ryk, het ontaard in die waansin van die Oosterlinge en Germanicus sê ook: "My sterf selfs word 'n opstand teen die Ryk". (p. 107).

Die fakkels wat volgens Cooper (1984: 174) binne Romeinse konteks die simbool van: "the light of the world to come" is, dui net soos die scarabeus, die arende en die olyf, op die lig van die komende bedeling.

Die feit dat Piso en Germanicus mekaar nooit werklik kan vind nie, laat Ger-

manicus sê: "dit maak nie saak, want niks sluit gans en al, / niks is tog gaaf en suiwer aan die aarde" (p. 113). Hy bevestig sy hoop met die woorde: "En dalk gaan niks verlore nie" (p. 116).

5 Raakpunte tussen "Germanicus" en die Joodse Messias-verwagting

Die Jode het 'n aardse verlosser verwag. Daarom het hulle geglo toe Christus gebore is, dat Hy die koning sou wees. Met die kruisiging het dit duidelik geword dat hulle hul rug op die "koning" gedraai het. Germanicus se familie en vertroueling verwag ook van hom om die mag te gryp en sodoende weer vrede in die Ryk te bring. Aan die einde toe hy weier, draai Piso sy rug op hom en sê: "en daarom moet ons sterf. En daarom hier/ hoon en hoon ek jou hier waar jy sterf..." (p. 111). Soos die Jode van ouds, draai ook die Republikeine hul rug op Germanicus. Soos Judas Hom verrai het, hoon Piso Germanicus hier aan die einde.

Die aardse gebondenheid van die Oosterlinge kom duidelik na vore in die woorde van die offisier aan Germanicus: "Die mense het U lief. Hulle wil U sien/ Hulle wil net enkeles stuur wat gou en stil/ verby sal loop, U sien en sien u leef;/ dan sal hulle weggaan" (p. 108). Selfs die Oosterlinge sien in Germanicus 'n verlosserfiguur, soos die Jode 'n aardse saligmaker in Jesus gesien het.

6 Slot

Ten slotte kan daarop gewys word dat die toekomsverwagting in "Germanicus" vanaf die rasonale na die emosionele keer. Eers is daar die beredeneerde uitsprake van die soldate se motivering dat Germanicus die mag moet gryp. Hoe verder die gebeure ontwikkel, hoe meer emosioneel raak hulle: Lucius byvoorbeeld sterf liever in die slag en Marcus pleeg selfmoord. Livia besef die gevaar ná Germanicus se oorwinning en sy maak van haar lis gebruik om hom met behulp van die dokter te vergiftig. Tiberius besef ook die gevaar en besluit om Germanicus liever ver weg na die Ooste te stuur, maar hy stuur Piso saam. Hy weet dat Piso Germanicus sal doodmaak as hy die mag nie wil gryp nie. Tiberius weet ook weens al die fluisteringe in die Ryk dat Germanicus nie van plan was om die mag te gryp nie. Daar is dus 'n dubbele sameswering teen hom. Heel aan die einde bereik die emosionele 'n hoogtepunt met die redelose waansin van die Oosterlinge.

Verwysings

- Cooper, J.C. 1984. *An Illustrated Encyclopaedia of Traditional Symbols*. London: Thames and Hudson.
- Evans, I.H. 1983. *Brewer's Dictionary of Phrase and Fable*. London: Cassell Ltd.
- Gispen, W.H. (Red.). 1977. *Bybelse Ensiklopedie*. Deel 1 en deel 2. Kaapstad: Verenigde Protestantse Uitgewers.

Die teks waaruit aangehaal is, is die 1984-uitgawe; negende druk van *Germanicus*.

